

## 2. Verbuiging van b.nwe.

Ons kan praat van:

1. Jan is **lomp**, of:

2. Jan is 'n **lompe** lummel.

In die tweede sin het die b.nw. **lomp** 'n e bygekry. Die woord **lomp** is dus **verbuig**.

Kyk nou weer na die volgende:

Die arm mense (besit weinig)	die arme mense (besit weinig of veel, maar is te bejammer)
'n rein hart (sonder onreinheid)	die reine waarheid (onvervals)
die stom seun (kan nie praat nie)	die stomme seun (se lot is hard, of hy kan praat of nie)
os moere (kan vasgedraai word)	op losse voet (sonder behoorlike kontrak of akkoord)
duur klere (kos baie geld)	dure lesse (leer 'n mens met skade, skande en verdriet).

Wat merk julle op? In die eerste lysie word die b.nwe. **arm, rein, stom, los** en **duur** *letterlik* gebruik. In die tweede lysie word hulle *figuurlik* gebruik, d.w.s. daar kom **beeldspraak** by.

Maak nou seker dat julle die gebruik van die b.nwe. in die volgende lys ken:

in stom seun (kan nie praat nie)	'n stomme seun (is bejammerenswaardig)
'n seker middel (wat met welslae aangewend kan word)	'n sekere middel (die een of ander waarvan die naam nie genoem word nie)
een Marais was ook daar (net een, moontlik uit vele; 'n telwoord)	ene Marais (wat jou nie nader bekend is nie of van wie jy min dink)
trots ouers (is lelik hoogmoedig)	trotse ouers (wat trots voel, bv. op 'n seun)
grys mense (met grys hare)	die gryse ouderdom (eerbiedwaardige)
skoon klere en liggame	dis van skone (pure) slegtigheid
mal mense	in sy malle verstand (in)
bitter medisyne	bittere beproewinge
kort dae en lang nagte	lange jare van vereensaming
ryp vrugte	rype ondervinding
teer hande	tere gemoed
vol sakke	by sy volle verstand
suiwer wyn	die suiwere waarheid
lang toue	op lange laas
'n flou liggie	'n floue begrip van iets hê
'n waar storie	die ware Jakob
'n fris kêrel	'n frisse styl
'n elk geval (hoe dit ook al sy)	in elke geval (= alle gevalle)
'n gek vent (is mal)	'n gekke vent (is snaaks of verspot)
'n ver ent pad	in die verre toekoms
diep slote	diepe minagting
diep water, riviere	Sy weë lei soms die mens deur diepe watere
'n duister kamer	die duistere toekoms
bang mense	'n bange nag vol kommer,

Daar is 'n paar b.nwe. wat baie dikwels sonder -e (-te) verskyn, hoewel ons eintlik die verboë vorm verwag. D. F. Malherbe skryf van „sy moeg lyf” en „moeg osse”; die Bybel praat van „moeg diere”, maar **moeë** word algemeen gesê en geskryf.

Maar 'n *sleg vent* en 'n *vas boordjie* is nie algemeen genoeg vir beskaafde gebruik nie. Hou dus maar liever by:

<b>slegte ding</b>	<b>vaste geloof</b>
<b>vae antwoorde</b>	<b>vroeë ure</b>
<b>'n sluwe vent</b>	<b>'n strawwe winter</b>
<b>ruwe spel</b>	<b>growwe sout</b>

*Ou verboë vorme:*

Soos by die s.nw. het daar ook by die b.nw. ou vorme oorgebly uit 'n tyd toe woorde aparte vorme vir verskillende sinsverhoudinge gekry het.

Die vorme van die b.nw. het op -n of -r uitgegaan:

<b>tegelykertyd (terselfdertyd)</b> (vergelyk: gelyktydig)		
<b>te goeder trou handel, of te kwader trou</b>		
<b>op heter daad betrap word</b>		
<b>iemand van ganser harte gelukwens</b>		
<b>te geleener (of geleëner) tyd iets aanpak</b>		
<b>onverrigter sake êrens vandaan terugkeer</b>		
<b>velerlei kwaad op jou kerfstok hê</b>		
<b>in koelen bloede moord pleeg</b>		
<b>in aller yl</b>	<b>deser dae</b>	<b>ouder gewoonte</b>
<b>saliger nagedagtenis</b>		<b>ons liewe(n) Heer</b>

## Die trappe van vergelyking

Die noukeurigste vergelyking word met syfers uitgedruk:

Die een kry drie pond, die ander drie en 'n kwart.

Maar ons het nie altyd sulke noukeurige gewens nie. Ons praat soms baie meer algemeen. Ons kan bv. bloot eenskappe, soos in die volgende gevalle, teenoor mekaar stel of met mekaar vergelyk:

<b>Stellende trap</b>	<b>Vergrotende trap</b>	<b>Oortreffende trap</b>
moeg	moeër	(die) moegste
breed	breër	„ breedste
kwaad	kwater	„ kwaadste
maer	maerder	„ maerste
bros	brosser	„ brosste
skaars	skaarser	„ skaarsste
fluks	flukser	„ fluksste
vies	vieser	„ viesste
viets	vietsier	„ vietsste
juis	juister	„ juisste

## Opdrag

1. *Wanneer het die oortreffende trap dus twee s'e?*
2. *Toon in sinne duidelik die verskil in betekenis aan tussen: vaste en vasste; woeste en woesste; juiste en juisste, ens.*
3. *Gebruik in sinne:*  
opperste, allerliefste, Allerhoogste, jou naaste, die naasbestaandes.
4. *Wat is die predikatiewe vorm van:*  
nuwe, ruwe, sluwe, skewe, lang, ou?

## Meer en (die) mees(te)

Ons gebruik nie altyd -(t, -d)er of -ste nie. Ons kan bv. sê: **beskeidener** of **meer beskeie**, **beskeidenste** of **mees beskeie**; **begaafder** of **meer begaaf**, **begaafste** of **mees begaaf(de)**; **afgeleëner** of **meer afgeleë**, **afgeleënste** of **mees afgeleë**; **afgesonderder** of **meer afgesonderde**, **afgesonderdste** of **mees afgesonderde**.

Watter woorde kry dus meer en (die) mees(te) by? Lang, ingewikkelde reëls is moontlik, maar ongewens; daarom word liewer soos volg aange-raai:

As leerlinge twyfel:

gebroke, gebrokener, (die) gebrokenste,  
of

gebroke, meer gebroke, (die mees(te)) gebroke,

sê dan die reekse hardop, sodat die oor 'n indruk kan kry, **en hou dan soveel moontlik vas aan -er en -ste**.

*Waar meer altyd reg is:*

Wanneer twee eienskappe of kenmerke van iets teen mekaar opgeweeg word, kan **meer** (maar nooit mees nie) by enige b.n.w. gebruik word:

Die tafel is **meer** windskeef as swak.

Die blom is rooi-pers, maar **meer** rooi as pers.

Hy was **meer** ingedagte as onbeleef.

## Soos en as

Die gewoonste vergelykingspartikels in Afrikaans is **soos** en **as**. Na werkwoorde word **soos** (soms **as**) gebruik:

*lieg* soos 'n ketter

*sing* soos 'n nagtegaal

*praat* soos 'n advokaat ('n boek)

*hardloop* soos die wind

*van iets soveel weet as (soos) 'n kat van saffraan.*

In plaas van **soos** word in gemeensamer taal ook **nes** gebruik:

Hy's nes 'n volstruis, waar hy kom is hy tuis.

Hy's nes 'n hanskuiken in die kombuis.

Na s.nwe., bwe. en b.nwe. gebruik ons **soos** of **as**:

*so plat* soos 'n pannekoek

*so kwaai* soos 'n tier

*'n tong* soos 'n rasper ('n skeermes)

*'n maag* soos 'n volstruis

## Let op

**Dan** word **altoos** gebruik **wanneer** daar twee asse is.

Hy is beter bekend as sanger **dan** as digter.

## 3. B.nwe. en s.nwe.

*Rooi* pas nie by jou nie. *Ryk* en *arm* sal daaruit voordeel trek.

Woorde wat as s.nwe. en as b.nwe. gebruik word, lewer geen probleme nie.

## 4. B.nwe in vaste verbindinge

As ek 'n groot sê of skrywe, kan daar talle en talle selfstandige naamwoorde volg, soos bv. 'n groot huis, dier, mens, vrou ens., ens. Met **inheemse** gaan

dit al moeiliker. Kan jy aan ander as **plante** en **diere** dink? Kom jy by **blakende** en jy het **gesondheid** gesê, dan is die storie uit. **Blakende gesondheid** is so 'n vaste paar wat uit 'n byvoeglike naamwoord en 'n selfstandige naamwoord bestaan.

Laat ons nog 'n paar tot ons woordeskat toevoeg. Ons gee die byvoeglike naamwoord, dan voeg jy 'n selfstandige naamwoord daarby – om die paar daarna mondeling in sinne te gebruik:

die prille .....	met rasse .....	met taaie .....	'n onomstootlike .....
'n batige .....	'n onbegonne .....	blakende .....	'n verstokte .....
skotige .....	'n onbestrede .....		

## OEFENINGE

1. *Gee die trappe van vergelyking van die vlg.:* plaas selfstandige naamwoorde agter hulle en gebruik hulle mondeling in sinne:  
juis, rats, ru, nuut, gedwee.
2. *Voltooi en gebruik mondeling in sinne:*  
'n seker ....., 'n sekere ....., bitter ....., bittere ....., taai ....., taaie ....., in elk ....., in elke ....., diep ....., diepe .....
3. *Gebruik mondeling in sinne:*  
te goeder trou, op heter daad, onverrigter sake, in aller yl, in koelen bloede.

## D. LIDWOORDE (Lwe.)

Leerlinge ken reeds die lidwoorde **die** en **'n**. **Die** word die **bepaalde lidwoord** genoem, omdat dit dikwels met 'n bepaalde geval te make het, teenoor **'n**, die **onbepaalde**, wat sowat „enige” of „elke” beteken, dus nie één sekere nie:

**Die** bok is siek. (So gestel, beteken dit dat die hoorder weet van watter bok gepraat word. Dit is moontlik ook die enigste bok.)

'n Bok is siek. (Daar is een siek, maar daar is ook ander.)

Ek wil asb. **die** lamp hê. (Spreker en hoorder weet watter een.)

### 1. Saam met selfstandige naamwoorde

Die lidw. staan voor 'n s.nw., wat dan deur die lidw. bepaal word en waarvan die lidw. afhanklik is: **die** klas, **die** vakansie. Die woord wat só saam met 'n lidw. gebruik word, word in daardie verband dus 'n naamwoord genoem.

Daar is nog twee ander lidwoorde, naamlik **de** en **'t**:

**de** duiwel in wees.

Wat **de** drommel is dit nou weer?

Mag, maar **de** kêrel kan darem hardloop!

**De** word dus in **gevoelstaal** gebruik, meestal in 'n klompie vaste uitdrukkinge.

**'t** kom ook maar min voor:

om **'t** ewe

aan **'t** huile

aan **'t** loop.

**Aan't** saam met 'n ww. beteken: **besig om te**, (reeds) **besig met**.

**Die saam met oortreffende vorme:**

Suiwer Afrikaans sê:

Hy het **die** meeste punte behaal.  
Die springbok hardloop **die** hardste.  
Die meeste boere werk hard.  
Wie **die** laaste lag, lag die lekkerste.

**Met en sonder die:**

As perde in 'n stal gevoer word, sê ons hulle staan **op stal**.

As kinders bo-op 'n stal klouter, staan hulle op **die stal**.

Leerlinge wat skoolgaan, is nog **op skool**, maar 'n werkmans kan op **die** skool wees om bv. herstelwerk te doen.

'n Mens sing nie **aan tafel** nie, maar jy kan wel per ongeluk aan **die** tafel stamp.

'n Deur kan oop staan of **op slot** wees, of daar kan 'n sleutel op **die** slot lê.

As die **die** daar is, is die betekenis dikwels **letterlik**; sonder die **die** dikwels **nie letterlik nie**, soos hierbo.

**Verdere voorbeelde:**

Hy speel aan **die** kant, nie binne-in die skrum nie.

Hulle moet soggens self hulle kamers **aan kant** maak.

Die konsert het pragtig **van stapel** geloop (goed afgeleef).

Vat maar vir jou 'n lemoen van **die** stapel af.

Die beste stuurman staan (sit) **aan wal**. Ek sal julle die wete gee sodra ek voet **aan wal** sit in Kaapstad.

Dit lyk soos mos wat daar **aan die wal** sit.

Die regulasies lê 'n mens darem te veel **aan bande**.

Kyk asb. wat daar **aan die bande** skort dat hulle so gou pap word.

Jy kan hulle nie **op grond** van sulke karige getuienis vervolg nie.

Jy mag 'n dier nie **op die grond** van sy baas molesteer nie.

Hierdie afwesigheid van die lidwoord kom veral in idioome baie voor:

**iemand onder vier oë spreek**

**iemand voor stok kry**

**op stryk wees, van stryk wees.**

'n Ander belangrike soort geval is die volgende:

**perdry en die perd ry**

Met **die** het dit 'n bepaalde betekenis – 'n sekere perd, sonder **die** 'n algemene betekenis:

Ek kan **die** perd ry ('n sekere perd, ander moontlik nie).

Ek kan **perdry** (is in die algemeen vaardig daarmee).

Hy sê hy gaan nog **die** vis vang.

Hy sê hy gaan nog **visvang**.

Vergelyk ook: bergklim en die berg klim

man (of vrou) soek en die man (vrou) soek, die tande (bv. van 'n skedel) sit en tel, en sit en tande tel (in grootmense se geselskap wees).

## 2. Verouderde vorme in vaste verbindinge

Daar is 'n groepie uitdrukkinge wat uit 'n voorsetsel, 'n lidwoord en 'n selfstandige naamwoord bestaan, met die lidw. (en die s.nw.) soms in 'n besondere vorm:

met dien verstande dat (beteken: op dié voorwaarde)  
te dien einde (met dié doel voor oë).

Vergelyk dit met

byderhand, inderdaad, indertyd, inderhaas.

Soms kan 'n gewone voorsetsel met 'n lidwoord en 'n naamwoord sonder vormverandering gebruik word, met taamlik presies dieselfde waarde en betekenis:

die koninkryk der hemele	of	die koninkryk van die hemele
'n dag (week) des gebeds	of	'n dag (week) van gebed
in die sweet des aanskyns	of	in die sweet van jou (u) aanskyn
'n engel des ligs	of	'n engel van (die) lig
ten huise van die sekretaris	of	by die huis van die sekretaris
ten hemel roep	of	na die hemel roep.

Deftige taal verkies meestal die ou vorme. Afgesien daarvan, het ons dikwels geen keuse nie, want die ou vorme is enigsins idiomaties en moet soms gebruik word. Ons gee hier van die belangrikstes:

As daardie giftige slang jou byt, is jy 'n kind des doods (gewone taal: is jy dood).  
Sy onplesierige geaardheid is oral 'n steen des aanstoots, want hy stoot mense oral af (gewone taal: is aanstootlik).

Sedert die sondeval moet die mens sy brood in die sweet des (syns) aanskyns eet (gewone taal: van sy aangesig).

Die hofsaak het vir hom geen gemoedsrus gebring nie; intendeel, dit is maar net 'n kweiling des geestes (vir die gees of gemoed).

As straf vir sy goddelose handelwyse moes hy swaar boet en die brood der smarte eet. Jesus het beveel dat die kindertjies nie moet verstoot word nie, want die koninkryk der hemele (koninkryk van die hemel) behoort aan hulle.

Die boek wat vanoggend ter perse (na die pers) gegaan het, sal eersdaags verskyn. Deur sy bemiddeling is die saak in der minne geskik, en so is die vrede herstel.

Dit is maar laag om 'n grap ten koste van 'n ander te maak.

'n Man wat so wel ter tale is, praat baie lekker in die openbaar.

Hy het ter elfder ure daar opgedaag; dit was byna te laat.

Stuur my die boek net ter insage, sodat ek dit vlugtig kan deurkyk.

As ons onderwerp ter sprake kom, moet jy darem iets sê.

Die mense dra so baie nuus aan, dat dit hom seker maar ter ore sal kom.

Die Departement van Volksgesondheid doen baie navorsing ten bate van ons gesondheid.

Ek hou nie van die werk nie; ek doen dit maar om den brode, want 'n mens moet tog leef (ter wille van die kos).

Ten slotte moet daarop gelet word dat hierdie vorme „taalfossiele” is: ons gebruik hulle nog, maar ons kan geen enkele nuwe geval so vorm nie – intendeel, dié wat nog bestaan, word stadigaan minder.

## OEFENINGE

1. Skrywe die volgende sinne oor en vervang die vetgedrukte gedeeltes deur „deftige” taal – in die gees van die voorafgaande:
  - (a) As jy die koninkryk van die hemele wil beërf, moet jy soos 'n kindjie word.
  - (b) Ek hou nie van die werk nie, maar doen dit maar om die brood.
  - (c) Hy het op die elfde uur daar aangekom.
  - (d) Ons moet alles tot eer van God doen.
  - (e) Ons vergader in die huis van die voorsitter.
2. Vul die ontbrekende vorm van die lidw. in die volgende sinne in:
  - (a) Hy is 'n stem . . . roepende in die woestyn.
  - (b) Ons het dit ..... seerste geniet.

- (c) Gee voorbeelde ..... verduideliking van wat jy bedoel.  
 (d) As jy hom ..... aanhore van ander mense beledig, sal hy jou vervolg.  
 (e) Die onreg teenoor ons eie mense skrei ..... hemel.  
 (f) Dit kan ..... ene male nie so voortgaan nie.  
 (g) Is die verslag al ..... tafel gelê.  
 (h) Jy kan dit 'n dom mens nie ..... kwade dui as hy dom handel nie.  
 (i) Job was darem ook nie 'n engel ..... ligs nie.  
 (j) Nou weet jy ..... minste wat om te verwag.
3. *Vul die juiste vorm van die lidwoord in:*  
 (a) Ek leen jou die perd, maar met ..... verstande dat hy vanaand weer hier besorg word.  
 (b) Die baie verpligtinge is vir 'n mens net 'n kwelling ..... geestes.  
 (c) Die bewering is maar (te) ..... dele waar.  
 (d) Die moordenaar is (te) ..... dood veroordeel.  
 (e) Dis my om ..... ewe of hy kom of nie.  
 (f) Wat ..... ongeluk wil die vent nou weer hê?  
 (g) Jy is 'n kind ..... doods as ek jou in die hande kry.
4. *Gebruik in sinne sodat die verskil duidelik blyk:*  
 opstal, op stal en op die stal; oor draad en oor die draad; aan wal en aan die wal; die les opsê en les opsê.
5. *Vertaal:*  
 (a) Most people do not come in time.  
 (b) He studies medicine.  
 (c) He took a course in music.  
 (d) He was a politician and writer.  
 (e) You should be more interested in life than in death.

## E. TELWOORDE (Telwe.)

Die telwoord tel, naamlik met presiese syfers: **een, twee, drie, honderd (bepaalde hooftelwoorde)**, of met algemene maat- of omvangwoorde: **baie min, weinig, al(le), verskeie, (onbepaalde hooftelwoorde)**. Andere deel dit in in range, naamlik noukeurig: **eerste, honderd-en-eerste, sewentigste, (bepaalde rangtelwoorde)**, of algemeen (selfs vraend): **laaste, soveelste, middelste, hoeveelste (onbepaalde rangtelwoorde)**.

### 1. Saamgestelde getalle en breuke

Die enigste probleem hier is dié van spelling: of ons **vyf-en-twintig** of **vyf en twintig** skryf, **drie-sewendes** of **drie sewendes**. Ons aanvaar albei skryfwyses in hierdie en soortgelyke gevalle.

### 2. Telwoorde en s.nwe. bymekaar

Daar is net een probleem in verband met die saam gebruik van telwoord en s.nwe., naamlik om te weet wanneer die s.nw. ná 'n meervoudige telw. 'n mv. of 'n ekv. kry, bv. **tien myl (of myle)** van die plaas af. Hier gaan ons alleen gesels oor gevalle wat Anglisisties of nie-algemeen is.

Suiwer Afrikaans is o.m. „tien myl van die plaas (af)” (nie myle nie) „drie voet van jou (af)” (nie voete nie), „sewe duim lank/hoog” (nie duime nie), twintig rand (nie rande nie).

Ons gebruik dikwels 'n **ekv.** waar Engels 'n mv. gebruik, bv. 'n paar **bottel** wyn, tien **vrag** lusern, ens. (hoewel ons ook van bottels wyn en vragte lusern praat). Maar as die algemene maatwoord, bv. **bottel**, **vrag**, **sak**, in 'n *samstelling* voorkom, kry dit feitlik altyd 'n mv., bv. 'n paar **halfbottels** wyn, tien **bokwavrage** lusern, twee **mudsakke** patats, twee **dessertlepele** kasterolie, ens.

Pas tog op vir „*nog 'n sekond*” i.p.v. **sekonde**. Sê en skrywe dus „dertig **sekondes**, een **sekonde**”.

#### HERHALINGSOEFENINGE

- Julle weet mos wie Job, Gideon en Judas was. *Wat is nou 'n Gideonsbende, 'n Jobstrooster, Judasstreke?*
- (a) *Wat noem ek 'n versameling*  
koffers, trommels, ens., op 'n stasie;      motors, ens., agter 'n lykwa;  
oorlogsvliegtuie van 'n land;                visse in die see;  
skote wat afgevuur word?
- (b) *Wat noem ek ('n versamelnaam)*  
leeus, tiers, renosters, olifante;  
hoenders, eende, makoue;  
skape en bokke;  
koppies, pierings, borde?
- Wat is die meervoud van:*  
pa, ma, oupa, malva, karba, konsertina, kafee, Hugo, jas, das, les, mes, neus, t ros bos, vat, dal, lied, monnik, manel, gebod?
- Sê wat die volgende beteken of gebruik hulle in sinne:*  
'n hanetreetjie, 'n ietsie, 'n krieseltjie, 'n pruimpie (twee betekenis), 'n koutjie (twee betekenis), 'n drankie, 'n dronk(ie), 'n teug, kalkoentjies en viooltjies en gesiggies (elk in twee betekenis).
- Wat is die vroulike van:*  
'n sanger, 'n sekretaris, 'n monnik, 'n bibliotekaris, 'n penningmeester, 'n president?  
(En die meervoud van die vroulike?)
- Skrywe die volgende oor en verander die vorm van die byvoeglike naamwoord waar nodig:*  
(a) Hy is somer 'n (sleg) vent.  
(b) Hy is 'n (slu) jakkals.  
(c) 'n (Moeg) os stoot gou.  
(d) Hy is 'n (vroeg) besoeker.  
(e) Na die (welkom) reëns sal die graan mooi groei.  
(f) Piet is die (snaaks) vent wat ek al teengekom het.  
(g) Hierdie papier is (breed) as daardie.  
(h) Daar lê 'n (dood) perd langs die pad.
- Gee die trappe van vergelyking van:*  
los, breed, lelik, nuut, ru, slu, presies.
- Gebruik in sinne:*  
die duiwel, 'n derduiwel; hoenders, de hoenders in; de joos in; 'n ongeluk, die ongeluk, wat de ongeluk; in omtrek, in die omtrek.

#### F. WERKWOORDE (Wwe.)

Die werkwoord is een van die belangrikste rededele en die fondament van 'n taal. Min sinne kan sonder 'n werkwoord bestaan, en 'n enkele werkwoord kan 'n sin vorm, bv. die bevel: „Loop!”

Werkwoorde kan *handeling* uitdruk (Piet **stap**), of 'n *toestand* (Piet **slaap**), ens. Ons onderskei hulle egter gewoonlik aan die eienskap dat hulle die enigste woordsoort is wat **tyd, wyse en/of vorm** aandui:

Hy lees, hy het gelees. (Tyd)

Hy mag of moet lees. (Wyse)

Dit word of is gelees. (Vorm)

## 1. Selfstandige werkwoorde

Selfstandige werkwoorde kan in die teenwoordige tyd alleen as gesegde van 'n sin staan:

Die kinders sing.

Die kosgangers eet.

Die mense slaap.

As iemand by jou kom en sê: „Die mense stuur,” sal jy dink hy is van lotjie getik. **Stuur** kan nie sonder meer selfstandig gebruik word nie.

### Opdrag

*Kies 'n ww. wat 'n paar vorm met die volgende:*

Die kar (vertrek, verwyder).

Die kinders (sê, praat).

Die oom (vra, versoek, bid).

Die kinders (vermors, mors).

Jy het (beloer, geloer).

## 2. Oorganklike en onoorganklike werkwoorde

*Gebruik nou die wwe. hierbo wat nie pare gevorm het nie, in eenvoudige sinnetjies, bv.:*

Die kar verwyder die vuilgoed (van die werf af).

Julle sal sien dat hierdie sinnetjies nie sulke pare vorm soos dié van Oefening 1 hierbo nie, want hierdie span moet aangevul word: 'n mens verwyder of stuur nie sommerso in die lug nie, jy verwyder iets, of stuur groete of **presente** of **kinders** of **afgesante**.

Die vetgedrukte woorde hierbo is s.nwe. en (een) vnw. Hulle vorm die **voorwerp** by die wwe. Sulke wwe., d.w.s. wat deur 'n voorw. gevolg kan word, word **oorganklike** (transitiewe) **werkwoorde** genoem:

eet **kos**

soek **geselskap**

plant **aartappels**.

Kan die wwe. geen voorw. kry nie, word hulle **onoorganklik** (intransitief) genoem. *Probeer om 'n s.nw. na die volgende wwe. te plaas:*

(Die wind) **waai**.

Die hen **kekkel**.

Die knape **baklei**.

**Daar kan geen voorwerp volg nie; hulle is onoorganklike werkwoorde.**

## Verdere opdrag

Gebruik die vlg. in sinne, eers oorganklik en dan onoorganklik. Die betekenis van elke sin moet duidelik wees:

glo, drink, groet, skiet, bedrieg.

### NOG 'N PAAR WERKWOORDSOORTE

#### 1. Wederkerende Werkwoorde

Kyk eers na die volgende:

Ek **skaam** my.

Sy **verbeel** haar (te veel).

Hy **bekommer** hom (nooit).

Hulle **verwonder** hulle.

**Skaam, verbeel, verwonder en bekommer** kry ook voorwerpe, maar die voorwerp

(a) is in elke geval 'n vnw., en

(b) het betrekking op *dieselfde* persoon as die onderwerp.

Sulke werkwoorde word **wederkerende werkwoorde** genoem.

Sommige wwe. is **noodsaaklik-wederkerend, d.w.s. hulle moet altyd met 'n vnw. aangevul word wat op dieselfde persoon as die onderwerp betrekking het**, soos die groepie hierbo: jy kan nie sê „ek skaam” of „hulle haas” nie, en ook nie bv. „ek skaam jou” of „hulle haas die oubaas” nie. Let goed op die volgende:

Ons is (ons) daarvan bewus dat . . . . .

Ek was (my) nie daarvan bewus dat . . . . .

Hy herinner hom dit nog goed dat . . . . .

Ons herinner ons nog die dae toe . . . . .

Jy sal jou verwonder oor sy fratse . . . . .

Verwonder jou maar nie oor sy stories nie.

'n Paar ander wwe. kan met enige voorw., dus ook **toevallig-wederkerend, verskyn:**

Ek **skeer** my of ek **skeer** skape.

Hy **verbaas** hom(self) of hy **verbaas** sy vriende.

Hulle **verwyt** hulle(self) of hulle **verwyt** ander mense.

#### Opdrag

(a) *Gebruik in sinne:*

mors, bemors, vermors; antwoord, beantwoord; spaar, bespaar; takel, betakel; klim, beklim; roep, beroep; plant, beplant.

(b) *Gebruik ook in sinne:*

ontferm, verstout, verknie, verlek, verdiep, onthou (twee betekenisse), verstuit, vertrap, ek weerhou my van, ek hou my daarvan oortuig, ek besin my.

#### 2. Koppelwerkwoorde

Daar is ander wwe. wat **nooit 'n voorwerp kan kry nie** en wat **sonder aanvulling tog ook nie 'n groepie of „'n paar” vorm nie:**

„Piet is” en „hy word” sê niks, teenoor „Piet slaap” of „hy raas”, wat wel pare vorm.

Nou vul ons dit aan:

Piet is **onderwyser**.

Piet is **siek**.

Hy word **oud**.

Hy word **ingenieur**.

Dit is nou nie aanvulling by die ww. nie, maar by die onderwerp, sodat „is” en „word” nie selfstandig is nie, maar skakels, **koppeling**; daarom heet hulle ook **koppelwerkwoorde**.

Die vernaamste koppelwerkwoorde is:

**is, lyk (skyn), blyk, bly, heet, word, voorkom.**

### 3. Hulpwerkwoorde

Daar is nog ’n laaste soort geval ook, dié naamlik waar twee wwe. saamgaan, sodat die een **help** om die **tyd**, die **wyse**, of die **vorm** by die ander aan te gee:

**Tyd**

Hy **het** gesien

Hy **sal** sien

**Wyse**

hy **moet** sien

hy **mag** sien

**Vorm**

hy **is** gesien.

hy **word** gesien.

Die vetgedruktes heet **hulpwerkwoorde**.

### Opdrag

1. *Wys in die volgende sinne die hulpwerkwoorde en die koppelwerkwoorde aan, en sê in elke geval waarom dit ’n hulpww. of ’n koppelww. genoem word.*

*Voorbeeld:*

In die sin: „Piet is vandag nie in die skool nie, omdat hy gister sy arm gebreek het”, is **is** ’n koppelwerkwoord omdat dit **Piet** en **in die skool** skakel of verbind, en is **het** ’n hulpww. omdat dit help om die **tyd** by **(ge)breek** aan te gee.

(a) Die knaap is geskors omdat hy oneerlik was, maar hy mag darem na ’n jaar weer die lesse bywoon.

(b) Ek het hom gesê hy gaan swaar kry in die sand, maar hy wou nie luister nie; nou is dit ek wat die gelag moet betaal.

2. *Gebruik in duidelike volsinne (as ww.):*

sorg, besorg, versorg; bepraat, verpraat; spreek, bespreek, verspreek; bewerk, verwerk; verseg; ontken; weier; betwyfel.

### 3. Voltooide en onvoltooide deelwoorde

Daar is twee soorte deelwoorde, die **verlede** of **voltooide deelwoord** en die **teenwoordige** of **onvoltooide deelwoord**.

#### 1. Die verlede deelwoord

Dit word saam met „het” en „is” gebruik:

Die werk is **afgehandel**.

Die klok het **gelui**.

„Is” en „het” saam met die voltooide deelwoord sê dan dat iets in die **verlede** gebeur het, dat dit nie nog aan die gang of aan die kom is nie, maar **verby**. Kyk maar na die volgende sinne:

(a) Suid-Afrika het baie natuurlike.

(b) Die Afrikaners het baie hard gewerk.

- (a) Die groente is in die spens.  
 (b) Die groente is in die somer geplant.  
 (a) Wie het albasters?  
 (b) Wie het met albasters gespeel?

Die (a)-sinne, met „het” en „is”, sonder nog ’n ww. daarby, stel dinge voor of vra daarna **soos dit nou is**: die (b)-sinne, ook met „het” en „is” as hulpwwe., dus met nog ’n ww. by, praat **van wat was**.

Vir die verlede tyd met „het” en „is”, kom daar dus meestal ’n **ge-** by die ww.; maar nie altyd nie. Let maar op:

- (a) Werkwoorde wat met **be-**, **ge-**, **er-**, **her-**, **ont-** of **ver-** begin, kry in beskaafde gebruik gewoonlik **nie ’n ge- by nie**: dus **het bewaar, gesels, ervaar, herinner, onthou en vergeet**. (Tog sê ons wel: **geherkou**.)  
 (b) Ons sê:  
 Hy **het gaan stap**.  
 Sy **het kom werk**.  
 Hulle **het ons sien loop**.  
 Wie **het jou laat roep**?  
 Ek **het ’n vis voel byt**.  
 Hulle **het probeer skrywe**.

## Opdrag

*Gee ’n paar ander sinnetjies met het gesit, gelê, geloop, gestaan saam met ’n ander werkwoord, en verduidelik die verskil tussen:*

gesit en praat	gesit en gepraat
gestaan en skel	gestaan en geskel

- (c) Die ww. voor die „en” verskyn ook dikwels sonder ’n **ge-** wanneer die ww. na die „en” geen **ge-** kry nie. In die werk van die Hobsons is dit byna die reël, bv.:  
 Hy het staan en rook.  
 Hulle het lê en sing.

Die „en” ontbreek ook dikwels: „Moenie staan skel nie,” **maar die gebruik van ge- by die eerste ww. en „en” tussen die dele word aanbeveel omdat dit verreweg die mees algemene is**.

- (d) As ’n ww. uit twee dele bestaan, met die klem op die laaste deel, kry dit **in die reël nie ’n ge- vir die verlede tyd nie**:  
 Piet het die saak rustig oorweeg.  
 Die saak is deeglik ondersoek.  
 Hulle het baie pyn deurstaan.

Dit is die sg. *onskeibare werkwoorde*. Hulle verskil ook in betekenis van die *skeibares*:

Jy **oorweeg (het oorweeg)** iets, maar jy **weeg dit oor (het oorgeweeg)** as jy twyfel omtrent die gewig.

As ’n mens wil **deurstaan (deurgestaan)** dagbreek toe, moet jy baie pyn **deurstaan**.

’n Skelm is **deurtrap**, en sy skoene kan **deurgetrap** wees.

Begryp julle nou wat met *skeibare* en *onskeibare* wwe. bedoel word?

## Verder:

### Onskeibaar

oorlê (beraadslaag, bedink)  
deurboor (kwets, deurdring)  
deurdring (drenk, 'n besef hê van . . . .)  
voorkom (verhoed, keer)  
voorspel (profeteer, raai)

### Skeibaar

oorgelê (bv. op 'n stasie)  
deurgeboor (dwarsdeur geboor)  
deurgedring (dwarsdeur gedring)  
voorgekom (gebeur, ens.)  
voorgespeel ('n woord se spelling aangegee)

Maar daar is nie altyd sulke pare, die een met en die ander sonder **ge-** nie. Die volgende groeplike word bv. **altyd met ge-** gebruik:

Hulle **het** hulle gedagtes netjies **weergegee**.

Die ou opstal **is** tot 'n gerieflike, moderne woning **omgebou**.

Die ou stomp **is omgevorm (omgewerk)** tot 'n blombak.

En die volgende altyd sonder **ge-**:

deurgond	deurklief	deurweek
deurkruis	omarm	omgrens
omhels	omhein	omring
ommuur	ondersteun	ondermyne
voorsien	ondervra	

## Opdrag

1. Gebruik die volgende skeibaar en onskeibaar in sinne:  
oorwerk, oorlaai, onderhou, oorval.
2. Vul die regte vorm van die werkwoord tussen hakies in:  
(a) Jy het jou natuurlik weer (ooreet).  
(b) Daar staan mos twee (uitvreet) perde in die stal.  
(c) Nou moet die reeds (oorlaai) onderwyser nog meer werk kry.  
(d) Ons het in die (deurweek) grond vasgeval.
- (e) **Werkwoorde wat op -eer eindig, verskyn soms sonder 'n ge- by die volt. deelw.: Hy probeer of hy het geprobeer. Ons sien of hoor darem nooit van 'n korrigeerde opstel of 'n goed formuleerde standpunt of 'n kopieerde stuk nie; Maar altyd van gekorrigeerde geformuleerde gekopieerde.**

**Behou dus liever die ge- by hierdie klas:**

gebaseer	geregeer	geparafeer	gesertifiseer
geproklameer	geredeneer	gevisenteer	geloseer
gedoseer	gestudeer	gewaardeer	geprofeteer
geprofiteer	gekalm meer	genomineer	

## Opdrag

1. *Skrif die korrekte vorm van die werkwoord tussen hakies neer:*  
(a) Hy moet (inspireer) gewees het om so te praat.  
(b) Dit sal 'n (illustreer) blad wees.  
(c) Ek het dit mos al vir jou (definieer).  
(d) Het jy dit al (probeer)?  
(e) Het die regering dit (subsidieer)?
2. *Skrif die volgende sinne oor in die verlede tyd:*  
(a) Die bekwame regeer oor die luie.  
(b) Hy probeer glo ook hardloop.

- (c) Ek sien hom stap.  
 (d) Hulle word nie genoeg gewaardeer nie.  
 (e) Hy formuleer sy standpunt duidelik.  
 (f) Ons hoor jy dans so baie.  
 (g) Jy moet nie weer daar staan en slaap nie, Jan.  
 (h) Ons worstel dwarsdeur die nag.  
 (i) Outa Booï deurkruis die veld op soek na die verlore lammers.  
 (j) Hy wantrou alle mense.
3. *Vul 'n passende vorm van die woord tussen hakies in:*
- (a) Is die saak dan nog nie ( ) nie? (Afhandel.)  
 (b) Ons kan vanaand alleen ( ) sake bespreek. (Notuleer.)  
 (c) Hy is bekend as 'n ( ) Christen. (Oortuig.)  
 (d) Hy is 'n ( ) man in baie lande. (Bereis.)  
 (e) Al die ( ) vrugte kom eenkant. (Sorteer.)  
 (f) Wie is die ( ) man? (Blinddoek.)  
 (g) Die verkeer is maar swak ( ). (Reguleer.)  
 (h) Hy is glo besonder goed ( ). (Belees.)  
 (i) Nou is alles ( ). (Ruïneer.)  
 (j) Hulle het ordelik ( ), maar dit het bra moeilik gegaan. (Retireer.)

### Sterk en swak verlede deelwoorde

Soos daar sterk wwe. is (meestal die waarvan die vokaal vir die verlede tyd verander: kan – kon, weet – wis) en swak wwe. (die waarvan die vokaal nie verander nie), is daar sterk en swak verlede deelwoorde:

Swak	Sterk
gespreek	gesproke
uitverkies	uitverkore
afgetrek	afgetrokke
aanbeveel	aanbevole

Die **swakkes** kan saam met „is”, „het”, ens., as **deelwoorde** gebruik word, die **sterkes nooit as deelwoorde nie**, maar wel as b.nwe.:

sy veelbesproke gedrag	maar hy het geen sitplekke bespreek nie
'n geslepe kalant	maar hy het die skêr geslyp
gesnede beelde	maar hulle het beelde uit hout gesny.

Die **sterk** vorm word verder ook meestal **figuurlik** gebruik, teenoor die **letterlike** gebruik van die **swak** vorm, bv. 'n **gebroke hart** naas 'n **gebreekte tak**; maar daar is ook tal van gevalle waar hierdie onderskeiding nie opgaan nie. Ons sal hierdie gevalle bekyk, maar dit is noodsaaklik om daarop te let dat ons taal in hierdie opsig in 'n oorgangstadium verkeer: ons is geneig om die swak vorm die voorkeur te gee bo die sterkes. So sê ons al maklik „verslyte klere” i.p.v. „verslete klere”. Hier volg nou 'n lys van verlede deelwoorde met die sogenaamde **figuurlike** en **letterlike** gebruik, wat jy tot jou woordeskat kan toevoeg:

<i>Sterk</i> (Figuurlik)	<i>Swak</i> (Letterlik)
onbesproke karakter	onbespreekte plekke
opgeskote seun	opgeskiete koeël
geslepe diewe	geslypte messe
agter geslote deure	'n gesluite hek
geskonde eer	geskende aangesig
'n onverskrokke held	verskrikte wild
'n gebonde lewe	gebinde gerwe
'n opgeblase mens	'n opgeblaasde bal

'n geswolle styl  
bedorwe kinders  
'n beklonke saak  
'n deurgestoke kaart  
'n opgewonde skare  
berede polisie  
besope mense  
fynbesnede gelaatstrekke  
afgetrokke houding  
ontstoke wonde  
veelbesproke gedrag  
verborge kragte  
bekrompe houding

geswelde voete  
bederfde vrugte  
omgeklinkte spykers  
'n deurgesteekte tou  
opgewende horlosies  
geryde perde  
versuipde katte  
gesnyde hout  
afgetrekte bedrag  
opgesteekte pyp  
onbespreekte plekke  
verbergde goedere  
gekrimpte kouse.

Die volgende het ook die sterk vorm:

onbeholpe optrede  
aangebode geskenke  
agtergeblewe familie  
'n onbegonne taak  
onbesonne dade  
gekose komitees  
weloerwoë mening  
gesplete ertjies  
uitgestorwe boedel  
verbode terrein  
verkreë regte  
belese mense  
hersiene uitgawe  
verslane vyande  
(Ken jy die betekenis?)

die aangewese weg (wys)  
veelbewoë dae  
verbode terrein  
onbeholpe skepsels  
onbestrede mosies  
noodgedwonge  
gelede smaad (ly)  
nooit volprese roem  
ongeskrewe wette  
die gesproke woord  
verborge sonde  
verdagte persone  
'n gesiene persoonlikheid  
op 'n gegewe oomblik

## Opdrag

1. **Breek – gebreekte mielies** (swak vorm)  
**gebroke harte** (sterk vorm)

*Doen nou dieselfde met:*

sny, swel, verslaan, oortrek, betrek, deursteek.

2. **Gebruik in sinne:**

gegot, geslepe, ontslape, onbesproke, onomwonde, oorwoë.

3. **Vul die regte vorm van die werkwoord tussen hakies in:**

(a) Hy is 'n (uitslaap) kalant.

(b) Het julle (bespreek) plekke?

(c) Dit is (uitsoek) gedigte.

(d) Wie is nou weer die (uitverkies)?

(e) Wees jammer vir die (breek) van hart en die (verslaan) van gees.

(f) Almal aanbid haar. Sy is die (aanbid).

**Die swak voltooide deelwoord** (sonder verandering van klinker: breek – gebreekte) word gebruik

- (a) **saam met „het”** om ander woorde om ander tye aan te gee:

Die tak breek (word gebreek).

Die tak het gebreek (is gebreek).

- (b) **as selfstandige naamwoorde:**

gebreektes (bv., ou stoele)

geroepenes (bv., in die godsdiens)

beproofdes (agterblywende familie van 'n gestorwene)  
bedruktes en verdruktes  
bebroides (eiers)  
gekooktes en gebaktes (eiers)  
geslyptes en gepoleerdes (messe, bv.).

(c) **as byvoeglike naamwoorde:**

gebreekte stoele	beproofde ouers
'n verdrukte volk	geslypte messe
beheerste gevoelens	gesifte meel

Leerlinge weet dikwels nie of die byvoeglike gebruikte volt. deelw. 'n **-de** of 'n **-te** voor die s.n.w. kry nie. Hier volg 'n lys van gevalle wat dikwels gebruik word:

afgetobde moeders	gescënde jare
geskubde lywe	beslaande esels
bekladde boeke	verslaande bier
gestoofde vrugte	geteisterde streke
gekloofde hout	bepoeierde gesig
gekerfde tabak	beroerde werk
gevergte inspanning	verbaasde toeskouers
hernieude aanvalle	vergruisde skedel
gestyfte boordjies	gehude pare
geploegde lande	verswakte oë
verpligte vakke	opgekropte woedc
verknegte volk	gepaste toesprake
gemorste melk	(blink) gevryfde vloere.

Let nou op die volgende gevalle (deurmekaar aangegee):

goedgekledede dames	ongewaste hande
gebalde vuiste	verlate huise
verwende kinders	bedrewe werksmense
die gehate vyand	ingeskepte kos
die vereiste lengte	ongewenste elemente
gedagvaarde getuie	gestoofde patats
geëerde besoekers	geradbraakte taal
geënte bome	hooggeplaaste amptenare
ingelegde vrugte	beantwoorde vrae
vereiste lengte	besproete gesigte
gevraagde inligting	bebloede hande
ongekamde hare	vergroete portrette
geslaagde kandidate	geslagte varke.

(Is die betekenis bekend?)

*Geen -d en geen -t nie:*

As 'n deelw. egter **predikatief** gebruik word, d.w.s. ná 'n s.n.w. of vnw., moet gewaak word teen 'n onafrikaanse **-d** of **-t**: daar moet naamlik geen **-d** of **-t** aan die end van 'n woord na **f, g, k, p** of **s** kom nie.

Sê en skrywe dus:

Hy praat **beskaaf**.  
Hulle is baie **begaaf**.  
Dié ou grappie is al **afgesaag**.  
Hy voel net **gebelt** oor die voorval.  
Die voorbeeld is 'n bietjie **vergesog**.  
**Behep** wees met één idee.

Ná die ongeluk was sy vinger lelik **vergruis**.

Sy klere lyk altyd so netjies **versorg**.

Sy geestigheid is vir my te **gemaak**, te **aangeplak**, ek geniet nie daarvan nie.

Hulle voel **besorg** oor die toekoms.

Eindig 'n woord nie op **f, g, k, p** of **s** nie, kan daarna wel 'n **t** of **d** geskrywe word **indien dit ook werklik gesê word**:

ontsteld voel

mense wat **beroemd** is (maar: **berug**)

hulle lyk my **geseënd**

dit gaan **beroerd**.

Let egter op:

**Getrou** wees en **getroud** wees.

**Vertrou** word en **vertroud** word (kundig word).

## Opdrag

*Vul die juiste vorm van die werkwoord tussen hakies in:*

- Die hen is (broei).
- Sou die eiers nou (bebroei) wees?
- Praat julle (beskaaf)?
- Dit lyk my hy voel 'n bietjie (vererg).
- Waarom lyk jy so (vermoei)?
- Sy ou grappies raak darem nou (afsaag).
- Hy het (bedwelm) neergeslaan.
- Ons is werklik bo ons verdienste (seën).
- Sy het (ontroer) gelyk.
- Wil jy die huis (meubileer) huur?

## 2. Die teenwoordige of onvoltooide deelwoord

**Dit is meestal die infinitief plus -end(e):**

rasend, soekende, afgaande, bespeurende.

Let egter op:

synde (by „wees”): Predikant **synde**, ag hy dit noodsaaklik om 'n goeie voorbeeld te stel.

*Gebruik of funksie van die teenw. deelwoord*

Let op die byvoeglike gebruik in die volgende:

'n **uitdagende** houding

**standhoudende** water

**skreeuende** menigtes

'n **wagtende** skare

die **omliggende** gebiede is nog droog

die seuns is nog steeds **gaande** oor hulle oorwinning

onderwyl 'n saak nog **hangende** is, mag daarvoor nie in koerante geskrywe word nie die gevangene erken skuld, maar voer **versagte** omstandighede aan.

Die waarde van die teenw. deelwoordsvorm is: „**wat doen**”, bv. sittende: **wat sit**, brekende: **wat breek**, sprekende: **wat spreek**, bedroewende: **wat bedroef (maak)**, verskeurende: **wat verskeur**. Daarenteen is die waarde van die verl. deelwoordsvorm: „wat gedoen is”, bv. gebreekte: **wat gebreek is**, bedroefde: **wat bedroef (gemaak is)**, vergete: **wat vergeet is**.

## Opdrag

1. *Voltooi die volgende sinne deur 'n vorm van die woord tussen hakies in te vul:*
  - (a) Dit is 'n (bedroef) feit dat ons hier te min werk.
  - (b) Waar sou hulle tog die (minag) houding vandaan kry?
  - (c) Onverstandige mense is (sien) blind en (hoor) doof.
  - (d) Sy het hom (bewonder) agternagekyk.
  - (e) Reken jy die (bygaan) stuk is (voldoen)?
  - (f) Jonas is (verbaas) sterk.
  - (g) Hoekom praat hy dan so half (beskuldig) na ons kant toe?
  - (h) Probeer die (sink) red voordat hulle verdrink.
  - (i) Die (nomineer) moet asseblief die vergadering verlaat voordat daar oor hulle gestem word.
  - (j) Hy is 'n (roep) in die woestyn.
2. *Gebruik in goeie volsinne:*  
siende blind, verregaande, nieteenstaande, skreiend, sensasiewekkend, belanghebbendes, belangstellendes.
3. *Gebruik die teenw. deelwoordvorm van die volgende in duidelike volsinne:*  
dartel, jubel, staan, ondergaan, verwoes, verpletter, verander, lawe.
4. *Vul die regte vorm van die werkwoord in:*
  - (a) Die (ploeg) lande is almal gesaai.
  - (b) Waarom skrywe jy nie die (vereis) lengte nie?
  - (c) Hy dra altyd 'n (stywe) boordjie.
  - (d) Sy met haar (verf) naels!
  - (e) Op die (verspoel) land wil niks groei nie.
  - (f) Hy lyk soos 'n (opblaas) padda.
  - (g) Aan die muur hang (vergroot) portrette.
  - (h) Wie is daardie seun met die (besproet) gesig?
  - (i) In die (beantwoord) vrae het hy goed gevaar, maar hy het te min beantwoord.
  - (j) Oor ons ver, (verlaat) vlaktes.

## 4. Die infinitief

Dit is die vorm *ná* „om te” of „te”:

lief wees om te lees.

Om mens te wees.

Die wwe. *ná* „sal”, „kan” en ander *hulpwwe.*, sê ons, is *infinitiewe*: sal **stap**, wil **lees**, moet **studeer**. Waarom noem ons dit infinitiewe, hoewel daar geen „te” of „om te” is nie?

Die antwoord voer ons te ver terug in die geskiedenis van die taal, maar ons kan tog hierop wys: omskrywe die *hulpwwe.*, dan volg daar wel 'n vorm met „te” of „om te”:

sal stap = is van plan om te stap

wil lees = het lus om te lees

moet studeer = is verplig om te studeer.

Daarom het ons steeds „wees” saam met 'n hulpwerkwoord:

Jy sal bly wees.

Hy wil die wolf wees.

Ons moet versigtig wees.

## Die gebruik van die infinitief, met en sonder „(om) te”

Behalwe die hulpwv. is daar net 'n paar wat deur 'n infinitief sonder „(om) te” gevolg kan word:

Hy gaan nou **slaap**.

Hulle kom by ons **speel**.

Dit begin al weer **reën**.

Julle moet ophou **raas**.

### Maar

Ons het hom gestuur **om die perde te (gaan) haal**.

Daar is besluit **om 'n konsert te reël**.

## Byvoeglike gebruik van die infinitief

Word die infin. **byvoeglik** gebruik, kry dit net „te” voor, dikwels nog met 'n (geërfde) -e-uitgang:

Dis nie **te danke** nie, dis **te betale**.

Die ongeluk was aan onversigtigheid **te wyte**.

Sorg dat jou aantekeninge altyd **te vind(e)** is.

Ons was julle eers later **te wagte**.

Dis **te hope** dat dit nie weer gebeur nie.

Die ernstige gevolge van sulke roekelose optrede is nouliks **te oorskat**.

Dit was nie **te voorsien** dat dit sou gebeur nie.

So iets is moeilik vooraf **te bepaal** (= bepaalbaar).

**Die attributiewe gebruik van 'n infinitief, d.w.s. voor 'n s.nw., is nie aan te beveel nie:**

Die *te houe* vergadering.

Die *te betale* skuld.

Die later *te bepale* vergadering.

## Omskrywinge word verkies:

– wat (nog) gehou, gespeel, betaal, bepaal moet word.

## Opdrag

*Vul die juiste vorm van die ww. tussen hakies in:*

(a) Daar is geen manier om voor 'n wedstryd (weet) te kom wie gaan wen nie.

(b) Dis vir my (weet) en vir jou (uitvind).

(c) Die beste het daar (gaan) lê en herkou.

(d) Ons gaan hom daar (uithaal).

(e) Ons gaan om hom daar (uithaal).

(f) Hulle is besig om al hulle goed (uitverkoop).

(g) Dit vereis inspanning (aanhou werk).

Ons kom nou by die gebruik van die werkwoordvorme.

## 5. Die drie basiese tye

Leerlinge ken uit die vorige standerds die begrippe **teenwoordige, verlede en toekomstige tyd**.

**Teenwoordige** ('n *onderwerp* plus die *infinitiefvorm*)

Ons **sing**.

Julle **sit**.

### **Toekomende (sal plus *infinitief*)**

Ons sal sing.

Julle sal sit.

### **Verlede**

Ons het gesing.

Julle het gesit.

Elkeen van hierdie tye kan egter ook op ander maniere uitgedruk word.

### **Die Teenwoordige**

Hulle is aan 't sing in die kamer.

Dis al klaar weer aan 't reën.

(aan + 't; of ook: aan + die.)

Die teenwoordige tydforme kan ook gebruik word in verband met begrippe van die toekomende en van die verlede tyd. Die begrip in die volgende pare is bv. **toekomend**:

(a) Hulle span kom môre.

Hy vertrek netnou.

(b) Dit gaan reën.

Daar kom moeilikheid as jy nie luister nie.

In die volgende sien ons weer die **verlede**:

(a) Toe ons by die dam kom, spring ons in.

Toe ons weer sien, is die motor op ons.

(Toe, wanneer 'n verhaal van wat verby is, vertel word.)

(b) Ons kom by die dam en ons spring in – maar was dit nie heerlik nie!

### **Dit is veral die bywoorde wat aangee watter tyd bedoel word.**

„Ons speel” kan enige „tyd” wees, maar kyk na:

Ons speel aldae in die tuin.

Ons speel môre teen die dorpspan.

Ons speel gister in die tuin, toe kry ons daar 'n slang.

Ons spring baie rond met die tydforme wanneer daar bywoorde van tyd by is:

Toe die seuns verlede week in die veld rondstap, kom hulle op 'n ou geraamte af. Die ding was baie verweer, maar hulle kon darem sien dis nie sommer 'n gewone dier s'n nie. Hulle laai dit toe versigtig op 'n draagbaar van takke en bring dit in dorp toe, waar die dokter die mening uitgespreek het dat dit die geraamte van 'n oermens is.

Kyk hoe deurmekaar staan verlede en teenwoordige tye hier. Dis egter maar 'n **skynbare** bontheid, want daardie **teenw. vorm plus 'n bw.** maak dit gelyk aan 'n **verl. tyd.**

### **Hulpwerkwoord + Hulpwerkwoord**

Sinne of sinsnedes waarin twee hulpwerkwoorde soos volg gebruik word: „Wil gekom het,” „moet gekom het,” „kan gekom het” in plaas van „wou kom,” „moes kom” en „kon kom” moet liefis nie toegelaat word nie. Op dieselfde manier word „sal gekom het” ook verkeerd gebruik. Die volgende voorbeelde verklaar die korrekte gebruik:

„Môre hierdie tyd sal hy seker al gekom het.”

„Hy sou toe enige tyd kom.”

„Hy sou voor 'n vasgestelde dag gekom het, maar hy het nie.”

## 6. Wense, bevele, veronderstellinge, voorwaardes, ens.

Ons „sê” dergelike waardes op twee maniere, nl. regstreeks en onregstreeks. Die regstreekse manier is om die woord „wens”, „beveel”, „veronderstel”, ens. self te gebruik en dan bv. te sê: Ek wens jy val af; ek beveel jou om te loop; ek veronderstel hulle weet hoe om te werk, ens. Dit is eenvoudig en skep geen probleme nie.

Die onregstreekse manier gee soms ’n bietjie las. Daarvoor gebruik ons bywoorde en verlede tydforme van die ww.:

Was jy maar hier om ons te help. (Vergeefse begeerte.)

Dalk kom hy nog. (Moontlikheid.)

Sy pa kon jou moontlik help. (Moontlikheid.)

As ek jy was, sou ek nie nou gaan nie. (Onwerklikheid.)

Ek wou dat jy op Bloksberg sit. (Wens.)

Wis ek dit maar! (Wens.)

Ek kon jou (nou) tog miskien help. (Vae moontlikheid.)

Dis ’n man van toet: was hy beter, dan was hy goed. (Onwerklikheid.)

### Opdrag

1. *Verduidelik die verskil in betekenis tussen die volgende pare sinne:*

(a) Ek sal dit nie doen nie.

(b) Ek sou dit nie doen (as ek jy was) nie.

(c) Ons kan so ’n grap maak, ja.

(d) Ons kon (nou) so ’n grap maak, ja.

(e) Ek wil graag nou ’n bietjie gaan stap.

(f) Ek wou graag nou ’n bietjie gaan stap.

2. *Kan jy sê wat die verskil tussen die volgende pare sinne is?*

(a) Ek was tog daar en was ek tog (maar) daar.

(b) Ek kon jou netnou help en ek kon jou (nou) help, maar . . . .

(c) Ek wou daar wees en ek wou dat ek daar was.

(d) Lank lewe ons onderwyser en ons onderwyser lewe lank.

## 7. Wwe. en s.nwe. in vaste verbindinge

’n Mens kan nie sommer enige ww. en enige s.nw. tot ’n paar voeg nie: die paar moet sin gee, bv. nie „die ink eet” nie, maar bv. wel „die ink vloei”, ens. Soms is daar min of meer vaste „pare” vir sekere betekenis, net soos ons al by die s.nw. gesien het.

Hier volg ’n lysie van sulke „pare”:

aandag bestee (skenk, gee)

met agterdog bejeën

aandag bestee (skenk, gee)

agterdog wek

bedrog pleeg

berou toon of voel

’n bevel uitvaardig

afstand doen (van)

bedrog pleeg

afstand doen (van)

met agterdog bejeën

beproeving deurstaan of oorleef

bestellinge plaas

die botoon voer (maar ’n oorwinning vier).

### Opdrag

1. *Wat kan ’n mens nog bestee behalwe aandag?*

2. *Wat kan ’n mens nog pleeg behalwe bedrog?*

3. *Antwoord nou op dieselfde wyse as in 1 en 2 op die volgende:*

- (a) opper (besware)
  - (b) begaan (foute)
  - (c) uitoeven (dissipline)
  - (d) steek (die draak)
  - (e) uithaal (fratse)
  - (f) verklap (geheime)
  - (g) verskaf (genoegdoening)
  - (h) bewys (hulde)
  - (i) verleen (hulp)
  - (j) betuig (instemming).
4. 'n Mens kan „kaf praat, skrywe, lees, verkondig, ens.’’, en jy kan „klagte aanhoor, indien, bespreek, verontagsaam’’. Watter ander wwe. kan 'n mens nog by elkeen van die volgende s.nwe. aanwend? (Die betekenis hoef nie dieselfde te wees nie.)
- (a) koers (kry)
  - (b) kommentaar (lewer)
  - (c) 'n komplot (smee)
  - (d) ontsteltenis (veroorzaak)
  - (e) die outeursreg (verkoop)
  - (f) kragte (meet)
  - (g) die kroon (span)
  - (h) leerstellinge (verkondig)
  - (i) maatreëls (tref)
  - (j) onderhandelinge (aanknoop).
5. *By watter van die s.nwe. in die volgende „pare’’ kan 'n mens nie 'n ander ww. gebruik nie?*  
 ondersoek instel, navraag doen, die loef afsteek, onluste aanwakker, opspraak (ver)wek, onreg pleeg, ontsag inboesem, lont ruik, die onderspit delf, plesier najaag.
6. *Bou mondeling volledige sinne met 'n aantal van die bostaande pare sodat die betekenis duidelik sal blyk.*

## OEFENINGE

1. Hout wat gekap is, is **gekapte** hout.  
*Wat is:*
- (a) boordjies wat gestywe is,
  - (b) die lengte wat vereis is,
  - (c) die lande wat omgeploeg is,
  - (d) die grond wat omgespit is,
  - (e) 'n moeder wat nie gehu het nie?
2. *Soos die vorige:*
- (a) gevangenes wat bevry is,
  - (b) 'n druk wat hersien is,
  - (c) aanvalle wat hernieu is,
  - (d) groente wat ontwater is,
  - (e) goedere wat iemand verloor het?
3. *Soos die vorige:*
- (a) 'n taak wat jy volbring het,
  - (b) 'n mosie wat niemand bestry nie,
  - (c) 'n komitee wat gekies is,
  - (d) vleis wat bevries is,
  - (e) yster wat hulle gegiet het.
4. *Verander die vorm van die werkwoorde en vul met selfstandige naamwoorde aan:*
- (a) Ons kom toe voor 'n (sluit) .....  
 Hulle vergader agter (sluit) .....
  - (b) Gee asseblief die (skink) ..... vir die gaste.  
 Moenie vir (skink) ..... lag nie.

- (c) Sy het 'n lyfie soos 'n styf (bind) .....  
Ek hou nie van so 'n (bind) ..... nie.
- (d) Dis jammer van die (bederf) .....  
Sy sal nog baie verdriet hê van daardie (bederf) .....
- (e) Vat die punt van die (deursteek) .....  
Natuurlik het die medepligtiges daarvan gewees; dit was immers 'n (deursteek) .....
5. *Gebruik skeibaar en onskeibaar in sinne:*  
oorlaai, oorlê, onderskep, deurboor, voorspel.
6. Invloed wat veredel, is **veredelende** invloed.  
*Wat is:*  
(a) kinders wat jubel,  
(b) vaart wat verbyster,  
(c) ondersoek wat deurtas,  
(d) onkunde wat ver gaan,  
(e) spelers wat veel belooft?
7. *Verander in die indirekte rede:*  
„Komaan!” het die leier uitgeroep, „daar’s werk vir julle seuns. In hierdie tye moet elkeen sy deel bydra. Begin vandag; moenie tot môre wag nie.”
8. Gebruik **kon, sou, was en wou** in sinne sodat hulle onwerklikhede in die teenwoordige tyd voorstel.

## G. BYWOORDE (bwe.)

Bywoorde gaan dikwels *saam met werkwoorde*, maar soms ook met *byvoeglike naamwoorde, telwoorde, ens.*

### 1. Saam met werkwoorde en ander woordsoorte

- (a) **Saam met werkwoorde, bv.**  
1. Hulle beweeg **haastig**.  
2. Hy skryf **netjies**.  
3. Hulle lewe **roekeloos**.
- (b) **Saam met ander bywoorde, bv.**  
1. Hulle beweeg **besonder** haastig.  
2. Hy skryf **danig** netjies.  
3. Hulle lewe **alte** roekeloos.
- (c) **Saam met byvoeglike naamwoorde, bv.**  
1. Ons beleef **bitter** koue dae.  
2. Dit is 'n **yslike** groot stuk.
- (d) **Saam met telwoorde, bv.**  
1. Al **twaalf** mense was daar.  
2. Dit het **ongeveer** twintig millimeter gereën.  
3. Jy stel **te veel** vrae.
- (e) **Saam met 'n hele sin:**

Daar is 'n groep bywoorde (dié van **modaliteit**) waarvan dit alleen duidelik is dat hulle 'n **sin se hele betekenis** beïnvloed, sonder dat ons kan sê dat hulle met dié of daardie bepaalde woord saamgaan:

Dis **dare** maar moeilik om die vrede te bewaar.  
Hy wou my **mos** nie glo toe ek hom gewaarsku het nie.  
Julle kan **maar** kom kuier as julle lus het.  
Sy ou bene wil hom nie meer **bra** dra nie.

## Opdrag

*Met watter woorde gaan die vetgedrukte woorde in die volgende sinne saam?*

Die moeë wandelaar sien **reikhalsend** uit na rus.

Sy kan **hoogstens** een-en-twintig wees.

Ek gooi hom mooi **volskoot** met die waatlemoenskil.

Hy kan **dare** nie **verbrands** alles wil hê nie.

Kom ons ruil **onbesiens**.

**Daar** **gunter** wei die bokke.

Ons het **herwaarts** en **derwaarts** gesoek.

Jy moet **soheentoe**, **boontoe**, **buitentoe** gaan.

Hy is **hoogs** ingenome daarmee.

Dit sal ek jou **geredelik** toegee.

Ek kan nie met hom werk nie, want hy is **aljimmers** siek.

'n Vakansie aan die strand is **allesins** die moeite werd.

Hy het sy plaas verkoop en sal **eersdaags** vertrek.

Ek gaan weg, sodat jy my **voortaan** nie meer sal sien nie.

So 'n besondere verskynsel kom maar **selde** voor.

**Vanmelewe** het mense meer gekuier as vandag.

Jy het jou **inderdaad** goed van jou taak gekwyt.

Sulke onbeskoftheid sal ek **geensins** toelaat nie.

Hy soek **tevergeefs** ('n vergeefse soektog.)

Hy het nie opgedaag nie; **vermoedelik** het hy siek geword.

Hy het **eertyds** anders gehandel as vandag.

Loop **solank**; ek kom **aanstons**.

Wag, laat ek loop; **aans** kom ek in die moeilikheid.

Hy het die werk sommer so **spelenderwys** gedoen.

## Verdere opdragte

1. *Gebruik in sinne:*  
desnoods, nietemin, immers, buitendien, boonop.
2. *Gee antonieme of teenstellingswoorde vir die woorde wat in die volgende sinne vet gedruk is:*
  - (a) Hy werk **snags** en .....
  - (b) Jy is **net** betyds vir die trein.
  - (c) So iets was **vroeër volop**.
  - (d) Hulle was **kort** gelede **hier**.
3. *Gee ander bywoorde wat naastenby sinonieme is vir die volgende, en gebruik die gegewe woorde in goeie volsinne:*  
gunter, meteens, nouliks, toentertyd, trapsgewys(e), bra, verreweg, naastenby, opsetlik, immers.
4. *Voltooi die volgende vaste pare:*  
Tot tyd en ....., altyd (te) sus of (te) .....,  
..... of nooit, ..... en been kla,  
herwaarts en ....., kort en ..... (2),  
hoog en ..... sweer, kort en ..... praat.
5. *Gebruik alle voltooide sinsnedes van die vorige oefening in duidelike volsinne.*

## 2. Die opstapeling van bywoorde

Dit is 'n besondere kenmerk van Afrikaans dat dit, meer as enige ander Germaanse taal, *verskillende bywoorde en soorte bwe.* (saam met voorsetsels) *in een en dieselfde sin gebruik.*

1. *Sê, by wyse van oefening, watter woorde in die volgende sinne bywoorde is:*  
 (a) Is hulle dan nie darem reeds alte danig ver weg vorentoe nie?  
 (b) Julle kan miskien netnou net so skuins voor sonder een-een so stilletjies teen die bult langs af begin stap.
2. *Probeer nou self 'n stuk of vyf, ses sinne bou soos die wat hier gegee is, maar sonder om dieselfde woorde as in die sinne te gebruik.*

### 3. Bywoorde in vaste verbindings

Net soos die ww. en die s.nw. en die b.nw. en die s.nw. dikwels min of meer vaste „pare” vorm, doen die bw. en veral die ww. dit dikwels ook, bv. **reikhalsend uitsien** (of **verlang**) na iets, **skoorvoetend nader kom** (of **vra**), ens. Hier volg 'n lysie van dergelikes:

**iets agterweë laat** (laat bly), **botweg weier**, **eenparig besluit**, **kortsigtig handel** (optree), **krampagtig vasklou** (vasklem, vashou).

#### Verdere voorbeelde:

woorde <b>kursief druk</b>	<b>mildelik of milddadig bydra</b> (gee)
<b>onsamehangend praat</b> (vertel, skrywe, antwoord)	
<b>naarstig(lik) soek</b>	<b>ontwykend antwoord</b>
<b>oogluikend toelaat</b>	<b>oorhands naai(werk)</b>
<b>oorhoops lê</b>	<b>opgeskeep sit</b> (met iets ongewens)
<b>plegtig belowe</b> (ondernem)	<b>jou presentabel maak</b>
<b>rondborstig erken</b> (sê, ens.)	<b>skril fluit</b>
<b>smagtend uitsien na iets</b>	<b>sleepvoet(end) loop</b>
<b>tydsaam werk</b> (handel, ens.)	<b>veelbetekenend knik</b> (lag, vra)
<b>jou welvoeglik gedra</b>	<b>wesenloos staar</b> (kyk)

### 4. Soorte bywoorde

Volgens hulle betekenis word bywoorde ingedeel in bywoorde van

1. **Plek** (waar, waarheen of waarnatoe):  
 Ons slaap **binne(kant)**, hulle speel **buite(kant)**.  
 Hulle woon **ver of naby of hier of daar**.  
 Soek maar **êrens, orals, bo, langsaan**.  
 Gaan die motor **soheentoe (soontoe)** of kom dit **hiernatoe (hierheen)**?
2. **Tyd** (toe, netnou, wanneer):  
 Vandag is hy siek, **môre** gezond.  
 Nou is dit goed, **vanmelewe** was dit verkeerd.  
 Ons is hulle **netnou** te wagte, maar hulle moes **lankal** hier gewees het.  
 Ander voorbeelde:  
**altyd, steeds, intussen, nooit, selde, vroeg of laat, destyds, deesdae, ooit, meteens, dadelik, straks, naaseergister.**
3. **Wyse, manier** (hoedanigheid):  
 Stap **stadiger**; jy stap te **vinnig**.  
 Loop **saggies**, die kinders slaap **lig** (los).  
**Hoe** doen 'n mens dit?  
 Ander voorbeelde:  
**sekuur skiet, ongereeld werk, smalend praat, dwars hardloop, regop loop, hoog sing, fluks vorder, onderhoudend skrywe, spaarsaam lewe.**

#### 4. Graad:

Dis baie ver soheentoe (daarnatoe).  
Daar was **hoogstens** twintig mense.  
Sulke diere is deesdae **uiters** seldsaam.  
So iets ag ek **hoogs** onwaarskynlik.

#### Ander voorbeelde:

**taamlik** goed, **so** moeilik, **byna** gesond, **amper** mis, **byna** raak, **nouliks** moontlik, **ontsettend** gevaarlik, **verbasend** vinnig, **gruwelik** stout.

#### 5. Modaliteit:

Alle ander soorte word gewoonlik **bywoorde van modaliteit** of **modale bywoorde genoem**. (Leerlinge kan hulle maar noem soos in die vlg. onderafdelings aangedui word):

##### (a) Doel:

Ons het nie eintlik op sigself staande bywoorde van doel nie, behalwe miskien **daarvoor** in „Jy sal moet werk **daarvoor**”. (In die reël gebruik ons woordgroepe: Hy lewe net **vir sy werk**, hulle werk **om te slaag**.)

##### (b) Oorsaak of Rede:

Ook oorsaak of rede word meestal met woordgroepe aangegee: Hy het dit **uit vrees** gesê. Hy kon **weens siekte** nie saamgaan nie. **Om watter rede** sou dit gebeur het? Voel jy sleg **oor die voorval**? (Ons kan tog sê: „**Daarom** voel ek sleg.”)

##### (c) Gevolg:

Die hoof is siek en daar is baie werk. Ek weet **dus** (derhalwe, **gevolglik**) nie so mooi of ek jou vroeg kan laat weggaan nie.

##### (d) Bevestiging:

Julle moet **beslis** kom, hoor.  
Dis **seker** waar, want hy jok **voorwaar** nooit.  
Hy kan **werklik** nie meer kom nie.  
So ook:

**bepaald**, **gewis**, **eerlik**, **stellig**, **ongetwyfeld**, **inderdaad**, **regtig**, (**rêrig**).

##### (e) Ontkenning:

Hy kan **nie** speel **nie**.  
Jy kan **onmoontlik** nou weggaan.  
Jy kan **nooit** so iets doen **nie**.  
Dis **geensins** seker dat dit gaan reën **nie**.  
Dit sal **nimmer** weer gebeur **nie**.  
Daar is **nêrens** mense **nie**.

### HERHALINGSOEFENINGE

#### 1. Verduidelik die verskil in betekenis tussen die volgende pare sinne:

- Ek sal dit nie doen nie.
- Ek sou dit nie doen (as ek in jou plek was) nie.
- Ons kan so 'n grap maak, ja.
- Ons kon so 'n grap maak, ja.
- Ek wil graag nou 'n bietjie gaan stap.
- Ek wou graag nou 'n bietjie gaan stap.
- Hy weet glo van ons vertrek.

- (h) Hy wis glo van ons vertrek.  
 (i) Ek dink nog jy weet daarvan.  
 (j) Ek dag nog jy wis daarvan.
2. *Skryf die volgende oor in die verlede tyd:*  
 (a) Daar kom vandeeweek twee kalwers aan.  
 (b) Om dit te doen, is nie maklik nie.  
 (c) Jy behoort nie so iets te sê nie.  
 (d) Julle durf dit nie doen nie.  
 (e) Hy kom sommer by die kombuis ingestorm.  
 (f) Die hond word vasgemaak om te voorkom dat hy vir besoekers blaf.  
 (g) Die trane loop oor sy wange as hy die storie sit en vertel.  
 (h) Jy hoef dit nie te doen as jy nie wil nie.  
 (i) Daar word vandag baie kinders gedoop.  
 (j) Klaas sien jou sy boeke vat.
3. *Skryf in die lydende vorm oor:*  
 (a) Dit skinder glo maar daar in die onderdorp.  
 (b) Moenie die aartappels skil nie.  
 (c) Maak die hond vas.  
 (d) Die klok het elke Sondag gelui.  
 (e) Doen nou jou werk.
4. *Vervang net die bywoorde of die voegwoorde om die tye van die volgende sinne te verander:*  
 (a) Hy skeer nou.  
 (b) Toe ons gister in die tuin kom, kry ons heerlike ryp perskes aan die boom.  
 (c) Doen dit môre, man.  
 (d) Dit reën al.  
 (e) Ons slaap van verlede week af aldaar buite.
5. *Skryf die volgende sinne oor in die teenwoordige tyd:*  
 (a) Hy wis lankal dat hy dit moes doen.  
 (b) Om dit te doen, het nogal moed vereis.  
 (c) Jy behoort dit mos al te gedoen het.  
 (d) Sy sal my blomme ook natgooi.  
 (e) Daar was mense wat dit nie geglo het nie.
6. *Gebruik in 'n bepaalde verband, sodat die betekenis duidelik blyk:*  
 dit wil sê, dis te sê, dit sê nie; jy het dit, daar het jy dit, ek het dit so.
7. *Wanneer sê jy:*  
 ek aanbid jou, bid jou aan, ditsem, dis dié, dit is?
8. *Wie is:*  
 die noodlydendes, ons naasbestaendes, die geteisterdes, die uitverkorenes, die uitgewekenes?
9. *Gee die onvolt. deelwoord van:*  
 sien, staan, ondergaan, dartel, jubel, belang stel, verpletter, bedroef, veredel, nader.
10. *Gebruik die gevormde deelwoorde van die vorige in sinne:*
11. *Kan julle sê watter funksie (werk) die deelwoorde in die gevormde sinne verrig?*
12. *Gebruik in sinne:*  
 veranderde en veranderende, deurboorde en deurborende, verveelde en vervelende, verlangde en verlangende.
13. *Wat is die stamwoord in:*  
 berede, gesonge, genote, gedane, gegote, bedorwe, (on)besonne, geslepe, verkreef, (on)ontgonne.
14. *Weet julle wat die vorige groep beteken?*
15. *Gebruik mondeling of skriftelik in sinne:*  
 gebinde, gebonde; opgewende, opgewonde; verslaande, verslane, verslae; geslypte, geslepe; versuipde, besope; opgeblaasde, opgeblase; gesnyde, besnede; gesiene; gebalde.

16. *Vul indien nodig die juiste vorm van die werkwoord tussen hakies in:*
- Het jy dit (onthou)?
  - Nee, ek het (vergeet).
  - Maar het jy (probeer)?
  - Dit het my te laat (byval).
  - Die koning het twintig jaar (regeer).
  - Het jy die versoeking (weerstand)?
  - Die inhoud is goed (weergee).
  - Die tuin is in 'n lushof (omskep).
  - Moeder het baie smart (deurstaan).
  - Iemand het seker my brief (onderskep).
17. *Soos die vorige:*
- Hy lyk my maar bra (onbeskaaf).
  - Sy brein moet (benewel) wees.
  - Daardie straf is (onverdien).
  - Al die stede lê (verwoes).
18. *Gebruik in 'n bepaalde verband, sodat die betekenis duidelik blyk:*  
 gelê en geslaap, gelê en slaap; dit wil gedoen wees; jy mag dit wel sê; ek laat my dit nie vertel nie; ek wou ook al sê; ek wou dit gedoen het, ek wou dit gedoen hê.
19. *Gebruik in sinne:*  
 sal gedoen het, sou gedoen het, sou doen; kon gedoen het, kon doen; was gedoen, is gedoen, word gedoen.
20. *Skrywe in die verlede tyd:*
- Jy behoort dit te weet.
  - Dit blyk die geval te wees.
  - Hy mag dit nie doen nie.
  - Ek sien hom gaan.
  - Waarom wil jy dit doen?
21. *Skrywe oor en vul „te” of „om te” in waar dit nodig is by die woorde tussen hakies:*
- (Lewe) is 'n groter kuns as (sterwe).
  - Dis vir my (weet) en vir jou (uitvind).
  - Ek hou daarvan (luister).
  - Ek weet nie hoe (skrywe) nie.
  - Dit is nou net weer (skinder).
22. *Gebruik mondeling in sinne om die verskil in betekenis te verduidelik tussen:*  
 te weet en te wete; te ken en te kenne; te dank, te danke en te wye; te doen en te laat; jou doen en late.

## H. VOORSETSELS

Voorsetsels is *verbindingswoorde* en *verhoudingswoorde*. In die sin:

Jan staan **agter** die bos in die tuin,

dien **agter** en **in** as *verbindingswoorde* (hulle verbind **bos** en **tuin** met die res van die sin), en ook as *verhoudingswoorde* (hulle dui aan wat Jan se verhouding is tot die boom en wat die boom se verhouding (of posisie) is tot die tuin.)

Voorsetsels verbind o.a. selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde met die res van die sin en dui hulle verhouding aan.

Voorsetsels word op verskillende maniere in sinne of uitdrukkinge ingespan.

## 1. S.nw. + ww. + voorsetsel

Ons praat van: **lug gee aan** jou gevoelens, **trou sweer aan** iemand, **kennis maak met** iemand, **beslag lê op** iets, ens. Sulke vaste groepe moet julle maar leer.

### OEFENINGE

#### (mondeling)

1. *Kyk dan nou by watter van die dinge wat hier regs gedruk staan, jy die groepe wat links staan, kan gebruik:*
- |                           |   |
|---------------------------|---|
| misbruik maak van         | 'n mededinger, 'n teenstander   |
| (jou) opwagting maak by   | ander se goedheid, liggelowigheid   |
| rekening hou met          | mense, menings  |
| (die) stryd aanknoop teen | jou optrede, houding  |
| trou sweer aan            | vriende, kennisse, 'n hooggeplaaste   |
| uitvoering gee aan        | sekere feite, aspekte van 'n saak, spyt, vreugde, teleurstelling, jou vriende, jou vaderland, feite, omstandighede, 'n besluit, voornemens. |

Die volgende is moeilik. Jy kan groots voel as jy dit kan doen:

2. *Vul die ontbrekende s.nw. in die volgende sinne in:*
- (a) Die minister het daarin toegestem om aan die afvaardiging ..... te verleen.
  - (b) As jy jou ..... tot geweld neem, gaan jy jou teen meerdere geweld vasloop.
  - (c) Daar is geen ..... gemaak van ekstra werk wat gedoen moet word nie.
  - (d) Daar word planne beraam om betyds ..... en perk te stel aan die kwaad.
  - (e) Die moderne nywerheid is verplig om ..... te hou met die nuwe bevindinge van die wetenskap.
  - (f) Met dié soort praatjies saai julle net ..... tussen (onder) die mense.
3. *Vul die ontbrekende woord in:*
- 'n vonnis vel ..... 'n beskuldigde.
  - voorsien ..... middele.
  - voorsiening ..... vir baie gaste, uitbreiding.
  - weerstand bied ..... poginge, aanvalle.
  - woorde wissel ..... andersdenkendes, mekaar.
  - ..... wissel oor onderwerpe, verskilpunte.

## 2. Voorsetsel + s.nw. + ww.

'n Ander soort, nl. voors. + s.nw. + ww. het dieselfde bestanddele as die vorige, maar word anders ingespan: **in hegtenis neem** teenoor **beslag lê op**.

Ook hier moet op die vaste groepe en op ongewone woorde gelet word.

### Opdrag

1. *Ken jy die volgende?*

#### Keusewoorde

vir betrekings, pryse  
omstandighede, faktore  
briewe, aantyinge  
sekere faktore of feite  
sake wat tyd of aandag  
by jou ouers, bure, onderwysers  
vir vriende, beskuldigdes, verdagtes  
'n goeie oordeel, kalmte  
belange, sake kan

#### Vaste Groep

in aanmerking kom  
in aanmerking neem  
aan my (iemand se) adres rig  
buite beskouing laat  
in beslag neem  
in 'n goeie blaadjie staan  
in die bres tree  
aan die dag lê  
in die gedrang kom

voorstelle, middele, metodes

aan die hand doen

stout kinders, werknemers

aan die hand gee

kwaad, onenigheid

onder hande neem

voorstelle, aanbiedinge, uitnodigings

in die hand werk

oortreders, diewe, moordenaars,

van die hand wys

skelms, onderkruipers, oncerlikes

in hegtenis neem

aan die kaak stel

2. *Watter van die woorde of woordgroepe tussen hakies kan die volgende onvolledige sinne voltooi? (Beantwoord mondeling.)*

(a) Hy het al dikwels in gebreke gebly (omdat hy dit nie kon regmaak nie, om sy beloftes na te kom, wat gelek het, om sy huur te betaal).

(b) Jy kan nie dié (man, perd, sloot, kind) om die bos lei nie.

(c) Hy het die (hoeksteen, predikant, verklaring, nuweling) onder eed bevestig.

(d) Sulke uitlatings bring net die (lug, water, mense, atmosfeer, gemeenskap) in beroering.

(e) Onthou tog om die (katte, lede, boeke, boekhouer) in kennis te stel as die reël-ings verander word.

(f) Jy verloor te veel (balle, feite, voëls, gesigspunte, potlode) uit die oog.

3. *Kyk of jy die volgende ken:*

**Keusewoorde**

verenigings, komitees

met ideë of 'n wa of 'n kar

opvattinge, stories

belangstellendes, vriende

'n saak, twis, onenigheid

onregplegers, onderkruipers

iemand, 'n goedgelowige

'n afgelope periode, lewe, jaar

gebruike, gewoontes, artikels

gunsteling, hooggeplaastes

minderjariges, oningewydes, onervarenes

sake, twispunte

'n mededinger of sy poginge

planne, allerlei voornemens

voorstelle, uitvoeringe

'n huis, vereniging

**Vaste Groep**

in die lewe roep

op loop sit

uit die lug gryp

aan die ('n) lyntjie hou

in der minne skik

in dieselfde munt betaal

aan die neus lei

in oënskou neem

raak in onbruik

val (soms) in ongenade

raak in onguns

met raad en daad bystaan

in die reine bring

in die skaduwee stel

in die skild voer

val in die smaak

in stand hou.

4. Beteeken **appèl aanteken teen en appelleer teen** dieselfde? En van mening wees en **meen**?

*Probeer nou ook om die volgende korter te stel:*

belangstelling toon **in**

iets **in** twyfel trek

geloof heg **aan** iets

vertroue stel **in** iemand

5. *Gee een woord vir elkeen van die groepies woorde wat in die volgende sinne tussen hakies staan: (mondeling).*

(a) Jy moet die ou rommel (tot niet maak).

(b) Ons kan dit aan Piet (se adres rig).

(c) Wanneer sal die samesprekinge (tot 'n einde gebring) word?

(d) Die waarheid daarvan kan 'n mens (in twyfel trek).

(e) Jy sal hom net (in die war stuur) met so baie opdragte tegelyk.

6. *Sê in jou eie woorde wat die uitdrukkinge in die vaste groep hieronder beteken:*

<b>Keusewoorde</b>	<b>Vaste Groep</b>
begaafdes, middelmatiges, ens., kan gebeurtenisse, voorvalle, onverwagte dinge kan 'n mens jouself, ander mense ouers, vriende, helpers met die openbare mening, met jou be- amptes, owerhede optrede, verbeteringe, planne 'n slegte of swak saak ouers, onderwysers, ens. kan tog ten slotte organisasies, planne iemand se raad of aanbevelings	met hulle talente woeker uit die veld slaan  in die verderf stort in die verleentheid bring in voeling by  in die vooruitsig stel in goeie voue lê agter die waarheid kom  tree in werking in die wind slaan

3. S.nw. + Voorsetel

Die volgende soort, s.nw. + voors., is eintlik maar dieselfde as een van die voriges, s.nw. + ww. + voors., en die voors. is ook meestal dieselfde, maar die groep word as 'n ander deel van 'n sin gebruik:

aansoek doen om 'n betrekking.

'n aansoek om 'n betrekking instuur.

Die s.nw. is hier dus net sonder sy gebruike werkwoordelike maat:

aanspraak maak op	aanspraak op
beskerming verleen teen	beskerming teen
afkeer hê van	afkeer van.

*Vul keusewoorde regs in:*

<b>Vaste Groep</b>	<b>Keusewoorde</b>
aandag by	die ..... hê of hou of bepaal
aandag aan	... .. bestee, wy
aanleiding tot	..... gee
aanspraak op	.... .. maak
afbreuk aan	..... doen
beroep op	..... doen
beskuldiging teen	.....
beslag op	.....
blootstelling aan	.....
bydrac tot	.. ..
gehoor aan	.....
'n hekel aan	.....

*Lees die volgende rustig deur om vas te stel of jy alles ken:*

hoop op	verlossing, uitkoms
inbreuk op	regte, vrye tyd, vryheid van ander
uitspraak teen	'n appellant, klaer, beklaagde
uitspraak vir of ten gunste van	'n appellant, klaer, beklaagde
verset teen	gevangeneming, voorstelle, planne
verwysing na	briewe, kantore
voldoening aan	versoeke
voorsiening in	behoefes
voorkeur aan	sekere dinge of mense bo ander
wantroue in	sprekers, die toekoms

#### 4. B.nw. + Voorsetsel

Die volgende soort, b.nw. + voors., verskil eintlik net in woordsoort van die vorige. Vergelyk die volgende:

afkeer hê van  
afkeer van  
afkerig van

ingenomenheid betuig met  
ingenomenheid met  
ingenome met.

**Vaste Groep**  
afkerig van  
behep met  
belus op  
bestand teen  
bewus van  
geheg aan  
gekant teen  
gekonfyt in  
geneig tot  
gesteld op  
ingenome met  
onderhewig aan  
onderworpe aan

**Keusewoorde**  
modepopperry, lawaaicry, dansery  
opvattinge, ideë  
drank, skinderstories  
siekte, aanvalle, droogte, koue  
sonde, gevare, moontlikhede  
sy huis, ouers, die plaas  
voorstelle, ideë, mense  
iets wat vaardigheid vereis  
kwaad, goed  
jou klere, voorkoms, huis  
mense, voorstelle, 'n buurt  
kwale, die suidooster, enige kwaad  
goedkeuring, bepalinge.

#### OEFENING (mondeling)

1. *Watter van die woordgroepe (met voorsetsels) wat tussen hakies staan, kan die volgende onvolledige sinne voltooi?*
  - (a) Die vader is (versorg deur, sorgend vir, besorg oor) sy kind wat niks verdien nie.
  - (b) Hulle woon daar (versteek in, verstoke van, ontstoke van) die meeste geriewe van die beskawing.
  - (c) Is jy dan ook (vermoed deur, bemoei met, gemoed met) die saak?
  - (d) Na soveel jare ervaring sal hy wel deeglik (getrou met, trou aan, vertrou met) die saak wees.
  - (e) Ons voel 'n bietjie (besorg oor, onrustig vir, verontrus met) die bergklimmers wat nog nie tuis is nie.
  - (f) Hy is lelik (teleurgestel met, geskok deur, teleurgestel in) sy hoë verwagtinge.
2. *Vul die ontbrekende woord(e) in:*
  - (a) Ontbloot ..... alle waarheid
  - (b) Ontleen aan ander .....
  - (c) Ontvanklik ..... indrukke, stemminge
  - (d) Oortuig van ..... se goeie bedoelinge, die waarheid
  - (e) Vatbaar ..... oortuiging, goeie indrukke
  - (f) Verantwoordelik vir .....
  - (g) Verbonde ..... 'n personeel, 'n huishouding
  - (h) Verheug oor .....
  - (i) Verknog aan .....
  - (j) Verslaaf aan .....
  - (k) Verstoke van .....
  - (l) Vertrou ..... sake, toestande, tale
  - (m) Verwant ..... familie
  - (n) Voorsien ..... benodigdhede, kos en klere
  - (o) ..... jeens oud en jonk, mooi en lelik.

## 5. Voorsetsel + S.nw.

### OEFENING

*Sê in jou eie woorde wat elke van die volgende beteken:*

(mondeling)

#### Vaste Groep

in aansien  
in aantog  
uit afguns  
uit beginsel  
onder beheer  
na behore  
by benadering  
te berde  
onder bespreking wees,  
al om die ander, derde

#### Keusewoorde

toeneem, styg  
wees na 'n plek  
dinge doen of laat  
beswaar maak  
hê, kry, kom, plaas  
handel, gee  
reg, aangee, bereken  
bring (net die één ww.)  
kom  
dag, week, uur.

(Wie sê: „*elke tweede dag, week, uur*”, ens., vir bostaande, d.w.s. in 'n groep of 'n reeks waar gereeld een of meer oorgeslaan word, praat Anglisisties. Maar ons kan sê elke veertien dae, elke derde week, ens.)

in my (sy) enigheid  
op my (sy) erewoord  
uit ervaring  
van (ge)oord (heid)  
in gelid  
in die haak

dink, twyfel, wonder  
iets beloof, onderneem, sê  
weet of kan sê hoe dit sal gaan  
sag of hoogmoedig ..... wees  
staan, marsjeer, stap  
wees of bring

Ons kan sê:  **vriendelik jeens iemand**, of praat van:  **vriendelikheid jeens iemand**, maar as die sin nou só begin: „Hy het dit gedoen . . .” en jy wil verder sê dat vriendelikheid hom dit laat doen het, hoe moet die sin dán voltooi word?

*Hier is twee maniere:*

- (a) Met 'n bysin: Hy het dit gedoen omdat hy vriendelik (jeens iemand) gesind is, òf  
(b) met 'n voors. en 'n s.nw. van „vriendelik”, bv. so: Hy het dit uit vriendelikheid (jeens iemand) gedoen.

### ALGEMENE OEFENINGE

(mondeling)

1. Kies uit die lys van wwe. tussen hakies, die wat die volgende sinne kan voltooi:
- (a) 'n Dier word nie ter aarde (begrawe, bestel, gedra, versorg) nie.  
(b) Die plantjies het deur die bank (gedood, verkoop, gegroei).  
(c) Jy kan jou besware opper wanneer die konsepooreenkoms onder bespreking (val, kom, verskyn, geplaas word).  
(d) As die ouers weg is, kan die kinders na hartelus (knoei, kook, ravot, stook, bak en brou).  
(e) Jy moet hulle betyds tot kalmte (paai, saai, maan, aansê); anders loop dit verkeerdt.  
(f) Die hele skool is weens die uitbreek van witseerkeel onder kwarantyn (gestel, geplaas, bedek, gesit).  
(g) Ons moet na regte vanmiddag (bestudeer, verwyder, vertrek, studeer, sê, spit) maar ons het meer lus om te gaan stap.

- (h) Hy moet van sy sinne (geroof, geraak, aangetas, beroof, ontdaan) wees om so iets aan te vang.
- (i) Dis nie reg dat jy die kwaad (doen, maak, verrig, uitrig, aanvang) en èk moet aan die pen (staan, reis, werk, ry, sleep) nie.
- (j) Ek sal jou die geld voorskiet, mits ek twee skilderye van jou in pand (gee, hou, kry, toedraai, bêre, belê).
2. *Plaas een van die keusegroep regs by een van die vaste groep waarmee dit kan saamgaan:*

**Vaste Groep**  
 ter insage  
 op die keper  
 op (dreef) koers  
 in sekere mate  
 in 'n ommesientjie  
 by nader ondersoek  
 in die openbaar  
 om die rede

**Keusewoorde**  
 beskou, betrag  
 waar of onwaar wees  
 klaar wees of maak, kom  
 blyk dat, skyn dit asof  
 waar, goed, bruikbaar wees  
 optree, werk  
 kom. wees  
 help, bystaan  
 sê, verklaar, optree, veroordeel  
 stel, kom (produkte, bv.)  
 stuur, ontvang  
 weier, iets doen.

**L.W.** Daar word al so lank teen die Anglisisme *vir die rede* opgetree dat die gebruik daarvan met 'n boete behoort gestraf te word! *Herhaal wat dit moet wees . . . die rede.*

3. *Soos die vorige:*  
**buite rekening**  
**in rep en roer**  
**ter sake**  
**onder vier oë**  
**met siekteverlof**  
**in sig**  
**op sig**  
**op skrif**  
**agter slot en grendel**  
**in swang**

spreek, sien  
 wees, raak, bring  
 kom, kry, wees  
 laat, sit, hou  
 kom, wees  
 stel, gee  
 koop, verkoop  
 weggaan, wees  
 wees, praat, redeneer

**L.W.** Wees tog baie versigtig met die laaste voorbeeld. „In swang (wees, kom)” beteken „in die mode”, nie „aan die gang” nie. „*Die konsert is in volle swang*” is dus fout en is letterlik „vertaal” uit Engels „in swing” en moet lui „in volle gang”. Goed is bv. „Lang rokke is nou weer in swang”, „aandhuwelike was 'n tyd lank in swang”.

4. *In die volgende sinne is daar verskillende woordsoorte uitgelaat, soms wwe., soms s.nwe., soms voors., ens. Vul hulle mondeling in:*
- (a) Dis vir 'n appel en 'n ..... verkoop.
- (b) Hulle is voor dag en ..... al weg.
- (c) Dit leef maar van gunste en .....
- (d) Daar is vrugte te kus en te .....
- (e) 'n Kind ken geen myn en ..... as hy dit nie van kleins af leer nie.
- (f) So iets gebeur maar ..... of nooit.
- (g) Die salaristrekker wat ..... prag en praal wil lewe, sal gou bankrot speel.

- (h) Hulle het ..... en stomp verkoop en weggetrek.  
 (i) Tot tyd en ..... dat 'n verbetering aangebring word, sal ons maar genoeg moet neem ..... die huidige toestand.  
 (j) Lees bladsy 70 tot en ..... 90 (d.w.s. bl. 70 en 90 moet albei ingesluit wees).  
 (k) Die konsert is ..... (= het al begin).  
 (l) Kort baadjies is nou ..... (= in die mode).
5. *Sê wat elkeen van die volgende vaste groepe saam met sy keusewoorde beteken:*
- | Vaste Groep                 | Keusewoorde                       |
|-----------------------------|-----------------------------------|
| by of per toeval            | gebeur, te wete kom               |
| by uitsondering             | gebeur, voorval                   |
| in vadersnaam               | ophou, uitskei, stilbly           |
| tot (iemand) se verbasing   | hoor, verneem, sien               |
| in (die) verleentheid       | bring, geraak, wees               |
| op versoek                  | dinge laat staan of doen, insluit |
| by voorbaat                 | weet, bedank, versoek             |
| bo (iemand se) vuurmaakplek | raak, wees                        |
| na alle waarskynlikheid     | gebeur dit wel of nie             |
| teen wil en dank            | ja of nee sê, moet hardloop       |
6. *Watter van die woordgroepe (met voorsetsel) wat tussen hakies staan, kan die sinne hieronder voltooi?*
- (a) 'n Mens kan partykeer lelik bontstaan as jy sommerso (voor die vuis, voor die voet, uit die vuis) iets moet sê.  
 (b) Ek wis nie 'n mens kon so skoon (in die waan, deur die wind, van toet) raak deur vas te slaap nie.  
 (c) Hy, meer as iemand anders, is digter (met verdrag, by uitnemendheid, aan die woord).  
 (d) 'n Mens weet (by tye, op gesette tye, tot tyd en wyl) darem ook nie mooi wat om te doen en wat om te laat staan nie.  
 (e) Met al sy buitelandse ervaring en sy kennis van die regte, sal hy (bo verwagting, by uitstek, na willekeur) geskik wees om ons land as gesant te verteenwoordig.
7. *Wanneer sê of gebruik 'n mens die volgende?*
- | Vaste Groep                  | Keusewoorde                   |
|------------------------------|-------------------------------|
| tussen die boom en die bas   | verkeer, beland, gaan         |
| van kwaad tot erger          | gaan, word                    |
| met man en muis              | vergaan, verswelg word        |
| van Pontius na Pilatus       | (rond)stuur, rondjaag         |
| met raad en daad             | mense help, bystaan, steun    |
| in rep en roer               | verkeer, wees, bring          |
| in sak en as                 | sit, verkeer                  |
| (met) sak en pak, pak en sak | vertrek, gaan kuier           |
| deur skade en skande         | wysheid leer, verstandig word |
| teen wil en dank             | optree, help, moet werk       |
8. *Vul die ontbrekende woord(e) in elkeen van die volgende sinne in:*
- (a) Hulle sal jou van ..... na stuurboord laat loop en jy sal nog nie geholpe wees nie.  
 (b) As jy regtig honger is, sal jy sulke vleis ook met ..... en haar opeet.  
 (c) As jy jou goedjies nie ..... slot en ..... hou nie, steel hulle jou ..... en kaal.  
 (d) ..... jou handel en wandel sal jy geoordeel word.  
 (e) Hy is nes 'n volstruis; waar hy kom, is hy .....  
 (f) Die ou is deur en ..... skelm.

In plaas van twee vaste s.nwe., is daar soms twee vaste voorsetsels een voor en een na, met 'n vaste s.nw. *Die volgende s.nw. (vw., ens.) word dan vryelik gekies volgens die bedoeling en die moontlikhede:*

met betrekking tot  
ten behoewe van  
in (die) naam van

mense, onderwerpe  
ander of jouself  
die Heer, 'n koning

In die meeste gevalle het hierdie vaste drie-groep die waarde van een enkele voorsetsel. Vergelyk maar, bv.:

met betrekking tot	betreffende	jou, my
ten behoewe van	vir	jou, my
in (die) naam van	namens	jou, my

9. *Vul die ontbrekende woord(e) in:*

**Vaste Groep**

op aandrang .....  
op aanklag .....  
na aanleiding .....  
in antwoord op .....  
in antwoord .....  
ten bate van .....  
ten bedrae .....  
ten behoewe van .....  
in die belang van .....  
deur bemiddeling van .....

**Keusewoorde**

belangstellendes, bewonderaars  
verraad, brandstigting, meineed  
wat gesê is, briewe, vrae  
.....  
'n brief, vraag, skrywe  
.....  
honderde ponde, ens.  
.....  
.....  
.....

10. *Watter van die woorde of woordgroepe tussen hakies kan die volgende sinne voltooi?*

- (a) As jy lasterlike dinge sê ten aanhore van (klavierspel, klagtes, getuies), stel jy jou bloot (weens, aan, tot, vir) vervolging.  
(b) Ek skrywe aan u ter bekragtiging van (die draad, die gesprek, die radio) wat ons gevoer het.  
(c) Ons kan jou weinig raad gee, jy sal maar moet (skrywe, handel, ageer) na bevind van sake.  
(d) Hy is vereer (op, met, by, uit) hoofde van sy lange jare van getroue diens.  
(e) Jy mag jou nie verryk (op, met, ten) koste van die armes nie.  
(f) Dis nie vandag se dinge nie, dis al van (toeka, verlede, gister, meet) af so.

11. *Lees deur en kyk of jy die volgende ken:*

in die bestek van  
met betrekking tot  
ter ere van  
by gebrek aan  
op gevaar af  
ten gunste van  
op 'n haar na  
ter herinnering aan  
op hoop van  
met inagneming van  
met inbegrip van  
op koste van  
ten koste van  
onder leiding van  
met medewerking van  
te midde van  
by monde van  
ten nadele van

'n beperkte of ruim getal bladsye  
die onderhawige saak, 'n onderwerp  
'n staatsman, 'n held  
brood (eet ons korsies van pastei), vleis  
van te verdrink, van te verongeluk  
'n voorstel, 'n kandidaat, 'n plan  
raak of mis of dood of verongeluk  
geliefde dodes, geëerde ontslapenes  
seën, beter, welslae  
alle feite, omstandighede, die doel  
ander dinge, artikels, die vorige sake  
die staat, gemeenskap, skool  
'n benadeelde  
'n bekwame aanvoerder, 'n ervare voorsitter  
alle liggame, die stadsraad  
benarde omstandighede, baie werk  
die voorsitter, 'n verteenwoordiger  
jouself, ander mense, jou vriende.

12. *Watter van die woorde of woordgroepe tussen hakies kan die volgende sinne voltooi?*

- (a) Die vergadering word gehou (by, ten, aan, in) huise van die voorsitter, (onder beskerming van, in bevel van, op grond van, in opdrag van) die dagbestuur.  
(b) Die straf wissel na (bevind, ondersoek, gelang) van omstandighede.

- (c) Jy sal seker self die dief kan opspoor as jy dit doen (na, deur, in, by) oorleg (van, met, tot) die polisie.
- (d) Eers het die kos verbrand en toe, (tot oormaat van, op 'n nerf na, op gevaar af van) ramp, het daar ekstra gaste opgedaag.
13. *Vul die ontbrekende voorsetsels (of ander woorde) in, en sê wat elke vetgedrukte groep woorde beteken:*
- (a) (1) Die stelsel **gaan mank** ..... baie gebreke.  
 (2) Die hond is **mank** ..... 'n besering.  
 (3) Dis ..... **ouderdom** dat hy so lyk.  
 (4) Hy het 'n **afkeer** ..... vleierey en 'n **hekel** ..... grootdoenery.  
 (5) ..... **dié omstandighede** bly ek dan maar tuis.  
 (6) As die **nood** ..... die man kom, is hy nooit naby nie.
- (b) (1) Illustreer dit ..... **behulp** ..... syfers en grafieke.  
 (2) Ek wonder ..... **grond** ..... hy dit gesê het.  
 (3) Die verhaal is net ..... **dele** waar.  
 (4) Handel dan maar ..... **eie goeddunke**.  
 (5) **Ontferm** julle julle nie ..... ander nie?  
 (6) Die klavierstuk het nie ..... die **smaak** geval nie.
- (c) (1) **Behoort** Piet ook ..... julle groep?  
 (2) Julle sal moet wag ..... **tyd en wyl** sake gunstiger is.  
 (3) Hy behoort ..... **regte** eintlik tuis te bly.  
 (4) Hoeveel ontvang hy ..... **week**?  
 (5) As dit ..... **stuk** ..... sake kom, sal ons seker maar weer alleen die spit moet afbyt.  
 (6) Sy gedrag is nouliks ..... **ooreenstemming** ..... sy woorde.
- (d) (1) Dit word darem nou ..... **die dag** erger.  
 (2) Sy **heet** ..... haar ma.  
 (3) **Vra** hom ..... nadere besonderhede.  
 (4) As 'n paartjie ..... **die huwelik tree**, gebeur dit ..... **die kerk** of ..... 'n **magistraat**.  
 (5) Die ou spul rommel is my ..... **geen nut** meer nie.  
 (6) Hulle word ..... **die noodregulasie** vervolg.

## I. VOEGWOORDE (voegwe.)

Voegwoorde is woorde soos **en, maar, want**, ens. wat woorde, sinsnedes of sinne aanmekaar *verbind* of *voeg*:

Jan en Piet is broers.  
 Jan stap, **maar** Piet ry.  
 Ek moet ry, **want** dit word laat.  
 Hy is vis nòg vlees.

*Voltooi nou die volgende sodat dit „sin” sal hê, iets sal „sê”, en wees soos ons praat:*

Pas op vir vuur ..... die wind waai.  
 Jy kan nie slaag ..... jy werk nie.  
 Ons speel nooit ..... ons werk klaar is nie.

Die woorde wat ingevoeg word, is **voegwoorde**.

### Opdrag

*Watter twee woorde of groepe woorde word in onderstaande sinne aan mekaar gevoeg? Sê in elke geval ook wat die voegwoord dan is.*

Weet jy wanneer die trein vertrek?  
Die mens werk omdat hy moet.  
Wees versigtig dat jy nie struikel nie.  
Ek wis nie dat hy dit weggegooi het nie.  
Nou sien jy self hoe hoog dit is.  
Moenie speel wanneer jy moet werk nie.  
Die ou is arm maar gesond.  
Is die naald in of op die masjien?  
Kom kuier sodra jou geweer heel is.  
Kom kuier en bring jou vriend saam.

In sts. 7 tot 8 moet leerlinge al die volgende kan gebruik:  
nogtans, derhalwe, nietemin, namate, gevolglik, desondanks, tensy, hoewel, daarom,  
omdat, aangesien, òf . . . . òf.

*Gebruik hulle sommer nou in volsinne.*

Die volgende illustreer die regte gebruik van 'n paar voegwoorde wat dikwels verkeerd voorkom:

**Tensy** jy werk, gaan jy sak.  
Ek gaan nie, **tensy** jy saamgaan.

(Gebruik „nie” liewer nooit in sts. 7 tot 8 saam met „tensy” nie.)

Jy kan nog slaag mits jy nou begin werk.

Mits ek nie lank hoef te wag nie, kan jy jou maar eers aantrek.

(„Mits” beteken „indien”, nie „omdat” nie.)

Ons sal kom sodra (of wanneer) ons klaar is.

(Vermy „soos” i.p.v. „sodra”.)

Is dit daarom dat (i.p.v. *daaroor wat*) hy so lawaai?

Dis die eerste keer dat (nie *wat* nie) ek dit hoor.

Sedert die dag toe (of dat, nie *wat* nie) sy moeder oorlede is, het ons hom nog nie weer gesien nie.

Dis omdat (nie *oor* nie) hy skuldig is dat hy kwaad word.

**Voegwoorde en woordorde**

Pasop vir **egter**: dit staan nooit aan die begin van 'n sin nie. Die volgende is reg:

Ons het geraas, ja; ons het egter nie geweet dat daar siekte is nie.

Die hond het doodstil gelê; toe die man egter 'n klip optel, het hy hom bevlie.

**Woordorde ná „en”**

Die woordorde ná „en” is dieselfde as daarvoor:

Die een speel en die ander raas.

Ons was moeg van heeldag stap en ons was nie lus om nog te speel ook nie.

Maar let nou op wat gebeur as „en” deur 'n bywoord gevolg word:

Die een speel en intussen werk die ander.

Ons was moeg van die stap en gevolglik was ons nie lus vir speel nie.

Hy het baie gesukkel en dus is dit begryplik dat hy tou opgegooi het.

Sodra „en” deur 'n bywoord gevolg word, kom die ww. van die „en”-sin dus ná die bw.:

Ons was tuis en toe het ons lekker gerus.

## OEFENING

*Bou sinne waarin „en” twee sinne verbind en plaas agtereenvolgens die volgende woorde na „en”:* toe, daarna, nogtans, intussen, terselfdertyd, dus, gewoonlik, tog, vanaand, hier.

### Woordorde ná dubbele voegwoorde

Veral ná „dat, as”, „dat, sodra”, „dat, hoewel”, ens., word daar dikwels met die woordorde „gesondig”. Hoe moet dit wees? Vorm eers ’n sin net met „dat” en kyk self:

Hulle sê **dat dit gaan reën.**

Ons het gesien **dat hy val.**

Ná „dat” staan die onderwerp dus eerste. Hou dit so, ook wanneer „dat” onmiddellik deur ’n ander voegwoord gevolg word:

Hulle het gesê **dat, as dit nie reën nie, hulle sal saamgaan.**

Ons verwag **dat, hoewel hy nog siek is, hy gou sal herstel.**

Dis duidelik **dat, sodra daar twee voegwoorde bymekaar staan, ’n mens versigtig moet wees.**

Ons reken **dat, wanneer die nuwe skool klaar is, ons baie ruimte sal hê.**

Jy moet onthou **dat, tensy jy werk, jy nie betaal word nie.**

## OEFENING

*Vultooi die volgende sinne op sinvolle wyse (en let op die woordorde):*

- (a) Omdat die melkjong siek was en ons geen melk in die huis gehad het nie, . . . . .
- (b) Ons sou jou kom help, maar nou is daar siekte in die huis; gevolglik . . . . .
- (c) Die perd wat ons jou wou gee om te ry, het weggehardloop, en . . . . .
- (d) Of julle nou al wil en of . . . . .
- (e) Nee, maar ore het hulle mos nie, en as . . . . .
- (f) Dis nou net verseg . . . . .
- (g) Julle moet my goed verstaan dat, tensy . . . . .
- (h) Ek stem saam met jou, hoewel, as ek volgens my gevoel moet gaan . . . . .

## J. DIE UITROEP (tussenwerpsel)

As ’n mens skielik of onverwags of ná hoë spanning skrik of verras word of baie bly is, „skreeu” jy dikwels, bv.: **O! Hierjy! Soe! Aitsa! Lekker!** Ons noem dit **uitroepe**, omdat dit uitgeroep of (uit)geskreeu word. Dit is meestal net spontane uitinge van gevoel, maar het self geen bepaalde betekenis nie: ’n ryperd (s.nw.) is ’n bepaalde soort perd, maar ’n mens kan in baie verskillende omstandighede skreeu „Ryperd!” (met die nadruk op perd).

Maar sulke uitroepe word soms deur kort sinne gevolg:

Ryperd! Kyk hoe maklik skop so ’n vleuel!

Aitsa! Ek het nie geweet die kole is nog so warm nie!

Hierjy! Maar kyk hoe laat so ’n brak my skrik!

## OEFENING

*Vul passende uitroepe by die volgende in:*

- (a) ..... jong, help ons nou maar so ’n bietjie, asseblief. (b) ..... ! maar dis nat. (c) ..... jou lelike brak. (d) ..... ! hoe duik hy die vleuel. (e) ..... ! hy’s darem nog baie klein.

## Woordsoorte

1. Benoem die woordsoorte in die volgende sinne:
  - (a) Die twee swart perde trek die kar lekker teen die bult uit. Ai! Hulle is vurig.
  - (b) Die graantjies staan maar bra eina.

## Die Naamwoordgroep

2. Gee die meervoud van:  
das, jas, neus, kwas, bors, sog, voeg, manuskrip, resep, amp, ma, ouma, karba, slagding, prokureur-generaal.
3. Gebruik in sinne:  
vaders en vadere, middels en middele, tekens en tekene, kinders en kindere, bals en balle, vorms en vorme.
4. Gee die verkleinwoord van:  
voetpad, voorskoot, slot, ketting, ma, gat, uitweg, vierperdewa, wynglas, vye, boordjie.
5. Gee die vroulike van:  
voog, gemaal, eksekuteur, masseur, regisseur, regent, begeleier.
6. Gebruik bostaande woorde mondeling in sinne.
7. Gebruik verder in sinne:  
'n steen des aanstoots, 'n kwelling des geestes, ter insage, by monde van, met dien verstande.
8. Voltooi die volgende sinne:
  - (a) Daar is plekke om jou honger te ....., en jou dors te .....
  - (b) Voordat 'n nuwe gebou opgerig word, moet die oue cers ..... word.
  - (c) Die advokaat het hom onder kruisverhoor .....
  - (d) Dis hoog tyd dat jy stappe .....
  - (e) Moet tog nie so 'n baan ..... nie.
  - (f) Sy voorstel het algemene byval .....
  - (g) Met daardie onderwyser(es) kan niemand die draak ..... nie.
  - (h) Ek wil net gou ons dank .....
  - (i) Die fiets loop lekker teen die skotige ..... af.
  - (j) Nadat hy gepraat het, was daar 'n dawerende .....
9. Vul die ontbrekende voornaamwoorde in:
  - (a) 'n Man soos Paulus ..... so baie gericis het, het tog rus vir sy gemoed gevind.
  - (b) ..... nie wil werk nie, mag ook nie eet nie.
  - (c) 'n Mens weet ook nooit wat ..... voor die deur staan nie.
  - (d) Praat goed van ..... jou beskinder.
  - (e) Ma het myne gemaak, maar Anna het ..... self gemaak.
10. Vul die ontbrekende woorde in die volgende sinne in:
  - (a) Is dit nou die reine ..... ?
  - (b) Hy bokspring van pure .....
  - (c) 'n Mens kan nie so op losse ..... te werk gaan nie.
  - (d) Ek sal dit tot in my gryse ..... onthou.
  - (e) Sy invloed sal bepaald tot in die verre ..... strek.
  - (f) Jy is 'n man van rype .....
  - (g) Oupa is nog by sy volle .....
  - (h) Vir hom het ek 'n diepe .....
  - (i) Hulle het onverrigter ..... teruggekom.
  - (j) Hy het die moord in koelen ..... gepleeg.

11. *Soos die vorige:*
- Ek sal jou help met dien ..... dat jy my later help.
  - Dit het ter elfder ..... gebeur.
  - Wanneer sê 'n mens saliger ..... ?
  - Hulle het die saak in der ..... geskik.
  - 'n Mens behoort altyd te goeder ..... te handel.

## Die Werkwoordgroep

12. *Voltooi die volgende sinne:*
- Ons wil graag 'n bestelling .....
  - Hy is nie in die wieg ..... om dit te doen nie.
  - As jy fluks werk, kan jy die agterstand .....
  - Die generaal het die opstand gou .....
  - Moet nie jou ewemens met agterdog ..... nie.
13. *Skryf die sin oor met die regte vorm van die werkwoord tussen hakies:*
- Hulle het baie smart (deurstaan).
  - Is die inhoud goed (weergee)?
  - Pas op vir daardie (deurtrap) skelm.
  - Wanneer het hy sy pligte (aanvaar)?
  - Die duif het die lug (deurklief).
  - Dit het verlede week (kapok).
  - Toe het die kinders (begin) (rinkink).
  - Jy het darem maar snaaks (redeneer).
  - Vir wie het hulle toe (nomineer)?
  - Al die personeellede het die stuk (parafeer).
14. *Voltooi die volgende sinne:*
- Sy is van onbesproke .....
  - Niemand weet wag gebeur het nie; dit was 'n vergadering agter geslote .....
  - Ons het bewondering vir die onverskrokke .....
  - So 'n magdom van hoë woorde het net een ding tot gevolg: 'n geswolle .....
  - Daar was niks aan te doen nie; dit was 'n deurgestoke .....
  - Jy het 'n verwronge ..... van 'n skoolmeester se werk.
  - In die afgeleë dele is die mense verstoke van .....
  - Hy kwel hom nou oor gedane .....
  - Om al die kinders nou weer kennis te gee, is 'n onbegonne .....
  - Ek meen dis 'n uitgestorwe .....
15. *Gaan die voorafgaande oefeninge na en sorg dat die betekenis van elke sin bekend is. (L.W. – Jy mag nooit taalwerk doen sonder dat die betekenis van elke woord volkome duidelik is nie.)*
16. *Gebruik in sinne:*  
'n gesiene persoonlikheid, verborge sondes, onbestrede mosies, verbode terrein, gespele ertjies, onbesonne dade.
17. *Gebruik die regte vorm van die werkwoord tussen hakies in die volgende sinne:*
- (Beheers) gevoelens is altyd beter as (onbeheers).
  - Aan die muur hang (vergroot) portrette.
  - Wat van al die (onbeantwoord) vrae?
  - Ek hou van (stowe) patats?
  - Skrywe asseblief die (vereis) lengte.
  - Daar was 'n paar dosyn (hu) pare.
  - Ons koop net (ent) bome.
  - Jy sal maar die (hernieu) aanvalle moet verduur.
  - Is daar nog (klowe) hout?
  - Jy moet bedagsaam wees teenoor 'n (aftob) moeder.

18. *Soos die vorige:*
- (a) Dit was vir ons 'n (verpletter) berig.
  - (b) Ons kyk na die (ondergaan) son.
  - (c) Hy is 'n (ver sien) staatsman.
  - (d) Daar is tog (versag) omstandighede.
  - (e) Dit is 'n (verbly) teken.
  - (f) Die vleuel is (verbyster) vinnig.
  - (g) Sy antwoorde is (verbaas) korrek.
  - (h) Die (omlê) lande is almal droog.
  - (i) Ons is dit (roer) eens.
  - (j) Die (agterbly) is baie verdrietig.
19. *Gebruik in sinne:*  
sy doen en late, te weet en te wete, te ken en te kenne, te hoop en te hope, te dank en te danke.
20. *Gebruik in sinne:*  
reikhalzend, hoogstens, noodgedwonge, onbesiens, derwaarts, aljimmers, allesins, eersdaags, voortaan, vermoedelik.

### Voorsetsels

21. *Vul passende voorsetsels in:*
- (a) ..... gebrek aan tyd kon ek my net ..... die een saak bepaal.
  - (b) Berus tog maar ..... jou lot.
  - (c) Ons beskik nie ..... die nodige middele nie.
  - (d) Hy het ..... sy wonde beswyk.
  - (e) 'n Mens word moeg van die ma se gedweep ..... haar kind.
  - (f) Hy praat eienaardig; daar haper iets ..... sy kunstende.
  - (g) Dis nie mooi om altyd ..... pryse te knibbel nie.
  - (h) Daar sal jy krepeer ..... ellende.
  - (i) Ek het my ..... sy greep ontworstel.
  - (j) Roem minder ..... jou eie prestasies en meer ..... jou Skepper.
22. *Soos die vorige:*
- (a) Die onderwyser is ..... siekteverlof.
  - (b) ..... die rede is dit verkeerd.
  - (c) Doen aansoek ..... daardie betrekking.
  - (d) Vermenigvuldig drie ..... ses.
  - (e) Ek wil graag ..... jou versoek voldoen.
  - (f) 'n Opregte mens het 'n afkeer ..... huigelary.
  - (g) Vanweë sy hekel ..... een van die reisgeselskap het hy tuis gebly.
  - (h) Dit maak te veel inbreuk ..... 'n mens se tyd.
  - (i) Moenie 'n wrok ..... jou ewemens koester nie.
  - (j) Die arbeidsame sal veel ..... stand bring.
23. *Voltooi die volgende:*
- (a) 'n Mens moet met jou talente .....
  - (b) Die dogter het haar moeder se raad in die wind .....
  - (c) Daardie knap leerling sal nog sy ouer broer in die skaduwee .....
  - (d) Sê my wat die geslepe ou kaland nou weer in die skild .....
  - (e) Sy is behep met die ..... dat ek nie van haar hou nie.
  - (f) Hierdie besluite is nog onderworpe ..... die goedkeuring van die hoof.
  - (g) Restaurant is ontleen aan .....
  - (h) Hy is tog vatbaar vir .....
  - (i) Die arme man is verslaaf aan .....
  - (j) Die verwaande vent meen hy het al die kennis in .....
24. *Voltooi die volgende:*
- (a) Die hele huis is in rep en .....
  - (b) Die mense kom van heinde en .....

- (c) Dit gaan met die ongelukkige mens van kwaad tot .....
- (d) Na die misdaad sit hy in sak en .....
- (e) Deur skade en ..... word 'n mens wys.
- (f) Hulle stuur hom van Pontius na .....
- (g) Jy sal hom met swaarde en ..... nie daar wegkry nie.
- (h) Miskien kry jy dit nie nodig nie, maar neem dit maar vir die wis en die .....
- (i) Hy praat baie onsamhangend en spring van die hak op die .....
- (j) Hulle lewe ook maar van die hand in die .....

**25. Gebruik mondeling of skriftelik in sinne:**

met betrekking tot, ten behoeve van, deur bemiddeling van, by gebrek aan, op koste van, ten koste van, te midde van, by monde van, in oorleg met, in stryd met, met verwysing na, in weerwil van.

**Kern**

**Spits jou te alle tye toe op die korrekte vorm en die korrekte gebruik – in 'n sin.**

## Sinsleer

In hoofstuk 2 het ons die belangrikheid van die **sin** as 'n **eenheid** in opstelle, briewe en ander skriftelike werk beklemtoon. Ons het gewaarsku teen **te lang sinne** en teen sinne wat 'n **dubbelsinnige betekenis** kan hê. Ons het gesê dat 'n sin die spreker of skrywer se bedoeling **saaklik, presies en korrek** moet uitdruk.

Voordat ons die verskillende soorte sinne behandel, versoek ons julle om die volgende opdragte mondeling te doen sodat julle kan beseft hoe belangrik korrekte sinsbou is:

1. *Verwyder die hakies en voeg die sinsdele saam tot een sin. Sorg dat alles waarop hier-voor gewys is, in orde is:*
  - (a) (Hy verstaan goed) (wat moet hy doen) (met die hout) (en jy kan daarop staat-maak) (dat as) (hy verstaan dit eenmaal) (hy sal dit deeglik doen).
  - (b) (Die boom) (sy takke het afgewaai), (is al weggesleep).
  - (c) (Die beste manier) ('n mens doen dit), (slegs aan enkeles bekend).
2. *Plaas, waar moontlik, voegwoorde of werkwoorde in die volgende sinne:*
  - (a) Hoe hoër die boom, hoe dieper die wortel.
  - (b) Ek lag jy val daar af.
  - (c) Dit gaan ook so: mag ek, durf ek nie, en durf ek, kan ek nie.
3. *Voltooi die volgende mondeling op sinvolle manier (en let op die woordorde):*
  - (a) Hy moet siek wees, want sodra as . . . . .
  - (b) Sy weier om jou te help omdat, toe . . . . .
  - (c) Een van die redes . . . . . hy dit gedoen het, is . . . . .
  - (d) Moet nou nie iets nuuts begin tensy . . . . .
  - (e) Ek sal die geweer koop mits . . . . .
  - (f) Hulle sou gaan vakansie hou, maar toe . . . . .
  - (g) Hulle sou gaan vakansie hou en dan . . . . .
4. *Lees die volgende deur en beantwoord dan die vraag wat daarop volg:*

Die landdros het eers al die getuïenis aangehoor en vasgestel dat die kroon-getuïes mekaar nie weerspreek het nie. Daarop het hy gesê: „Dit **blyk dat** die beskuldigde die klaer raakgery en toe weggery het.”

Maar in 'n tweede saak was daar nie bewyse dat die beskuldigde die klaer raakgery het nie, hoewel 'n mens so 'n indruk kry. Daarop het die landdros gesê: „Dit **lyk asof** die beskuldigde die klaer raakgery het, maar ons moet hom die voordeel van die twyfel gee.”

Verduidelik nou presies wanneer gebruik ons **blyk dat** en wanneer **lyk asof**.

## A. DIE ENKELVOUDIGE SIN EN SY DELE

Die eenvoudigste soort sin waarna ons gaan kyk, is dié waarin 'n selfstandige naamwoord of 'n voornaamwoord saam met 'n werkwoord 'n betekenisvolle paar vorm, bv.:

Piet slaap. (s.nw. + ww.)

Hulle raas. (v.nw. + ww.)

Wie roep? (vnw. + ww.)

Die deel waarvan iets gesê of gevra word, is die **onderwerp**. Die werkwoord daarby is die **gesegde**.

Die onderwerpe hierbo is dus **Piet, Hulle** en **Wie**.

Nou kan ons die onderwerp aanvul sodat dit 'n **woordgroep** of **reeks** vorm, maar solank dit die deel is **waarvan iets gesê of gevra word**, bly dit die onderwerp:

**Ou Piet** slaap.

**Jan en Piet** slaap.

**Hulle twee** raas.

**Hulle en ons** raas.

Ons kan die onderwerp nog verder aanvul sonder om nog 'n selfstandige werkwoord te gebruik, bv.:

**Ou Piet, moeg van die nag se dansery**, slaap.

„Ou” is dan 'n b.n.w. by Piet, en „moeg van die nag se dansery” 'n **byvoeglike sinsnede (frase)** by Piet, maar „Piet”, saam met sy enkele b.n.w. of byv. woordgroep, bly nog steeds die onderwerp.

## OEFENING

*Skryf uit die onderstaande sinne alle onderwerpe en hulle bepalinge oor (Bv.: „Die vars, rooi rose met die lang stele kom uit ons tuin.”)*

**Bepalinge**

**Onderwerp**

Die vars rooi

rose

met die lang stele

- (a) Watter moedswillige kinders en honde het weer hier in die blombeddings gespeel?
- (b) Ou potte en panne en stukkende kastrolle, alles lê deurmekaar.
- (c) Met die hand gebrei of met 'n masjien, maar daardie baadjie is vir my baie mooi.

Die **gesegde** kan meestal ook aangevul word, en op heelwat meer maniere as die onderwerp.

## Aanvulling van die gesegdes

### 1. Bywoordelike aanvulling

Net soos daar by die onderwerp 'n enkele b.n.w. of 'n groep of 'n reeks woorde sonder selfst. ww. byvoeglik gebruik kan word, kan daar ook by die ww. of gesegde 'n enkele woord of 'n groep of 'n reeks gebruik word. **Hierdie woord of woorde is dan bywoorde of bywoordelike woordgroepe of sinsnedes** (sonder ekstra selfst. ww.). Hulle kan die volgende aangee:

- (a) *Plek, waar, waarheen of waarvandaan:*  
Ons gaan **na Johannesburg**.  
Die perd hardloop **in die kraal rond**.
- (b) *Tyd:*  
Hulle vertrek **teen die aand**.  
Hy loop gou, **voor sonder**.
- (c) *Manier of wyse:*  
Hy hardloop **nes 'n reier**. Wie sing (so) soos 'n kraai?  
Sy slaap **met haar hand onder haar kop**.
- (d) *Graad:*  
Ek is **tot sterwens toe sat**.  
Hy is **in die hoogste mate** ongelukkig.
- (e) *Doel:*  
Hy draf **buitentoe om die vliegtuig te sien**.  
Julle moet spaar **met die oog op verdere studie**.
- (f) *Oorsaak of rede:*  
Hy is **vrygestel ingevolge 'n spesiale besluit van die regering**.  
Die jong is **weens veediefstal** veroordeel.

## OEFENING

Skryf die bywoordelike sinsnedes oor uit die volgende sinne en benoem hulle, bv. „hy woon in die dal”:

Byw. sinsnede	Soort
in die dal	plek

- (a) Jy ry alte ver om net te gaan gesels.  
(b) Die leeu lê diep in die bos vir ons en wag.  
(c) Dit gaan maar so al aan die een kant swaar dra.

Die bywoordelike sinsnede het dieselfde funksie as die bywoord, maar dit (die sinsnede) bestaan uit 'n paar woorde (sonder 'n gesegde).

### 2. Naamwoordelike en voornaamwoordelike aanvulling

Die ww. kan soms egter ook op 'n ander manier „aangevul” word, nl. deur 'n s.nw. of 'n vnw. wat nie plek of tyd of wyse, ens., aangee nie, maar wat sê waarop die handeling van die ww. oorgaan of ten behoeve van wie: Jan soek vir hom 'n geweer.

„Jan” is hier die onderwerp, „soek” die gesegde. Wat soek hy? 'n Geweer. „'n Geweer” is dan die **voorwerp**. Vergelyk ook die volgende waarin die voorwerp vetgedruk is:

Hy slaan <b>die perd</b> .	Piet vang vis.
Sy bak <b>koek</b> .	Jan bou <b>lugkastele</b> .

Ons kan nou nog b.nwe. by „geweer”, „perd”, „koek”, ens., voeg, maar dié woorde bly **voorwerpe**:

Hy soek 'n goeie, swaar geweer. Hy slaan die moedswillige ou perd.

Die persoon of saak **ter wille van wie** of **waarvan daar opgetree word**, heet die **indirekte of belanghebbende voorwerp**: Vir wie soek Jan 'n geweer? **Vir homself**. Ons sê dan: „**vir hom**” is die **indirekte voorwerp**.

*Wat is die voorwerp, en wat is indirekte voorwerp in die volgende?*

Ek gee jou 'n appel. Hy leen my 'n rand. Hou vir my die perd vas.

Wat **gegee, geleen**, ens., word, is **die appel, 'n rand, die perd**. Hulle is dus die **direkte voorwerpe**.

Die ander „aan” of vir wie dit gegee word of geskied, is die **indirekte voorwerpe**, dus *jou, my, vir my*.

### Opdrag

Skryf die direkte en die indirekte voorwerpe oor uit die volgende sinne:

1. Wie het jou verlof gegee om blomme te pluk?
2. Het julle al die perde water en die hoenders kos gegee?
3. Wys my 'n bietjie jou nuwe fiets, jong.

## B. LYDENDE EN BEDRYWENDE VORM

Noudat onderwerp en voorwerp behandel is, moet gewys word op sekere gevalle waar die persoon of saak waarop die handeling gerig is, nié die voorwerp is nie. Dis naamlik wanneer die ww. soos volg is: „is (was)” of „word” saam met 'n voltooid deelwoord:

Die seun is deur 'n perd geskop.  
Die perskebome is al gespuit.  
Die wingerd was al gesnoei toe ons daar kom.  
Die werk word nagesien.

In sulke gevalle is die onderwerp dié **waardeur die werking ondergaan word** (soms letterlik die **lydende party**). Vergelyk ook die volgende sinne:

1. Hy is deur 'n slang gepik.
2. Sy word deur haar vyande vervolg.
3. Die man is deur 'n motor omgestamp.

In sinne 1 en 2 kan daar geen twyfel wees oor die onderwerp nie, want „hy” en „sy” is onderwerpsvorme. Maar nr. 3 is net soos 1 en 2 gebou; daarom noem ons ook „die man” onderwerp.

Ons het ook 'n gewoonte om die dinge wat deur ons gebruik word of waarmee ons werk, voor te stel asof dit hulle is wat werksaam is, bv.:

- Die skoene stap lekker.
- Die klei dra swaar.
- So 'n motor stuur maklik.

Hier is dit tog nie die skoene wat stap of die klei wat dra, ens., nie. Nee, maar die sinne is gebou net soos

- Die seuns stap lekker.
- Die jong dra swaar.

waarin „seuns” en „jong” die onderwerpe is. Daarom word „skoene”, „klei”, ens., in die gewone sinne ook onderwerpe genoem.

### Opdrag

1. Gee 'n stuk of ses, sewe sinne soos „Die skoene stap lekker” waarin die onderwerp ook nie „die werk doen” nie.
2. Skrywe die vlg. sinne op 'n natuurlike manier in die lydende vorm:
  - (a) Toe ons daar kom, het iemand reeds die net afgehaal. (Net die laaste deel.)
  - (b) Iemand het die net vanoggend afgehaal.
  - (c) Iemand sal hom wel daarvan in kennis stel.
3. Skryf uit onderstaande sinne alle woordgroepe en woorde oor wat aparte sinsdele vorm en benoem hulle, d.w.s. sê watter is onderwerp of gesegde of byvoeglike sinsnede of voorwerp, ens.
  - (a) Die twee oues bewoon al baie jare dieselfde ou huisie met die stukkende dak.
  - (b) Al die kinders het hulle eksamenpunte sit en bespreek.
  - (c) Ondanks sy kastige kennis weier hy darem om gewone vragies te beantwoord.
  - (d) Ek sal jou geld gee om blomme mee te koop.

## C. DIE SAMEGESTELDE SIN EN SY DELE

Vergelyk die volgende sinne:

- A. Ek ken die ou oom daar op die stoep.
- B. Ek ken die ou oom wat daar op die stoep sit.
- A. Hulle loop op enige plek.
- B. Hulle loop waar hulle wil.
- A. Hulle vertrek douvoordag.
- B. Hulle vertrek voor die son opkom.

Soek nou die selfstandige ww. in elkeen uit. Die A-sinne het net een ww. elk: **ken**, **loop** en **vertrek**; die B-sinne twee elk: **ken** en **sit**, **loop** en **wil**, **vertrek** en **opkom**.

Die B-sinne, met meer as een selfstandige ww. elk, is dus nie enkelvoudige sinne nie. Ons noem hulle **samegestelde sinne**.

'n Samegestelde sin het dus nooit minder as twee selfstandige werkwoorde of gesegdes nie. I.p.v. byvoeglike en bywoordelike sinsnedes, direkte en indirekte voorwerpbepalinge, elkeen sonder 'n selfstandige werkwoord,

het die samegestelde sin nou ten minste een bepaling met 'n eie werkwoord of gesegde. So 'n bepaling met 'n eie gesegde heet 'n bysin. Die ander deel wat die woord(e) of gedagte bevat waarna die bysin verwys of wat deur die bysin bepaal word, heet die **hoofsin**:

Ek soek **iemand** (hoofsin) wat my kan help (byv. bysin).

„Waar is 'n **lot** (hoofsin) wat soos my lot so hard is” (byv. bysin).

Moenie **goed** vat (hoofsin) wat nie joue is nie (byv. bysin).

Die woorde waarop die byv. bysinne betrekking het, is vetgedruk.

## Opdrag

*Sê watter van die volgende sinne samegestel en watter enkelvoudig is, en waarom:*

1. As hy net 'n bietjie gerus het, sal hy beter voel.
2. Skaam jy jou nie om so iets te sê nie?
3. Hulle staan en lawaai as ander mense probeer werk.
4. Jy hoef darem nie die hele storie te vertel nie.
5. Hy het verlov **gevra** om vroeg huis toe te gaan.

Die hoofsin is dus die sin met 'n eie werkwoord wat die woord(e) of die gedagte bevat waarna die ander sin – die bysin genoem – verwys, of waarby dit 'n aanvulling is. Sulke bysinne wat van ander sinne afhanklik is, word **ondergeskikte bysinne** genoem.

Vergelyk die volgende sinne:

- A. Die hond slaap.
- B. Wanneer die baas tuis is.
- A. Ek ken mos die passasiers.
- B. Wat daar afgeklim het.
- A. Hy eet.
- B. Wat hy nie gekoop het nie.

Die A-sinne het betekenis, ons verstaan iets daaronder; die B-sinne sê vir ons niks, d.w.s. nie met bv. die orde waarin die woorde mekaar opvolg nie. Tog kan ons daardie B-sinne elkeen aan die A-sin daarbo heg, en dan sê dit wel iets, al verander ons nie die woordorde nie:

Die hond slaap **wanneer die baas tuis is.**

Ek ken mos die passasiers **wat daar afgeklim het.**

Hy eet **wat hy nie gekoop het nie.**

Die vetgedrukte gedeelte(s) is dus van die ander gedeelte(s) van die sin(ne) afhanklik of daaraan ondergeskik, **dus ondergeskikte bysinne.**

## Soorte ondergeskikte bysinne in 'n samegestelde sin

### 1. Byvoeglike bysinne

Ons het reeds gesien dat 'n byvoeglike woordgroep of sinsnede dieselfde werk doen as 'n enkele b.nw., **dat dit naamlik 'n s.nw. of 'n v.nw. bepaal.** Die byvoeglike bysin doen ook presies dieselfde: **ons noem dit net 'n bysin omdat dit 'n eie gesegde het; vergelyk:**

Daar is **lang-lang** rye (byvoeglike naamwoord)

Daar is rye **van groot lengte** (byvoeglike groep of sinsnede)

Daar is rye **wat lank** is (byvoeglike bysin)

Net soos die enkele b.n.w., het die byvoeglike bysin betrekking op 'n s.n.w. of 'n v.n.w. in 'n ander deel van die sin:

Ek het die boeke wat jy soek.

Hy wat nie sy werk doen nie, kry ook nie betaling nie.

Die byv. bysinne bepaal „boeke” en „hy”.

Let op dat die skakel **wat** is, nie **wie** nie:

Onse Vader **wat** in die hemel is.

Dit is my ouers **wat** daar aankom.

## Opdrag

1. *Sê watter dele van die volgende sinne byvoeglike bysinne is, en sê ook watter woord(e) in die hoofsin daardeur bepaal word:*

- Het jy nie vir my 'n mes wat tog kan sny nie?
- Het jy al 'n bees gesien wat 'n horing reg voor sy kop het?
- Dis glo my stoel waarop jy sit.
- Hulle wat die laaste lag, lag die lekkerste.

2. *Verkort die volgende sinne deur die gedeeltes tussen hakies eers deur (i) woordgroepe (sonder ww. dus) en dan deur (ii) samestellinge te vervang, so:*

Hy maak 'n (bankie waarop 'n mens kan sit)

*word*

- (i) Hy maak 'n bankie **om op te sit**. (ii) Hy maak 'n **sitbankie**.

*Doen nou self die volgende sinne:*

- Gee vir my 'n (ding waarmee ek kan slaan).
- Julle moet alle (bokke wat gekwes is) gaan bymekaarmaak.
- Was die (man wat die groente verkoop) nog nie hier nie?
- Hy hou van die (mense wat in die stad woon).
- Koop vir jou 'n (broek wat van ferweel gemaak is).
- Dis 'n lekker (span waarmee hy kan werk).
- Gaan vra vir hom (olie wat jy aan jou hare kan smeer).
- Lyk dit vir jou soos (water wat 'n mens kan drink)?
- Vat sommer 'n (koppie waarvan die oor af is).
- Pas op vir daardie (vlooi wat in die sand boer).

3. *Brei die volgende sinne uit, deur eers van die woorde tussen hakies (i) 'n woordgroep (sonder ww.) te maak en dan (ii) die woorde uit te brei tot 'n s.n.w. en 'n byvoeglike bysin, so:*

(Spykerskoene) is net lekker om mee te hardloop

*word*

- (i) **Skoene met spykers onder** is net lekker om, ens.  
(ii) **Skoene wat spykers onder het**, is net lekker, ens.

*Doen nou self die volgende sinne:*

- Ek is bang vir sy wilde (bees-oë).
- Skape hou hier van (bossieveld).
- Hou julle nie (melkbeeste) aan nie?
- Ons sal (slagvec) moet gaan koop.
- Hy wil nie iemand met so 'n (puisiegesig) huur nie.
- Die (langbeendonkie) trek fluks.
- Gaan haal gou vir my 'n (melkemma).
- Sulke bleek (was-oë) laat my altyd hartseer voel.
- (Lospitperskes) smaak tog alte lekker.
- Die boer het 'n hele paar (saailande).

## 2. Bywoordelike bysinne

Net soos daar in 'n sin enkele bywoorde kan wees, of byw. woordgroepe of sinsnedes sonder 'n selfst. ww., kan daar ook byw. bysinne wees.

**'n Byw. bysin is eenvoudig 'n byw. woordgroep met 'n eie, selfstandige werkwoord. Vergelyk die volgende sinne:**

Hy loop <b>orals</b>	(enkele bw. van plek)
Hy loop <b>op enige plek</b>	(byw. woordgroep van plek)
Hy loop <b>net waar hy wil</b>	(byw. bysin van plek)
Hulle gaan <b>douvoordag jag</b>	(enkele bw. van tyd)
Hulle gaan <b>vroeg in die oggend jag</b>	(byw. woordgroep van tyd)
Hulle gaan <b>jag voor die son opkom</b>	(byw. bysin van tyd)

### *Soorte bywoordelike bysinne*

Daar is ongeveer net soveel soorte byw. bysinne as wat daar, volgens hulle betekenis ingedeel, soorte bywoorde en byw. sinsnedes of woordgroepe is. Hier volg 'n paar voorbeelde van die gewoonste soorte. (Sien soorte bywoorde en bywoordelike aanvulling):

1. *Plek of Rigting*, waar, waarheen, waarvandaan:  
Jy mag nie sommer stilhou **waar jy wil nie**.  
Hulle maai **waar hulle nie gesaai het nie**.
2. *Tyd*, wanneer, toe, gedurende, ens.:  
Die hond was alte bly **toe sy baas weer tuis kom**.  
Die een span werk **terwyl die ander rus**.
3. *Manier of Wyse*:  
Hy loop **asof die duivel agter hom is**.  
Nou tree jy mos nie op **soos dit 'n leerling betaam nie**.  
Moet tog nie praat dat 'n mens nie kan hoor nie.
4. *Graad*:  
Ons moes stap **so al wat ons kon** om voor te bly.  
Hulle het so baie gejoj **dat niemand hulle naderhand wou glo nie**.
5. *Doel*:  
Lewe versigtig in tye van oorvloed, **sodat jy nog genoeg het in tye van teenspoed**.
6. *Oorsaak of Rede*:  
Hy werk **omdat hy lus het**.  
**Aangesien die weer so betrokke is**, bly ons liever tuis.  
**Deurdad die een nie die kos wou dra nie en die ander nie die slaapgoed nie**, is die uitstappie laat vaar.
7. *Gevolg*:  
Daar was te veel mense, **sodat ons moes omdraai**.  
Die seun het te min geslaap, **waardeur hy ook nie kon leer nie**.
8. *Voorwaarde*:  
Ek sal jou vandag help, **as jy my môre weer help**.  
Ek sal jou dit leen, **mits jy sal onthou om dit terug te besorg**.
9. *Toegewing*:  
Hy het gekom, **alhoewel hy siek was**.

### **Opdrag**

1. *Skrywe oor en benoem alle bywoordelike bysinne in die volgende sinne:*
  - (a) Ek werk nou sodat ek vanaand vry kan wees.
  - (b) Hy loop net waar hy wil.
  - (c) Jy kan saamgaan as jy die goed sal help dra.
  - (d) As dit reën, bly ons tuis.
  - (e) Julle kan net ry tot waar die pad by die spruit kom.
  - (f) Jy kan gerus maar lê en slaap, mits ek jou nie daarvoor hoef te betaal nie.
  - (g) Tensy julle julle roer, gaan julle laat wees.

2. Verkort die volgende sinne deur van die gedeeltes tussen hakies bywoordelike groepe (sonder ww.) te maak, so:

'n Mens moenie werk net (omdat jy straf vrees nie)

word

'n Mens moenie net uit vrees vir straf werk nie.

Doen nou self die volgende sinne:

- Hulle woon daar (waar die pad sy draai maak).
  - Ons slaap net buite (as die weer warm is).
  - Hy sal nie werk (dat ander daarvan voordeel kan trek) nie.
  - (Volgens wat die voorsitter self gesê het) mag net belastingbetalers stem.
  - (Omdat ons geen skaapvleis het nie) eet ons hoendervleis.
  - Hy was nog nie weer siek (sedert hy hierheen gekom het nie).
3. Verkort die volgende woordgroepe tot samestellinge of afleidinge met (ongeveer) dieselfde betekenis, so:

ter wille van die vrede word vredesonthalwe.

Doen nou self die volgende:

- een van die dae;
- in groepe van twee;
- stukkies vir stukkie;
- sonder om iets (sake) te verrig;
- op sagte wyse;
- na die sy (of kant);
- volgens gewoonte;
- op 'n skewe manier;
- net so dat die stof nat is;
- twee dae voor gister.

Voorheen is verduidelik dat geen sin meer as ses soorte dele het nie:

- onderwerp,
- byvoeglike sinsnede(s) of woordgroep(e),
- gesegde,
- bywoordelike sinsnede(s) of woordgroep(e),
- direkte voorwerp,
- indirekte voorwerp.

Daar is verder op gewys dat, in plaas van die byvoeglike woordgroep, 'n byvoeglike bysin gebruik kan word (met 'n eie ww.) en in plaas van 'n bywoordelike woordgroep 'n bywoordelike bysin (met 'n eie ww.). Dieselfde geld vir ander sinsdele: i.p.v. 'n enkele woord of 'n woordgroep as onderwerp, kan dit 'n eie ww. bykry en nog onderwerp bly – dis dan 'n onderwerpsin; i.p.v. 'n enkele woord of woordgroep as voorwerp, kan dit 'n eie ww. bykry en nog voorwerp bly – dis dan 'n voorwerpsin, ens.

### 3. Onderwerpsin

Vergelyk die volgende sinne:

- Sy skilderwerk is goed.
- Wat hy skilder, is goed.
- Die motorjaery laat 'n mens skrik.
- Dat die motors so jaag, laat 'n mens skrik.

Wat hy skilder, is sy skilderwerk. Sy skilderwerk (sonder ww.) is die onderwerp van die sin, dus is „wat hy skilder” (nou met 'n eie ww.) ook onderwerp. Maar dit word nou 'n onderwerpsin genoem, omdat dit 'n eie

gesegde (ww.) het. Dieselfde geld vir „die motorjaery” teenoor „dat die motors so jaag”.

Vergelyk ook die volgende:

- A. Sy verblyf is onbekend.
- B. Waar sy verblyf is, is onbekend.
- C. Dit is (dis) onbekend waar sy verblyf is.

As „sy verblyf” die onderwerp is, kan „waar sy verblyf is” niks anders wees nie. „Dit” in sin C is dus net ’n voorlopige onderwerp.

Vergelyk ook:

- A. Die berig is onwaar.
- B. Die berig van sy dood is onwaar.
- C. Die berig dat hy dood is, is onwaar.
- D. Dat hy dood is, is onwaar.

As „die berig” in sin A die onderwerp is, is „die berig van sy dood” in sin B ook onderwerp; en aangesien die berig se inhoud is dat hy dood is, kan „dat hy dood is” in D en C ook net onderwerp wees. (In sin D is die woorde „die berig” net weggelaat.)

### Opdrag

*Voltooi nou ook so die volgende tot sinne:*

- |                          |                          |
|--------------------------|--------------------------|
| Die mening dat . . . . . | Die hoop . . . . .       |
| Die gerug . . . . .      | Die nuus . . . . .       |
| Die verhaal . . . . .    | Die beslissing . . . . . |
| Die wens . . . . .       | Die verklaring . . . . . |

Let op dat in sulke gevalle steeds „dat” gebruik word, en onthou wat by die byvoeglike bysinne gesê is, naamlik dat „dat” *nie* byvoeglike bysinne inlei nie.

### Opdrag

*Brei die vetgedrukte woorde in die volgende sinne eers uit tot (i) woordgroepe, dan tot (ii) onderwerpsinne, so:*

**Jou toespraak** het ons geboei  
*word*

- (i) **Jou toespraak oor wêreldsake** het ons geboei.
- (ii) **Wat jy oor wêreldsake vertel** het, het ons geboei.

Sinne:

- (a) **Die mededeling** interesseer my.
- (b) **Die gerug** is nog nie weerspreek nie.
- (c) **Die nuus** klink oordrewe.
- (d) ’n **Mens se geloof** is jou eie saak. (Verander net die eerste deel tot ’n bysin.)
- (e) ’n **Man se voorbereiding** bepaal dikwels sy sukses. (Verander net die eerste deel tot ’n bysin.)

## 4. Voorwerpsinne

Voorheen is reeds aangetoon dat die gesegde met ’n enkele woord of woordgroep of ’n hele sin aangevul kan word. Vergelyk nou weer:

- A. Hy doen **enigiets**.
- B. Hy doen **enigiets onder die son**.
- C. Hy doen **wat voorkom**.

In sin A is „enigiets” die voorwerp (een woord). In B gee „enigiets onder die son” (vier woorde sonder ww.) aan wat gedoen word, soos „enigiets” in A, sodat dit nou hier die voorwerp is. In C sê „wat voorkom” wat gedoen word, dus is dit ook ’n voorwerp. In die laaste voorwerp kom daar egter **’n eie ww.** (gesegde) voor, nl. „voorkom”; **daarom noem ons dit ’n voorwerpSIN.**

Maar daar staan dan ’n „wat” by (Hy doen wat . . .). Is dit dan nie ’n byvoeglike bysin nie? Nee, omdat daar nie ’n ander woord is waarop „wat” betrekking het nie.

Vergelyk nou weer die volgende:

- A. Hy eet **die kos** (enkele voorwerp).
- B. Hy eet **die kok se kos** (woordgroep as voorwerp).
- C. Hy eet **wat die kok hom voorsit** (voorwerpsin met ww.).
- A. Wie beweer **dit**? (enkele voorw.).
- B. Wie beweer **sulke vreemde dinge**? (woordgroep as voorw.).
- C. Wie beweer **dat sulke dinge waar is**? (voorwerpsin met-ww.).

Maar daar is nog ’n soort. Kyk weer na die volgende:

- A. Het jy **die storie** gehoor?
- B. Het jy **die storie van Piet se vertrek** gehoor?
- C. Het jy **die storie dat Piet vertrek het**, gehoor?
- D. Het jy gehoor **dat Piet vertrek het**?

In A is „die storie” tog duidelik die voorwerp: wat hy gehoor het.

In B het „van Piet se vertrek” (sonder ww.) bygekom, maar alles saam bly dit die voorwerp.

In C word een deel nou tot sin deur dit ’n eie ww. (het vertrek) te gee; so ook in D.

Die vier dinge beteken dieselfde:

- die storie
- die storie van Piet se vertrek
- die storie dat Piet vertrek het
- dat Piet vertrek het.

As die een dus voorwerp is, is die ander dit ook. Ons noem alleen die voorwerpe van C en D wat met „dat” begin, **voorwerpsinne omdat elkeen ’n eie ww. het.**

## Opdrag

*Brei die volgende sinne uit sodat elkeen (i) ’n enkele voorwerp, (ii) ’n voorwerpsin en (iii) ’n enkele voorwerp en ’n byvoeglike bysin het, so:*

„Hy soek” word

- (i) Hy soek iets.
- (ii) Hy soek wat hy nie verloor het nie.
- (iii) Hy soek goed wat hy in sy winkel kan verwerk.

*Doen nou self die volgende sinne:*

- (a) Piet verwag .....
- (b) Ons hoor .....
- (c) Hulle stuur .....
- (d) Hoekom versamel julle ?
- (e) Die beste vreet .....
- (f) ’n Mens eet .....

## 5. Gesegdesinne

Die onderskeiding van gesegdesinne hang saam met die onderskeiding van koppelwerkwoorde. 'n **Koppelwerkwoord is 'n werkwoord wat nie saam met 'n onderwerp 'n goeie paar vorm en iets beteken nie:**

- A. Piet raas (raas: selfst. ww.)
- B. Piet is (is: koppelww.)
- A. Hy stap (stap: selfst. ww.)
- B. Hy word (word: koppelww.)

Die A-sinne sê iets, die B-sinne niks; d.w.s. die B-sinne moet aangevul word om iets te beteken, bv. so:

Piet is **skrumskakel**.  
Hy word **ingenieur**.

Omdat „skrumskakel” en „ingenieur” hier die voltooiinge is en „word” (die gesegde) aanvul, behandel ons hulle ook as deel van die gesegde. Gebruik ons nou by „is” en „word” en ander koppelwerkwoorde twee of meer aanvullende woorde, noem ons dit nog altyd deel van die gesegde:

Piet is **ons skrumskakel**.  
Piet is **ons skool se skrumskakel**.  
Hy word **ingenieur**.  
Hy word **ingenieur in die myne**.

**Gebruik ons nou as aanvulling 'n groep woorde met 'n eie ww., dan noem ons dit 'n gesegdesin, so:**

Piet is **wat hy graag wil wees**.  
Hy word **wat sy hart begeer**.  
Dit blyk **dat hy onverskillig gery het**.  
Dit skyn **dat hy die storie nie ken nie**.

(Snap julle die verskil tussen „blyk” en „skyn”?)

Let op dat daar nie 'n s.nw. of 'n v.nw. tussen die ww. en die „wat” of die „dat” staan nie. As daar is, is die wat-gedeelte 'n byvoeglike bysin, soos in die volgende:

Piet word **die man** wat hy graag wil wees.  
Dit is iets wat sy hart begeer.

## Opdrag

1. *Voltooi die volgende sodat hulle sin sal hê, (i) eers deur net een woord of „n” of „die” en nog 'n woord by te voeg, dan (ii) deur 'n groepie woorde sonder 'n selfst. ww. by te voeg, dan (iii) deur 'n sin by te voeg, so:*  
„Moenie wees nie”

*word*

- (a) Moenie 'n skynheilige wees nie.
- (b) Moenie iets anders as jouself wees nie.
- (c) Moenie wees wat jy nie IS nie.

*Vul nou ook aan:*

Hy is, hy word, dit lyk, dit skyn.

2. *Sê of die dele van die volgende sinne wat tussen hakies staan, voorwerp-sinne of gesegdesinne of byvoeglike of ander bysinne is, en waarom:*

- (a) Hy glo (wat hy lees).
- (b) 'n Mens is (wat jy glo) dat jy is.
- (c) Ek wens (ek kon jou storie glo).
- (d) Jy moet doen (wat jy beloop om te doen).
- (e) Hy kom (anders) voor (as wat hy is).

#### D. DIE VEELVOUDIGE SIN

Voorheen is gesê dat 'n enkelvoudige sin net één selfstandige werkwoord het (Jy slaap lekker in 'n goeie bed) en 'n samegestelde sin minstens twee selfstandige werkwoorde. Verder is in die samegestelde sin die een deel ondergeskik aan die ander.

In die veelvoudige sin is daar ook minstens twee selfstandige werkwoorde, maar die een deel is nie van die ander afhanklik of daaraan ondergeskik nie; die dele is newegeskik. Wat beteken newegeskik? Kyk na die volgende sinne:

- A. Piet slaap.
- B. Jan raas.
- A. Die ruit is stukkend.
- B. Ek het dit nie gebreek nie.

Ons verstaan die betekenis van al die A- en al die B-sinne: hulle is dus ewe onafhanklik.

Nou verbind ons die A- met die B-sin in elke geval:

Piet slaap en Jan raas.

Die ruit is stukkend, maar ek het dit nie gebreek nie.

Hierdie nuwe sinne, wat nou elkeen twee selfstandige wwe. het, noem ons nou veelvoudige sinne: hier is nou twee volledige sinne tot een saamgevoeg, en ons sê hulle is newegeskikte sinne.

Daar kan ander dele bykom, bv. byvoeglike en bywoordelike bysinne, maar die hele sin word nog veelvoudig genoem as dit ten minste twee onafhanklike sinne bevat bv.:

Piet, wat aan lawaai gewoond is, slaap, en Jan raas soveel as hy lus het.

Die sin is nog „Piet slaap en Jan raas”; dis net uitgebrei.

In die meeste gevalle word selfstandige sinne newegeskik verbind deur middel van voegwoorde, soos „en” en „maar”. Kyk ook na die volgende:

Sy verstand is goed; tog gebruik hy dit nie.

Hy kritiseer ander; self probeer hy egter nie eens nie.

Julle moenie vanaand kom nie, want ons is nie tuis nie.

'n Mens werk, of jy werk nie.

## Opdrag

*Sê of die volgende sinne enkelvoudig, samegesteld of veelvoudig is, en waarom:*

1. Wat se lelike stories hoor ek dan van jou vertel?
2. Jy hoor wat nie vir jou ore bedoel is nie.
3. Piet verstaan nie mooi wat gesê word nie.
4. Wag so 'n bietjie; dan kan ons loop.

## E. SINSONTLEDING

'n Ander sy van sinsleer is die sogenaamde **sinsontleding**. Leerlinge moet bv. kan sê of sinne samegesteld of veelvoudig is, ens.; en as daar bysinne is, van watter soort. Ná die oefeninge van die vorige gedeeltes word hier net die volgende wenke saamgevat:

- (a) Tel die aantal wwe. wat as gesegdes diens kan doen; daar is dieselfde getal hoof- en/of bysinne. (Stel eers weer goed vas wat 'n werkwoord is.) **Pasop: 'n Deelw. en 'n infinitief is nie gesegdes nie:** „Dit gaan sukkelend” (net „gaan” is 'n ww.), „Dit help nie om te kla nie” (net „help” is 'n ww.). („Sukkelend” is 'n deelw., bywoordelik gebruik; „om te kla” is 'n infinitief, as onderwerp gebruik.) Pasop ook vir: gaan slaap, staan en lol, lê en slaap, sit en raas; hulle geld as **één ww. elk.**
- (b) Soek dan die hoofsin uit.
- (c) Sit sinsdele wat saamgaan, bymekaar. As daar bv. 'n sin met twee voegwoorde is, moet in die sinsverdeling elkeen by sy eie sinsdeel kom.

Die volgende skema kan gevolg word:

Ons weet dat, as 'n mens baie oefen met werk wat moeilik is, dit al hoe makliker word nadat jy 'n paar maande daarmee volgehou het.

Sin	Sinsdeel	Soort Sin
A	Ons weet	Hoofsin.
B	dat dit al hoe makliker word	Voorwerpsin, bep. „weet” in A.
C	as 'n mens baie oefen met werk	Byw. bysin van voorwaarde, bep. „makliker word” in B.
D	wat moeilik is	Byv. bysin, bep. „werk” in C.
E	nadat jy 'n paar maande daarmee volgehou het	Byw. bysin van tyd, bep. „makliker word” in B.

## Opdrag

1. *Ontleed in hoof- en bysinne soos hiervoor geïllustreer:*

- (a) Die eerste dag toe ons daar kom, wou almal weet waar ons vandaan kom en of dit ons ouers is wat ons gebring het.
- (b) Ons sal die eerste geleentheid wat ons kry, te baat neem om te kom kyk hoe dit met die kuikens gaan wat ons vandag vir julle stuur.
- (c) Jy kan dit doen as jy wil, maar ek sal nie doen wat ek nie verplig is om te doen nie.

*Skryf alle sinsdele: onderwerp, byvoeglike bepaling (enkele b.nw. of byw. woordgroep), gesegde, bywoordelike bepalinge (enkele bw. of byw. woordgroep), direkte en indirekte voorwerpe, uit die volgende sinne oor en sê watter soort elkeen is:*

- (a) Waar kry jy dié mooi das?
  - (b) Op die bank in die skaduwee onder die boom sit die kinders stil en prentjies kyk.
  - (c) Die oubaas weier glo om sy seun toe te laat om voetbal te speel.
3. *Voltooi die volgende sinne op sinvolle wyse (en let op die woordorde):*
- (a) Aangesien ek siek was en nie lus vir stry gevoel het nie, . . . . .
  - (b) Ek sou geloop het, maar toe vra sy my om haar te help; dus . . . . .
  - (c) Die man wat my kamtig sou help, het my in die rug gesteek, en . . . . .
  - (d) Of jy nou lus het of . . . . .
  - (e) Nee, maar die kinders het mos nie ore aan hulle kop nie; maar, as . . . . .
  - (f) Hy verseg om . . . . .

## SAMEVATTING IN VERBAND MET SINSOORTE

### 1. Die Enkelvoudige Sin

- (a) Een of meer onderwerpe, met of sonder byvoeglike naamwoorde of byvoeglike bepalinge.
- (b) Net een gesegde, enkel (soos „slaap”) of meerledig (soos „gaan slaap”, of „staan en slaap”), met of sonder bywoorde of bywoordelike bepalinge, met of sonder een of meer direkte of indirekte voorwerpe.

### 2. Die Samegestelde Sin

- (a) Meer as een gesegde, met of sonder aanvulling (soos in 1).
- (b) Net een hoofsin, met minstens een bysin.

### 3. Die Veelvoudige Sin

- (a) Meer as een gesegde, met of sonder aanvulling (soos in 1).
- (b) Meer as een hoofsin, met of sonder bysinne.

## HERHALINGSOEFENINGE

1. *Benoem in die volgende sinne eers die woordsoorte en dan die dele (van elke sin):*
  - (a) Die koejawels aan die hoogste takke is buite my bereik.
  - (b) In 'n skeur van die hoogste krans bou 'n bosduif haar nes.
2. *Op watter vrae is die volgende die antwoorde (let op die vet druk):*
  - (a) Ek kan nie met 'n vulpen skryf nie.
  - (b) Hy hang aan 'n tak.
  - (c) Hy hang aan 'n dun tak.
  - (d) Dit is die twintigste van die maand.
  - (e) Wie met trane saai, sal met gejuig maai.
3. *Bou sinne met:*  
sedert, terwyl, ofskoon, mits, aangesien, deurdat.
4. *Soos die vorige:*  
dog, tog, nogtans, nietemin, gevolglik, derhalwe, immers, daarteenoor, daarenteë, intendeel.
5. *Voltooi die volgende sinne:*
  - (a) Hy help my nie; dog . . . . .
  - (b) Hy help my nie; tog . . . . .
  - (c) Hy is nog jonk; derhalwe . . . . .
  - (d) Hy is nog jonk; nogtans . . . . .
  - (e) Piet is fluks; daarenteë . . . . .
  - (f) Hy help nie 'n mens nie; intendeel . . . . .

6. *Soos die vorige:*
- Ek het huis toe gegaan, aangesien . .
  - Ek sal jou werk doen, mits . . . . .
  - Ek gaan nie saam nie, tensy . . . . .
  - Eer jou ouers, opdat . . . . .
  - Hy het nog niks gehoor sedert . . . . .
7. *Ontleed in hoof- en bysinne:*
- Die man wat dit sê, weet nie wat hy praat nie.
  - Nadat hy terug gekom het, is hy nie meer die man wat hy was nie.
  - Die arme kind, deur almal verstoot, het vir my broer kom vra of hy hom nie sal help nie.
8. *Kan jy sê watter soort sinne of en waar in die volgende inlei:*
- Ly of gly.
  - Sê of jy kom.
  - Of hy sal kom, weet ek nie.
  - Of hy sal kom, is die vraag.
  - Hy was skaars bo of hy is weer onder.
  - Sê my waar hy is.
  - Waar hy is, weet niemand nie.
  - Waar hy is, is 'n geheim.
  - Ek loop waar ek wil.
  - Jy staan op die plek waar die grafte was.
9. *Ontleed in hoof- en bysinne:*
- Hy is nie arm nie; intendeel, hy is baie ryk.
  - As jy my sê waar jy daardie boek opgetel het, sal ek jou die plek wys waar ek jou vulpen weggesteek het.
  - Die spreker het beweer dat sy party baie voorregte aan die armes sal verleen.
10. *Brei die skuins gedrukte woorde en sinsnedes in die volgende sinne uit tot bysinne:*
- Ondanks die koue* het hulle gegaan.
  - Op die steilste plekke* sal jy die blom vind.
  - Soos 'n koeël uit 'n roer* vat hy koers doellyn toe.
  - Noodgedwonge* moes ek hom help.
  - Gedurende die Tweede Wêreldoorlog* was hy in Italië.
  - Hy het *onverrigter sake* teruggekeer.
  - Hy is *saans* baie moeg.
  - Hy het hom *metterwoon* in die dorp gevestig.
  - Dit sal *mettertyd* beter met jou gaan.
  - Jou mededeling* is vir my baie interessant.

## F. DIREKTE EN INDIREKTE REDE

As ek 'n spreker se direkte woorde, bv. „ek werk hard”, gee, dan praat ek van **die direkte rede**. Kom daar egter 'n ander persoon wat die woorde as 't ware aan 'n derde kom meedeel en sê: „hy sê dat hy hard werk” of „hy sê hy werk hard”, dan praat ons van **die indirekte rede**.

Let op die volgende paar gevalle:

*Direkte rede:* „Ek sien hom nie.”

*Indirekte rede:* Hy sê hy sien hom nie.

*Direkte rede:* Die vader sê: „Jan, jy moet kom.”

*Indirekte rede:* Die vader sê aan Jan dat hy moet kom (of om te kom).

Piet sê vir Jan: „Jy moet hier wag.”

Piet het vir Jan gesê dat hy daar moet wag, of Piet het vir Jan gesê om daar te wag (sou Klaas as derde persoon se woorde wees). (As Jan self gepraat het, sou hy gesê het: „Piet het vir my gesê dat ek daar moet wag.”)

Uit die voorafgaande moet leerlinge nou aflei dat ons oor die algemeen die volgende veranderinge van die direkte na die indirekte rede kan waarneem:

hier word daar,	nou word toe,
vandag word daardie dag,	gister word die vorige dag,
môre word die volgende dag,	oormôre word die dag daarna, ens.

*Verander nou self sinnetjies waarin die eerste groep voorkom, van die direkte in die indirekte rede.*

Sodra ons **uitroepe** aantref, word die saak meteens lastig. „O!” „Foeitog!” „Hiert!” „Vaderland!” „Jou vabond!” laat ’n mens dadelik twyfel. Dit is nogal belangrike woordjies, want ons begrip van ’n gegewe stuk hang dikwels af van ons vertolking van hierdie soort woord.

Dit spreek vanself dat ons hier geen vaste reëls kan opstel nie, maar ons moet aantoon dat ’n inleidende woord, soos uit die volgende blyk, noodsaaklik is:

„Verduiwelde moer, ek sal jou van daardie kant af bydam,” het Ampie gesê.  
Ampie het **kwaad** uitgeroep dat hy die moer van die ander kant af sou bydam.  
Die moeder het aan die seuntjie gevra: „My skat, kan ek jou nie help nie?”  
Die moeder het **liefdevol** aan die seuntjie gevra of sy hom nie kan (of kon) help nie.

As ons aanneem dat ’n derde persoon oorvertel, sal ons begryp dat die voornaamwoord altyd derde persoon word.

Die beskuldigdes pleit toe by die regter: „Vergewe ons ons misdaad.”  
Die beskuldigdes het toe by die regter gepleit om **hulle hulle** misdaad te vergewe.  
Die voorbeeldige man sê toe: „Met hierdie mense werk ek nie verder saam nie.”  
Die voorbeeldige man sê toe (het toe gesê) dat hy met **daardie** mense nie verder (sou) saamwerk nie. †

Die allermoeilikste probleem is die tyd van die werkwoord in die indirekte rede.

Ons leerlinge leer dat daar in Engels so iets soos die opvolging van tye („sequence of tenses”) is. Dink aan:

He said: „I cannot do it.”  
He said (that) he **could** not do it.  
The boy said: „There is another marble.”  
The boy said (that) there **was** another marble.

As algemene leidraad kan ons vasstel **dat daar in Afrikaans geen vaste opvolging van die tye is nie**. M.a.w. die inleidende werkwoord (die werkwoord in die hoofsin) regeer nie die werkwoorde wat volg nie. Hulle kan in die teenwoordige of die verlede tyd wees. Dit hang van die betekenis af. Kyk weer na die twee Engelse sinnetjies: „Hy het gesê dat hy dit nie kon doen nie of nie kan doen nie” is albei goeie Afrikaans, maar beteken nie dieselfde nie. So het „die seun het gesê dat daar nog ’n albaster was of is” ook twee betekenisse.

'n Tydsmoeilikheid word dikwels opgelos deur die bywoord te verskuiwe. Kyk na: **Klaas het gesê: „Ek kan nou nie meer vir so 'n trapsuutjies wag nie.”**

As ons dit letterlik in die indirekte rede wil verander, veroorsaak „kan” en „toe” bymekaar baie moeilikhede. Die saak word egter heel eenvoudig as ek sê: **Klaas het toe gesê dat hy nie meer vir so 'n trapsuutjies kan wag nie.**

Leerlinge moet nou **nie** uit die voorafgaande aflei dat die verlede tyd nooit in die indirekte rede gebruik mag word nie. Dit word natuurlik gedoen, maar alleen wanneer die betekenis dit verg:

Oom Piet het verlede jaar al aan Pa gesê: „Ek kom jou in die loop van die jaar besoek.”

Oom Piet het verlede jaar al aan Pa gesê dat hy hom in die loop van daardie jaar **sou kom besoek.**

Koos het Donderdag aan my gesê: „Ek haal toe gister sulke mooi aartappels uit.”

Koos het Donderdag aan hom (my) gesê dat hy die vorige dag sulke mooi aartappels **uitgehaal het.**

Wanneer ons 'n hele stuk van die direkte in die indirekte rede verander, moet ons veral op die inleidende woord let:

„Waarom slaan jy die kind, stouterd?” het die moeder vir Jan gevra. Daarop het sy kwaad uitgeroep: „Loop dadelik onder my oë uit! Ek wil nie hê my kinders moet met so 'n geniepsige vent speel nie.”

Die moeder het verontwaardig vir Jan gevra waarom hy die kind slaan, waarop sy hom vererg beveel het om dadelik onder haar oë uit te loop. Sy het verder gesê sy wil nie hê dat haar kinders met so 'n geniepsige vent speel nie.

## Opdrag

1. *Wat was die direkte woorde in die volgende gevalle (skrywe hulle mooi tussen aanhalingstekens neer):*
  - (a) Die dame het medelydend aan die seuntjie gevra of hy seer gekry het.
  - (b) Ou Moos het verskrik uitgeroep dat hy die stok vir 'n slang aangesien het.
  - (c) Die vreemdeling het verneem of hulle nie daardie aand vir hom herberg het nie.
  - (d) Die generaal het sy manskappe beveel om hulle nog op daardie oomblik oor te gee.
2. *Verander van die direkte in die indirekte rede:*
  - (a) Die generaal het gesê: „Manskappe, veg liewers tot die dood as om julle nou hier oor te gee.”
  - (b) Anna het vir Rita gesê: „Toe maar, jy hoef jou nie meer te bekommer nie.”

## G. DIE REDUKSIE VAN SINNE EN SINSNEDES

In verband met Afleiding en Samestelling sal ons later opmerk dat 'n mens dikwels baie kan bespaar deur 'n afleiding of 'n samestelling i.p.v. 'n woordgroep of 'n sin te gebruik. Hier gaan ons nou ruimer daarop in. **Sinne kan verkort word deur:**

1. **Sinsdele weg te laat of te vervang**, bv. „Hy hardloop soos een wat deur die duiwel gejaag word” word „hy hardloop asof hy deur die duiwel gejaag word” of „asof die duiwel hom jaag”. „Hy weet goed dat dit nie waar is nie” kan word: „hy weet goed dis nie waar nie” of „- dis onwaar”.

„Dan” in die middel van 'n sin, en „dat” voor 'n voorwerpsin kan meestal weggelaat word sonder verlies. „Want”, „daarom” en

„omdat” kan ook soms agterweë bly, bv. „Ek is moeg; ek loop nou”, „kom nou; ek kan nie heeldag wag nie”. „Die kind het seer geval; hoor hoe huil hy”. Maar ons wil dadelik waarsku! Dit kan nie oral en altyd gebeur nie. Pasop dus vir ’n „gedwonge kort styl”.

2. ’n Sin kan tot woordgroep verminder word deur ’n voors. i.p.v. ’n voegwoord te gebruik en die ww. uit te skakel of tot s.nw. te maak, bv.: „Terwyl hy gespeel het, was daar stilte” word „gedurende sy spel was daar stilte”. „As jy nie werk (het) nie, kan jy nie lewe nie” word „sonder werk kan jy nie lewe nie”. „As die lente hier is, is alles anders” word „in die lente is alles anders”.

As die ww. nie belangrik is nie, kan ons dit soms saam met die betreklike vnw. laat verval: „Die fiets wat daar in die straat staan, is sync” kan word „die fiets daar in die straat, ens.”

3. ’n Sin of ’n woordgroep kan soms in ’n samestelling „saamgevat” word.

„Die doos waarin sy haar hoed(e) hou” is haar **hoededoos**, „die bedding waar(in) die blomme gekweek word” is die **blombedding**, „die skoene waarmee ek ry (of stap)” is my **ryskoene** of **stapskoene**, „planne wat jy vir die toekoms het” is jou **toekomsplanne**, en so meer.

4. ’n Sin of ’n woordgroep kan soms tot ’n afleiding gereduseer word: „Ek twyfel daaraan of hy opreg is” word „ek twyfel **aan sy opregtheid**”. „Hy vertel van alles wat hy ondervind het” word „hy vertel van al sy **ondervindinge**”. „Of Gawie sal kom, is onseker” word „**Gawie se koms** is onseker”.

5. Soms kan die reduksie met sinonieme gedoen word, bv. „’n Skurk bly wat hy is” word „’n skurk bly **’n skurk**”. „Ek het gehoor dat jy geslaag het” word „ek het gehoor **van jou sukses**”. „Mense wat Christus volg, kan nie Mammon ook dien nie” word „**Christene** kan nie . . . .”.

**Waarskuwing:** Nie alle reduksievorme is sonder meer gelykwaardig aan die langer vorme nie. Vergelyk bv.: „klavier speel” en „op die klavier speel”, „in die winkel speel” en „winkel speel” (soos kinders doen), ens. Kyk maar weer na die lidwoord.

6. Baie sinne kan net omgespan word om hulle korter te kry.

(a) Gebruik waar dit kan, bv. die s.nw. as ww.: i.p.v. „Haal die lemoen se skil af”, „**skil die lemoen**”, i.p.v. „Jy moet die stempel daarop druk”, „jy moet dit **stempel**”.

So kan ook bv. die b.nw. as s.nw. gebruik word: **Dom** is swaarder as groot droogte (dom wees). **Eerlik** het ’n os geslag (en fatsoenlik . . .?). Jy moenie sweer nie, nog by **hoog**, nog by **laag**. ’n Mens moet kan onderskei tussen **goed** en **kwaad**, As **ryk** so sê, wat moet **arm** dan sê?

(b) Dié maniere gaan ons nie verduidelik nie. Kyk self wat gebeur: „’n Mens dra swaar aan die emmer” of „die emmer is swaar om te dra” word „die emmer **dra swaar**”. „’n Mens sit sag op die stoel” of „dis sag om op die stoel te sit” word „die stoel **sit sag**”.

## Let Wel

In hoofstuk 13 (BETEKENISLEER) verskyn 'n lys benaminge wat in plaas van 'n omskrywing gebruik kan word, bv.:

- Sannie is 'n *slodderkous*, i.p.v.
- Sannie is 'n *baie slordige meisie*.

Leerlinge word aangeraai om die lys te bestudeer en op te let hoe 'n enkele gepaste woord dikwels 'n hele aantal woorde kan vervang.

## OEFENINGE

1. *Verkort die volgende sinne deur gebruik te maak van die maniere wat op die voorafgaande bladsye toegelig is:*
  - (a) Wie dit geskrywe het, is onbekend.
  - (b) Ons het heelwat belang by wat die Parlement besluit.
  - (c) Ons lag maar oor die dwase dinge wat hy praat.
  - (d) Dis nodig om partykeer te rus.
  - (e) 'n Mens kan seer slaan (geslaan word) met 'n kweperlat.
  - (f) Hy beoefen skaapboerdery in die Karoo.
  - (g) As jy een vir een man teen mekaar opweeg, is hulle beter as ons.
  - (h) Dit bring jou niks in die sak om rond te loop nie.
  - (i) Die arme mense het niks om op te slaap nie.
  - (j) Jy kan ondersoek instel of dit moontlik is.
2. *Soos 1.:*
  - (a) Alleen wie 'n dief is, sal so iets doen.
  - (b) Hy is gekies omdat hy so bekwaam is om leiding te gee.
  - (c) Dit lyk asof dit gaan reën.
  - (d) Dis nie maklik om sulke dik leer te sny nie.
  - (e) Pas op, jy raak daar gebrand.
  - (f) Die koring vorm vanjaar pragtige stoele.
  - (g) Die bokant van haar voet is te hoog vir skoene met sulke smal punte.
  - (h) Die rose se knoppe begin oopgaan.
  - (i) Dis geen skande om arm te wees nie.
  - (j) Dit is die rede waarom ek nie wou nie.
3. *Soos 1 en 2:*
  - (a) Dis onbeleef om vir 'n mens se meerderes jy en jou te sê.
  - (b) Aan wie behoort die boeke wat daar staan?
  - (c) Vertel dit aan almal, of hulle oud is of jonk.
  - (d) Wat ek vra, is in alle erns bedoel.
  - (e) Waar hy hom skuil hou, is nie bekend nie.
  - (f) Donker en ligte kleure kan soms baie mooi kontraste vorm.
  - (g) My raad is dat hy moet probeer.
  - (h) Julle moet die wingerd met swawel behandel en die beeste met dip.
  - (i) Onderwyl die wedstryd aan die gang was, het die spelers se klere weggeraak uit die kamer waarin hulle hulle aan- en uittrek.
4. *Soos 1 tot 3:*
  - (a) Sal die prys van die koring nog vasgestel word voordat die winter hier is?
  - (b) Die seun het gevlug uit vrees dat hy gestraf sou word.
  - (c) Dit het hier op 'n plek en daar op 'n plek nogal goed gereën.
  - (d) Hy het verlof omdat hy siek is.
  - (e) Jy moet laer sak, man!
  - (f) Hy loop met sy kaal kop in die son.
  - (g) Die hoenders soek 'n plek om te lê.
  - (h) Dis goed om te werk en om verspot te wees, maar alles op sy tyd.

- (i) As jy die lusern in so 'n stapel oppak, sal dit aftuimel.
- (j) Deurdad iemand wat hulle goedgesind was, tussenbei gekom het, is die bedreiging van hulle vriendskap afgewend.
- (k) Wie is die dogter met die wit kop?
- (l) Nadat hulle klaar is met die ete in die aand, bestee hulle (die nodige) sorg aan die hoenders en eende en duive en kalkoene.

## H. ONTKENNING

In die st. 6-boek is gesê dat ontkenning die Afrikaanssprekende leerling weinig las gee. Die Engelssprekende leerling vind dit egter moeilik om te onthou dat die **dubbele nie** 'n tipiese verskynsel in Afrikaans is.

Ons sê op Engels:

„You may **not** go,”

maar op Afrikaans sê ons:

„Jy mag **nie** gaan **nie**.”

So sê ons ook:

1. Ek het dit **nooit** gesien **nie**.
2. Hy is **nêrens** **nie**.
3. Is hy **nie** êrens **nie**?
4. Julle **moenie** ry **nie**.
5. Dit sal **nie** deug **nie**.

## OEFENING

1. *Maak die volgende sinne ontkenning:*
  - (a) Jan sal werk.
  - (b) Hy het geweet dat ek siek was.
  - (c) Of Jan of Koos moet bly.
  - (d) Ek het die boek êrens gesien.
  - (e) Ek het dit al dikwels teëgekóm.
2. *Beantwoord die volgende vrae ontkenning:*
  - (a) Weet jy waar Piet gister was?
  - (b) Kan jy my help?
  - (c) Kon jy die boek êrens vind?
  - (d) Moet julle nou al ry?
  - (e) Het jy al ooit so iets beleef?

## HERSIENINGSOEFENINGE

1. Hy loop orals.  
Hy loop op enige plek.  
Hy loop waar hy wil.  
In bostaande gevalle is „hy loop” eers deur 'n **bywoord** uitgebrei, toe deur 'n **bywoordelike sinsnede** en toe deur 'n **bywoordelike bysin**, en almal druk plek uit. *Brei nou onderstaande „naakte” sinnetjies ook so uit.* Tussen hakies word aangegee wat die uitbreidinge moet aandui:
  - (a) Hy werk (tyd).
  - (b) Jan sing (plek).
  - (c) Piet hardloop (manier).
  - (d) Lewe suinig (doel). (Net 'n sinsnede en 'n bysin.)
  - (e) Hy het beswyk (oorsaak). (Net 'n sinsnede en 'n bysin.)

2. *Voltooi die volgende sinne:*
- (a) Wie nie getrou werk nie, . . . . .
  - (b) Mense wat baie praat, . . . . .
  - (c) Hy beweer dat . . . . .
  - (d) Hy sê dat . . . . .
  - (e) Hy sê dat, wanneer . . . . .
  - (f) Ek sal gaan, mits . . . . .
  - (g) Ek sal gaan, tensy . . . . .
  - (h) Alhoewel hy siek was, . . . . .
  - (i) Al was hy siek, . . . . .
3. *Soos die vorige:*
- (a) Ek hou nie van hom nie, dog . . . . .
  - (b) Ek hou nie van hom nie; tog . . . . .
  - (c) Hy help 'n mens nie; intedeel . . . . .
  - (d) Sy is spandabelrig; dus . . . . .
  - (e) Sy is spandabelrig; derhalwe . . . . .
  - (f) Sy is spandabelrig, met die gevolg . . . . .
  - (g) Met wie jy verkeer, . . . . .
  - (h) Woorde wek, voorbeelde . . . . .
  - (i) Son in die Weste, . . . . .
  - (j) Gou by die bak, . . . . .
4. *Gebruik mondeling of skriftelik in sinne.*  
terwyl, soos, sedert, aangesien, ofskoon, al, hoewel, alhoewel, mits, tensy, dus, derhalwe, nogtans.
5. *Soos die vorige:*  
gevolglik, egter, immers, bra, mos, waarna, waaromtrent, in verband waarmee.
6. *Verkort die volgende sinne deur die skuinsgedrukte dele te verander:*
- (a) Dit is tog *wat ons bely om te glo*.
  - (b) Ek het dit maar gedoen *sodat ek die vrede kan bewaar*.
  - (c) Dit is 'n deel van *wat hy glo*.
  - (d) *Wat hy geërf het*, is vir hom dierbaar.
  - (e) Sy geleerdheid bring hom *in 'n toestand waarin hy raas*.
  - (f) *Die man wat ons verteenwoordig*, voer niks uit nie.
  - (g) *Hulle wat gebroke van hart is*, sal vertrous word.
  - (h) *Die streke wat deur droogte geteister is*, kry baie swaar.
  - (i) *Die leier wat eens beroemd was*, is nou 'n eensame figuur.
  - (j) Dit is nou die *persoon wat aanbid word*.
7. *Soos die vorige:*
- (a) *Al was hy baie siek*, het hy volhard.
  - (b) *As 'n mens die waarheid verdraai*, is dit op die duur nie lonend nie.
  - (c) *Diegene wat swaar hoor*, moet gehelp word.
  - (d) Dit is 'n *inrigting waar mense wat doof en stom is, versorg word*.
  - (e) Hulle het 'n fonds gestig *waaruit die wat behoefstig en skrander is, gehelp kan word*.
8. *Voltooi:*
- (a) Wie jonk is, speel graag; . . . . .
  - (b) Mooiheid vergaan, maar . . . . .
  - (c) Plesier is nes 'n jong komkommer; . . . . .
  - (d) Die mens wik; . . . . .
  - (e) Die vrou dra meer uit met 'n lepel . . . . .
  - (f) Hoe meer siele, hoe . . . . .

**Kern:** Skrywe netjiese, goedgeboude, duidelike sinne.

## Erfgoed, Leengoed en Taalsuiwerheid

## A. ERFGOED

In die st. 6-boek is gesê dat die oorgrote meerderheid van die woorde in die Afrikaanse woordeskat *erfgoed uit Nederlands is* omdat Afrikaans na die koms van Jan van Riebeeck in 1652 *spontaan uit die Nederlands van die sewentiende eeu ontwikkel het*.

Bewyse hiervoor is die *groot getal Afrikaanse woorde* met 'n Nederlandse spelling wat in *Nederlandse boeke of die Nederlandse woordeboek* aangetref word, asook die feit dat Nederlanders en Suid-Afrikaners mekaar vandag nog, ná meer as drie eeue van skeiding, betreklik *goed kan verstaan*.

Die ander tale waarmee Afrikaans in aanraking gekom het, veral Engels, het natuurlik ook die Afrikaanse woordeskat beïnvloed; dog van al die duisende woorde wat in Afrikaans bestaan, is slegs 'n *geringe getal nie erfgoed nie*. Nederlands is die hoofbron van die Afrikaanse woordeskat.

In verband met erfgoed moet julle die volgende onthou:

1. *Vreemde woorde wat in Nederlands van die sewentiende eeu bestaan het, is vir ons erfgoed*, want hulle het uit Nederlands na Afrikaans gekom. Die volgende woorde het bv. uit tale soos Pools, Duits, Frans, Italiaans, Spaans en uit die Ooste in Nederlands gekom en vandaar in Afrikaans:

agurkie (Pools)	basaar (Portugees)
amok (Maleis)	foeter (Frans)
asgaai (Spaans of Portugees)	laksman (Maleis)
baadjie (Maleis)	patat (Spaans)
baljaar (Portugees)	serp (Duits)
bandiet (Italiaans)	

*Hierdie woorde is (soos gesê) vir Afrikaans erfgoed*, want ons het hulle uit Nederlands geërf. Die feit dat hulle uit *ander tale* in 17de-eeuse Nederlands gekom het, verander hieraan niks nie.

2. Sommige woorde wat ons van Nederlands geërf het, *het in hedendaagse Nederlands in onbruik geraak*, maar *word in Afrikaans nog algemeen gebruik*, bv.:

kats	skans	sneller
sens	vergange	verfoes

3. Ander woorde wat in die Nederlands van die sewentiende eeu *selde gebruik is* en ook reeds in *onbruik* geraak het, *is in Afrikaans nog springlewendig*, bv.:

boeglam	komers	niksnuts
puts	werskaf	vrek
volstruis	versmaai	spanspek
loesing		

## B. LEENGOED

Nie alle Afrikaanse woorde is erfgoed nie. Nadat sewentiende-euse Nederlands aan die Kaap 'n eie koers begin inslaan en spontaan in 'n nuwe taal ontwikkel het, is woorde aan ander tale **ontleen**.

In die vroegste jare was dit die tale van die **matrose** en **seelui** wat die Kaap besoek het, later dié van **Frans** en **Duitse koloniste** en van die inheemse **Hottentotte**, en nog later dié van die **Bantoevolkere** met wie die koloniste in aanraking gekom het. Die **Maleis-Portugese slawetaal** het natuurlik ook woorde in Afrikaans nagelaat.

Die meeste vreemde woorde is egter **aan Engels ontleen**, veral nadat die Kaap 'n Britse kolonie geword het.

Ons verstrek eers 'n paar voorbeelde van ontleninge aan ander tale:

1. *Duits*: sweis, dan en wan, derduiwel, ens.
2. *Frans*: restaurant of restourant, sermeinpeer, ens.
3. *Portugees*: aia, bredie, (di)spens, laai, ens.
4. *Maleis-Portugees*: tjalie, sambreel, tamaai, ens.
5. *Maleis*: baie, paljas, nonna, sosatie, ens.
6. *Hottentots*: eina, geitjie, boegoe, kwagga, ens.
7. *Bantoetale*: donga, impala, impi, tsetse, ens.

Die invloed van hierdie tale op die Afrikaanse woordeskat was baie gering, oneindig minder as die Engelse invloed op Afrikaans. Ofskoon alle leengoed 'n baie klein persentasie van die Afrikaanse woordeskat uitmaak, kan 'n mens byna nie aan 'n enkele groep woorde dink waarin daar nie *Engelse leenwoorde* voorkom nie. Ons tref hulle aan in bv.:

*Die poswese*: posmeester, posmeester-generaal, ens.

*Die spoorweë*: stasiemeester, platform, ens.

*Die onderwys*: standerd, prinsipaal, ens.

*Die verdedigingsmag*: blokhuis, kadet, ens.

*Die gereg*: jurie, bloedhond, ens.

*Die regering*: koukus, ens.

*Die boerdery*: trekker, jakkalsproef, ens.

*Sport*: tennis, krieket, gholf, ens.

Hierdie leengoed staan bekend as **indirekte** of **vertaalde leenwoorde**.

Daar is ook 'n paar *direkte ontlenings* soos **speaker**, **whisky**, ens. in ons woordeskat, dog hulle getal is uiters gering.

Die sg. **basterwoorde**, dit is Engelse woorde wat in Afrikaans vertaal is en waarvan die vorme sodanig verander het dat hulle byna nie meer as leenwoorde herken kan word nie, is ook nie volop nie. Ons gee 'n paar voorbeelde:

**aspaai** (Eng.: „I spy.”)

**hensop** (Eng.: „Hands up.”)

**briek** (Eng.: „Brake.”), ens.

**plekniek** (Eng.: „Picnic”)

**horssweep** (Eng.: „Horse whip.”)

**bloekom** (Eng.: „Blue-gum.”)

Vir die meeste van die leenwoorde hierbo genoem (en vir baie ander wat in Afrikaans aangetref word), het daar 'n **behoefte** bestaan. Hulle het ons woordeskat **aangevul** en **verryk**; Afrikaans het hulle **nodig** gehad.

Daar is egter leenwoorde wat **onnodig** gebruik word omdat daar goeie Afrikaanse woorde bestaan. Teen die gebruik van sulke leenwoorde moet ernstig gewaarsku word. In die volgende lys is die vorm wat eerste genoem word, goeie Afrikaans:

invoer, importeer	bestemming, destinasie
deskundige, ekspert	verbeelding, fantasie
uitdrukking (op die gesig), ekspressie	liggaamlik, fisies
beswaar, objeksie	afnemer, fotograaf
verbinding, konneksie	teenstander, opponent
ledegeld, subskripsie	ontvangs, resepsie
onsin, nonsens	sitting, sessie
inligting, informasie	owerheid, outoriteite
wins, profyt	uitvoer, eksporteur
indruk, impressie	verskoning, ekskuus
tussenwepel, interjeksie	(toneel)speler, akteur
verkiesing, eleksie	weerklang, eggo (in die klowe)
waardeer, appresieer	briefwisseling, korrespondensie
verbeter (foute), korrigeer	gesondheidsleer, higiëne
verklaring, deklarasie	skuldeiser, krediteur
toejuiging, applous	simpatie, deelneming of meegevoel
verskoning, apologie	skrywer, outeur
dwing, forseer	omloop, sirkulasie
klem of nadruk, aksent	bevrediging, satisfaksie
kim of gesigseinder, horison	benoem, nomineer
ewewig, balans	

Die meeste Engelse woorde kan in goeie Afrikaans vertaal word. In die volgende gevalle mag ons nooit die Engelse woord gebruik nie:

The aerial	<b>A</b>
An air-gun	= die lugdraad, lugpaal.
I bought it on appro(val)	= 'n windbuks.
The average mark of the class	= ek het dit op sig gekoop.
	= die gemiddelde punte van die klas.
	<b>B</b>
That is the badge of our school	= dis ons skool se wapen (of kenteken).
Our school has a pretty blazer	= ons skool het 'n mooi kleurbaadjie.
To play on the bagpipes	= die doedelsak bespeel.
Then the band started	= toe het die (blaas)orkes begin.
A bangle round the wrist	= 'n armband om die pols.
I got a bargain	= ek het 'n slag geslaan, 'n kopie gedoen.
Beautiful bed-spreads	= pragtige bedspreie, dekens.
Biscuits and coffee	= beskuitjies en koffie.
The boarders have left	= die loseerders of kosgangers (in die geval van leerlinge) is weg.
	= slaan die rem(me) aan.
	<b>C</b>
The captain invited us to his cabin	= die kaptein het ons na sy kajuit genooi.
She is busy canning peaches	= sy is besig om perskes in te lê (of in te maak).
	= haal jou pet af.
Lift your cap	= my fiets moet 'n rooster (of karet) hê.
My bicycle must have a carrier	= sit julle (boek)tasse in die portaal.
Put your cases in the lobby	

## Cellotape

Cash the cheque

Our battery must be charged

He commanded us to charge

Put the parcel in the cloak-room

This is the ladies' cloak-room

Cod-liver oil and malt

Crayons will do

Mind the crossing

A Christmas-tree was given on Christmas

Eve

The detective in the detective story

Throw the dice

The dimple in her cheek

Five per cent discount

Use a disinfectant

Double-breasted coat or jacket

A box of drawing-pins

Put on your dressing-gown

To go for a drive

He drove my car

You must dye the suit dark

The dye is finished

We gave a dance on my birthday

One of these days it will be Easter

I am going away for the Easter week-end

We played an encore

We must encore them

Something went wrong with the engine of the car

The engine-driver was hurt

The (telephone) exchange

The express is in

It looks like fairy-land

Switch on the fan

I like the filling best

The fire-brigade turned up quickly

Flour is very scarce nowadays

She wears a fur-coat

The lights fused

Put in a piece of fuse-wire

That is not the game

Put the car into gear

Low, second and top gear

The globe is cracked

Your dress looks grand

I buy my groceries there

You cannot guarantee the work

= **kleefflint.**

= **wissel hierdie tjek.**

= ons battery moet gelaai word.

= hy het ons beveel om te storm.

= sit die pakkie in die bewaarkamer.

= dit is die dames se kleedkamer.

= lewertraan en mout.

= tekenkryt sal goed wees.

= pasop vir die oorweg (of kruispunt).

= 'n Kersboom is op Kersaand gegee.

## D

= die speurder in die speurverhaal.

= gooi die dobbelstene.

= die kultjie in haar wang.

= vyf persent afslag (of korting).

= gebruik 'n ontsmettingsmiddel.

= oorknoopjas of -baadjie.

= 'n doos drukpsykertjies.

= trek jou kamerjas (of kamerjapon) aan.

= 'n plesierrit doen.

= hy het my motor bestuur.

= jy moet die pak donker kleur.

= die kleursel is op.

= ons het op my verjaardag 'n dansparty gehou.

## E

= een van die dae sal dit Pase wees.

= ek gaan met die Paasnaaweek weg.

= ons het 'n toegif gespeel.

= ons moet hulle toejuig.

= iets het met die masjien van die motor verkeerd geloop.

= die masjins is beseer.

= die (telefoon)sentrale.

= die sneltrein het aangekom.

## F

= dit lyk na die feëryk.

= skakel die waaiër aan.

= ek hou die meeste van die vulsel.

= die brandweer het gou opgedaag.

= meelblom is teenswoordig baie skaars.

= sy dra 'n pelsjas (of bontjas).

= die ligte het uitgeblaas.

= sit 'n stukkjie smeltdraad in.

## G

= dis nie die manier (van doen) nie.

= sit die motor in die rat.

= laagste, tweede en hoogste versnelling.

= die lampkap is gebars.

= jou rok lyk swierig (of pragtig).

= ek koop my kruideniersware daar.

= jy kan die werk nie waarborg nie.

Icing-sugar  
Strawberries and ice-cream  
An indelible pencil  
What are your initials?  
Initial this please  
Paint it with iodine

My jack is broken  
So I cannot jack up my car  
Bread and jam  
I am looking for a job  
Jobs for pals

A keepsake from me  
There is a knock  
The wing knocked the ball

Fasten this label to the suitcase  
You must cut (mow) the lawn  
You must have a licence before you drive

Use the lift  
Give me a lift, please  
A lighthouse  
He is a loafer  
We came by lorry

We read magazines and newspapers  
Go and see the manager  
This is our mascot  
We went to the matinee

Monkey-nuts and chocolate(s)

To grow a moustache

She wears a necklace  
I cannot write with this nib

He reads novels

An oasis in the desert  
He does odd jobs  
That was a nice outing  
Put on your overall(s)

To use a parachute for landing  
We are partners in the business  
She is my tennis-partner  
Plaster of Paris

## I

= versiersuiker.  
= aarbeie met roomys.  
= 'n inkpotlood.  
= wat is jou voorletters?  
= parafeer dit asseblief.  
= verf dit met jood (jodium).

## J

= my domkrag is stukkend.  
= dus kan ek nie my motor opdomkrag nie.  
= brood met konfynt.  
= ek soek werk (of 'n betrekking).  
= baantjies vir boeties.

## K

= 'n aandenkning van my.  
= daar klop iemand.  
= die vleuel het die bal aangeslaan.

## L

= maak die etiket aan die koffer vas.  
= jy moet die grasperk knip.  
= jy moet 'n rybewys hê voordat jy mag bestuur.  
= gebruik die hyser.  
= laai my asseblief op.  
= 'n vuurtoring.  
= hy is 'n leegloper.  
= ons het per vragmotor gekom.

## M

= ons lees tydskrifte en koerante.  
= gaan spreek die bestuurder.  
= dis ons gelukbringer.  
= ons het na die middagvertoning (oggendvertoning) gegaan.  
= grondboontjies (grondbone) en sjokola(de), sjokolaadjies.  
= 'n snor kweek (laat groei).

## N

= sy dra 'n halssnoer.  
= ek kan nie met hierdie pen (of penpunt) skryf nie.  
= hy lees romans.

## O

= 'n oase in die woestyn.  
= hy doen los werkies.  
= dit was 'n lekker uitstappie.  
= trek jou oorpak aan.

## P

= 'n valskerm gebruik om te land.  
= ons is vennote in die saak.  
= sy is my tennismaat.  
= gips.

Give me polish for my boots and for furniture. = gee vir my skoensmeer en politoer.

Give your luggage to the porter = gee jou bagasie aan die kruier.  
The propeller of the aeroplane = die skroef van die vliegtuig.

Put down the receiver = sit die gehoorbuis neer.  
Are you the referee? = is u die skeidsregter?  
A refrigerator = 'n yskas (of koelkas).  
A rockery in the yard = 'n rotstuintuin in die agterplaas.  
Like a rocket into the air = soos 'n vuurpyl die lug in.

I don't like salmon = ek hou nie van salm nie.  
He belongs to the Salvation Army = hy behoort tot die Heilsleër.

Bring me a sample = bring my 'n monster.  
The self-starter = die aansitter.  
Show-windows = uitstalvensters (of toonvensters).  
Show-rooms = (ver)toonkamers.  
Close the shutters = maak die luik toe.  
Gown and slippers = kamerjas (of -japon) en pantoffels.  
The speedometer does not work = die mylmeter staan stil.  
Use (methylated) spirits = gebruik (brand)spiritus.  
A good sportsman = 'n goeie sportman.

A tail-coat and top hat = 'n swaelstert en keil.  
I am waiting for a telephone call = ek wag op 'n telefoonoproep.  
Our school time-table = ons lesrooster.  
The new railway time-table = die nuwe spoorboek (spoorwegrooster).  
Bring your togs along = bring jou sportklere (voetbalklere) saam.  
Tooth-paste = tand(e)pasta.  
He organised a tournament = hy het 'n toernooi gereël.  
The farmers use tractors and combines = die boere gebruik trekkers en stropers.

A vacuum cleaner = 'n stofsuiër.  
To grind valves = kleppe slyp.  
Lift the veil = lig die sluier.  
Put on your vest = trek jou onderhemp frok(kie) aan.

In the wardrobe = in die klerekas.  
Waste-paper basket = 'n snippermandjie.  
Wireless or radio = draadloos of radio.  
Don't worry = bekommer jou nie.

Hier volg nou 'n klompie woorde en uitdrukkinge i.v.m. dinge waarmee julle dikwels in aanraking kom:

#### Motors en Verkeer

accelerator = versneller  
automatic gears = outomatiese versnellings (of ratte)  
balloon tyres = kussingbande  
bonnet = enjinkap (masjienkap)

brake fluid	= remvloeistof
brake-lining	= remvoering
breakdown lorry	= noodwa
bumper	= buffer
choke	= smookklep
clutch	= koppelaar
cubby hole	= paneelkassie
cul-de-sac	= doodloopstraat
dashboard	= paneelbord (instrumentebord)
differential	= ewenaar
dim (lights)	= ligte verdof
driving licence	= rybewys
exhaust pipe	= uitlaatpyp
fan-belt	= waaierband
insulating tape	= isoleerband
jet	= sproeier
kerbing	= randsteen
license-holder	= lisensieraampie
luggage carrier	= bagasierak
misfire	= kets
oil filter	= oliefiltreerder
oil guage	= oliemeter
oil level	= oliepeil
oil sump	= oliepan
overdrive	= snelrat (spoedrat)
piston	= suier
plugs	= vonkproppe
point duty	= verkeersdiens
porter	= kruier
radiator	= verkoeler
radiator cap	= verkoelerskop
retread (tyres)	= versool
reverse gear	= tru-versnelling
screen-wiper	= skermveër
shock-absorber	= skokdemper
side-car	= spanwaentjie
silencer	= knaldemper
spare parts	= onderdeel
spare wheel	= noodwiel
speed limit	= snelheidsbeperking
speed trap	= snelstrik
spotlight	= soeklig
tail-light	= agterlig
upholstery	= bekleding
vulcanise	= vulkaniseer
windscreen	= windskerm

air-conditioning  
annexe  
arch window  
emergency stair  
escalator  
fire screen  
latch  
picture rail  
quadrangle  
roller blinds  
scullery  
stepladder  
Venetian blinds  
wall-paper

bathing cap  
coach  
goal-keeper  
log  
rough play  
score-board  
timekeeper  
umpire

beer shandy  
chips  
cocktail  
crystallized fruit  
grape-fruit  
kippers  
lime juice  
mangos  
mashed potatoes  
menu  
milk shake  
paw-paws  
scrambled eggs  
sundowner  
toast  
waiter

baby sitter  
best seller  
birth mark  
bonfire  
budgie  
bulldozer  
camp stretcher  
carbon paper  
cartoon  
carving knife  
cellotape

### Huise en Geboue

= lugreëling  
= bygebou  
= boogvenster  
= noodtrap  
= roltrap  
= kaggelskerm  
= knipslot (klinkslot)  
= prentelys  
= binneplaas  
= rolblindings  
= opwasplek  
= trapleer  
= hortjiesblindings  
= plakpapier

### Sport

= baaimus, baaipet  
= breier  
= doelwagter  
= puntelys  
= ruwe spel  
= telbord  
= tydopnemer  
= skeidsregter

### Voedsel

= limonade-bier  
= aartappelskyfies  
= mengeldrankie  
= versuikerde vrugte  
= pomelo's  
= gerookte harings  
= lemmetjiesap  
= veselperskes  
= fyngemaakte aartappels, kapokaartappels  
= spyskaart  
= bruismelk  
= papajas  
= roereiers  
= skemerkelkie  
= roosterbrood  
= kelnor

### Algemeen

= babawagter  
= suksesboek  
= moedervlek  
= vreugdevuur  
= parkiet  
= stootskraper  
= kampbed  
= deurslagpapier  
= spotprent (tekenprent)  
= voorsnymes ('n groot vleismes)  
= kleeflint

charwoman	= werkvrou (skropvrou)
daredevil	= waaghals
eyebrow-pencil	= winkbroustiffie
false teeth	= kunstande
fibre glass	= glasvesel
gipsy	= sigeuner
handicap	= voorgee of belemmering
hot-house	= kweekhuis
lifebelt	= reddingsgordel
life-saver	= lewensredder
liquid paraffin	= aptekersparaffien
locket	= hangertjie
measuring tape	= maatband
musical chairs	= stoeldans
news-flash	= flitsberig
permanent wave	= vaste haargolf
poster	= aanplakbiljet
prescription	= voorskrif
quarry	= steengroef
radio-drama	= hoorspel
raw materials	= grondstowwe
red tape	= rompslomp
rummage sale	= rommelverkoop
sandpaper	= skuurpapier
see-saw	= wipplank
serial	= vervolghaarl
side-show	= byvermaak
slums	= agterbuurte
stencil	= patroonplaat
studio	= ateljee
tissue-paper	= sypapier
toaster	= broodbraaier

## C. ANGLISIMES EN TAALSUIWERHEID

Dit is natuurlik dat Afrikaans en Engels mekaar tot groot hoogte beïnvloed. As twee volksgroepe gedurig met mekaar in aanraking kom, sal die een se taal gou spore van die ander se taal begin vertoon.

Wanneer die Engelse idioom *letterlik in Afrikaans nagevolg word*, praat ons van 'n **Anglisisme**.

**Voorbeeld:**

Hy *groe*i blomme ('n Anglisisme).

Hy *kweek* blomme (suiwer Afrikaans).

Die Engelse invloed is nie net in die vorm van Engelse woorde of letterlike vertalinge waarneembaar nie; ons kan dit op baie gebiede bespeur, soos ons verder sal aantoon. Ons gee oral die juiste vorm aan, sodat leerlinge se oog en oor daaraan gewoond kan word:

### **Klemtoon**

Klemtoon is eintlik 'n aspek van uitspraak (wat ons al behandel het) maar dit word onder Engelse invloed so dikwels verkeerd geplaas dat ons

dit hier ook weer eens behandel. Dit sal baie help om te onthou dat ons in Afrikaans die klemtoon dikwels op die end van die woord het, terwyl die klem in Engels baie dikwels op die eerste lettergreep val. Kom ons vergelyk:

Afrikaans	Engels
telegram	telegram
telefoon	telephone
bioskoop	bioscope
paragraaf	paragraph
kontak	contact
kontrak	contract
melodie	melody
advokaat	advocate
dialoog	dialogue
mikroskoop	microscope
politiek	politics
radiogram	radiogram

Leerlinge moet gewaarsku word teen die neiging om alle moontlike woorde op hierdie manier te probeer uitspreek. Die uitspraak van 'n woord hang deels van sy herkoms af, en ons kry so 'n bonte verskeidenheid dat reëls onmoontlik is. Die voorafgaande is dan ook hoogstens 'n leidraad. In die volgende gevalle bv. is die klemtoon in die twee tale dieselfde:

Afrikaans	Engels
historikus	historian
direk	direct
dramaties	dramatic
konserterina	concertina
televisie	television
helaas	alas
definisie	definition

Baie dikwels verskil die Afrikaanse uitdrukking heeltemal van die Engelse. Ons moet die Engelse manier van dink en praat laat vaar as ons ons in Afrikaans wil uitdruk, en andersom. Hier volg byvoorbeeld 'n aantal Afrikaanse idiome wat in Engels heeltemal anders uitgedruk word:

Jy dra sand na die see as jy aan hom vrugte gee: hy is 'n vrugteboer.

Dit maak vir my geen saak watter van die twee perde ek koop nie; dis vinkel (peper) en koljander.

Honger is die beste kok.

Van die hand tot die mond val die pap op die grond.

Dit was 'n doodsboot; hy is so dood soos 'n mossie.

Jakkals prys sy eie stert.

Ek sit hier op hete kole, en jy daag nie op nie.

Waar bloed nie kan loop nie, daar kruip dit.

Besin eer jy begin.

Toe hy dit sê, het hy meteens die aap uit die mou gelaat.

Boontjie kry sy loontjie.

Daardie mooi vertoning van die atlete het die kroon gespan.

'n Mens behoort jou skool se naam hoog te hou.

Vervolgens bekyk ons die korrekte vorme van gewone uitdrukkinge wat verkeerd aangetref word (ons gee hulle alfabeties volgens die Engelse ekwivalente aan):

Jy moet my briewe voortaan eerder beantwoord.

Sommige ouers wil nie vir hul kinders sorg nie („look after”).

My moeder is begerig (gretig) dat ek op skool moet verder.

Buite en behalwe („apart from”) sy tweetaligheid, is hy ook om ander redes ’n goeie onderwyser.

Per slot van rekening (of op stuk van sake) moet elkeen na sy eie belange omsien.

Jy kan my ná (die) skool oor daardie saak kom spreek.

As jy ’n aanstelling wil hê, moet jy vroegtydig om daardie betrekking aansoek doen.

Jare gelede het hier ’n ou man gewoon.

Sy vader is ’n sakeman – vennoot in die firma Pylmaker en Karremaker.

Hierdie hings is deur die broers (of gebroeders) Van Zyl geteel.

Die agterstallige skuld is alles dooie skuld; jy sal geen bloue duit daarvan kry nie.

Wat bedoel jy nou eintlik daarmee?

Vermenigvuldig vyf met twee.

Jy moet betyds julle sitplekke bespreek.

Jan sal nie slaie kry nie, want hy staan in die guns by die onderwyser („in the teacher’s good books”).

Die dapper („brave”) man het in die oorlog gesneuel.

Die atleet het die rekord verbeter toe hy die honderd tree so vinnig afgelê het.

Die heenreis mag jy nie onderbreek nie, maar wel die terugreis.

Teen agtuur het baie van die gaste nog nie opgedaag nie.

Dit is verreweg die beste om jou inkope self te doen („to do shopping”).

Sommige soorte werk kan ’n mens bedags beter doen.

Die onderwyser het my betrap („caught”) toe ek ’n lawaai gemaak het.

Die koue wat hy gevat (opgedoen) het, het so erg geword dat hulle ’n dokter (geneesheer) moes ontbied.

As die weer ooptrek, kan ons gaan bergklim.

Dit is nogal ’n kuns om ’n motor goed te bestuur.

Nadat die onderwyser die opstel nagesien het, het die leerlinge die verbeteringe aangebring.

My ouers wil my nie na die piekniek laat gaan nie; nou sal julle my moet uitskakel.

Ek is te dom om die betekenis van alles wat hy sê te verstaan (of begryp, snap) („catch”).

Ek is te dom om die betekenis van alles wat hy sê, te verstaan (of begryp, snap)

As jy die trein wil haal, sal jy gou moet maak.

Dit is (nou) genoeg („that will do”).

Hy lê sestig myl per uur af; hy ry sestig myl per uur („does sixty miles an hour”).

Ek gaan bank toe om ’n tjek te wissel.

Dit is al laat; daarom (dus) sal ek maar die brief afsluit.

Verskoon my ’n oomblik; ek sal gou maak („I won’t be long”).

Die vraestel was te moeilik – ek kon niks uitrig nie (ek kon geen hond haar-af maak nie).

Jou skoolgeld („school fees”) is agterstallig. Jy moet dit liever(s) nou gaan betaal.

(Ek het die kelner wat my bedien het, ’n fooi(tjie) in die hand gestop.)

Om die rede moet ons almal betyds of op tyd wees. („For this reason we must all be in time.”)

Ek het die werk al so dikwels nagegaan dat ek dit teen hierdie tyd op my duimpie ken.

Gaan met jou werk voort.

Ons gaan ’n partytjie hou, reël („get up a party”).

Daarna het die dinge heeltemal verkeerd geloop.

Die klok het nou net gelui.

**Daarmee kan jy geen fout maak of begaan nie** („you cannot go wrong with that”).  
**Sy das pas mooi by sy hemp.**  
 Moenie vir Jan sê nie: hy sal die geheim verklap. („He will give us away, give the show away.”)  
 Jy moet die vleuel vat. („You must go for the wing.”)  
 As jy die vaas breek, sal my tante jou inklim. („If you break the vase, my aunt will go for you.”)  
 Die boere van ons land kweek groente, vrugte, ens. (Ons sê ook: Hulle verbou koring, tabak, ens.  
 Hulle teel klein- en grootvee.)  
 Hierdie mes sal my later goed van pas, te pas kom („wil come in handy”).  
 Dit is besonder ongelukkig („hard lines”).  
 Dit is nou tyd dat julle julle antwoorde inlewer. („It is time for handing in your papers.”)  
 My seun is in die hoërskool vir seuns (hoër seunskool) in die Paarl. („Boys’ high school”).  
 Die perde-yster, hoefyster het die smid se hand lelik gesny („horse-shoe”).  
 Met ander woorde, jy hou nie van die man nie. („In other words.”)  
 Jy moet jou daarop toelê om betyds te kom. („In time.”)  
 Is jou vader tuis? („Is your father in?”)  
 Ek wil net kortliks die storie vertel („in short”).  
 Teenswoordig („nowadays”, „in these days”) gebeur daar baie ongelukke.  
 Na alle waarskynlikheid sal hy binnekort opdaag.  
 In hierdie opsig sal ek nie kop gee nie („give in”).  
 Eindelik moes ek daardie plan laat vaar, uit my kop sit („had to give up the idea”).  
 Hy is vandag gelukkig. („His luck is in.”)  
 As jy met die wins wegloop, waar bly ek? („If you take all the profit, where do I come in?”)  
 As iemand aan die deur klop, sê ons gewoonlik: „Kom binne!”  
 Sommige mense gee die maat met hul voete aan as iemand klavier speel („keep time”).  
 ’n Mens moet jou beloftes nakom, woord hou.  
 As jy ’n lawaai maak, sal ons jou uitgooi, uitsmyt („kick out”).  
 Ek het my verslaap en gevolglik nie die trein gehaal nie.  
 Met so ’n karige salaris kan ’n ordentlike mens geen bestaan maak nie.  
 Sedert sy vrou se dood voer hy maar ’n eensame bestaan, lewe.  
 Verlede week het ons na die vuurtoring („lighthouse”) gaan kyk.  
 Neem die hele boel vir ’n sikspens („take the lot”).  
 Ek wil net ’n paar reëls aan jou skrywe.  
 Staan agter mekaar, sodat die ry reguit is.  
 Om iets te verkoop, is so in sy kraal, hy het daarvoor ’n besondere aanleg („in his line”).  
 Die persoon met die vlag is die grensregter („linesman”).  
 As jy nie weet wat die woord beteken nie, moet jy dit in ’n woordeboek naslaan of opsoek („look up”).  
 As die onderwyser sy leerlinge vertrou, hoef hy geen vaste wette en reëls op te stel nie.  
 As jy laat by die skool kom, moet jy verskoning vra.  
 Sy optrede verander niks aan die saak nie („makes no difference”).  
 Bied my ’n rand aan. („Make me an offer of a rand.”)  
 (Vanmelewe het mense diere op die altaar geoffer en gebed dat die Here die offer moet aanneem.)  
 Die storie is nie waar nie, ek het dit sommerk uitgedink, uit my duim gesuig, versin („make up a story”).  
 As mense kwaai-vriende geword het, behoort hulle weer tot versoening te kom („make it up”).

Uit so 'n gekrap kan ek niks wys word nie. („I cannot make head or tail of such scrawl.”)

As jy nie werk nie, sal jy in die eksamen ook geen punte behaal nie.

Wat bedoel jy presies, as jy dit sê?

As hy sê dat hy een koekie geëet het, beteken dit dat hy twee geëet het.

Dit is min of meer die waarheid.

Ek dien al lank in die bestuur van ons debatsvereniging.

Gaan voort met julle werk solank ek uit is.

Baie voëls lewe grotendeels van insekte.

Hy was nou net met vakansie en nou moet hy al weer met siekteverlof gaan.

Hy praat nie natuurlik nie; hy stel hom baie aan (is vol aanstellings). („He puts on a lot.”)

Hy het maar net twee middae vry („off”).

Wanneer vind die konsert plaas? Wanneer word die konsert gehou? Wanneer is die konsert? („When is the concert coming off.”)

Hy is in die distrik Kroonstad (die Kroonstadse distrik), gebore („district of Kroonstad”).

Piet is nou die soort man („type of man”) van wie ek hou.

As jy 'n lawaai maak, bring dit my heeltemaal van stryk. („If you kick up a row, it puts me off completely.”)

Ek het hom nou die dag („the other day”) in die straat ontmoet.

Eers was hy arm, maar nou is hy heeltemaal welgesteld.

Jy dink dis 'n verbetering, maar jy is nou slegter daaraan toe as eers.

Vannelewe (vroeg dae) was daar 'n koning en 'n koningin („once upon a time”).

Dit is mooi om na so 'n uitstekende speler te sit en kyk.

Dit is nie werklik só nie; hy korswel (speel, terg) sommer („pulling your leg”).

Jy moet jou remme aanslaan as jy naby 'n skielike draai kom.

Moenie moeite doen as ek by jou kom kuier nie („put yourself out”).

Iemand het kom verneem of my moeder van die spelers kan huisves („put up”).

Wat jy nou daar sê, is nie ter sake nie („not to the point”).

Ek wed al my geld op daardie perd.

Dit is net soos jy sê: jy het heeltemaal gelyk. („You are quite right.”)

Sommige mense meen dat voetbal maar 'n ruwe spel is.

Jy kan jou maar die moeite bespaar om hom te gaan spreek.

Die arme ou perd het beter dae geken.

Begryp jy wat ek bedoel? Ja, ek verstaan. („I see.”)

Jy moet sorg (toesien) dat die werk gedoen word („see that”).

Ouers behoort hulle kinders 'n goeie voorbeeld te gee (stel).

Ná soveel jare is die gevangene uiteindelik vrygestel.

Die eksaminator het baie moeilike vrae gestel.

'n Ou mens kan nie so 'n geraas uitstaan nie.

Ek gaan sy parmantigheid geen dag langer duld of veel nie; ek is daar sat van.

Mnr. Smit het hom weer verkiesbaar gestel („stood as candidate”).

Daardie manier van hom is net om aandag te trek, net aanstellery („to show off”).

As jy om 'n skielike draai gaan, moet jy altyd onthou dat dit 'n tweedehandse motor is.

Dit spyt my („I am sorry”) dat jy moes wag.

Ons het die wenner se hand gedruk, hom 'n handdruk gegee.

'n Mens kan nie meer die los dele, onderdele („spare parts”) van daardie motor kry nie.

Hulle het 'n put in hul agterplaas gegrawe.

In die oorlog is baie skepe gekelder.

Jy moet hom sê (gebied) om stil te hou.

Hy het 'n eed afgelê om dit nooit weer te doen nie.

Jy kan my glo dat dit nie die geval is nie. („Take my word that this is not the case.”)

'n Regering moet **stappe doen** teen oproermakers.  
 Dit het twee jaar **geduur** om daardie dam te bou.  
**Gebruik** jou tyd as jy dit wil reg kry.  
 As jy leerlinge vir 'n sportbyeenkoms **afrig**, neem dit al jou tyd in beslag.  
 Waarvoor sien jy my aan? („What do you take me for?”)  
 Ek drink of gebruik geen sterk drank nie. („I do not take liquor.”)  
 Ek het geen aantekeninge afgeskryf nie („take down notes”).  
 Hoe laat is dit nou? („What is the time?”)  
 My lesrooster („school time-table”) is teen my tas se deksel vasgeplak.  
**Gee jul antwoorde in; die tyd is om, verstreke.**  
**Beproof** maar jou geluk („try your luck”), 'n mens weet nooit.  
 'n Mens moet altyd jou naam hoog hou.  
 Die ouers het hulle kinders goed opgevoed.  
 Kom ons stap solank; hy kan ons maar **inhaal**.  
 Ek werk nou hard, sodat ek die verlore tyd kan **inhaal**.  
**Wat makeer** nou? („What is up?”)  
 Die instandhouding („the upkeep”) van 'n motor kos baie geld.  
 Jy moet daardie brief **stukkend** skeur.  
 Ek is baie ingenome met my nuwe fiets.  
 Ná die aandete gaan ons gewoonlik 'n ent stap of wandel.  
 Die werk is gister gedoen.  
 In ons distrik is baie **veldblomme**.

**L.W.** – *Die volgende is goeie Afrikaans:*

Die dokter het sy been afgesit en nou loop hy op krukke.  
 Vanmelewe het die nooiens en kêrels saans ná boeke-vat opgesit.  
 Jy moet my nie ophou nie; ek is te haastig.  
 Hou die boek op, sodat ek beter kan sien.  
 Hy het sy voet teen 'n uitstaande klip gestamp.  
 Aan die end van die jaar word die firma se inventaris, sy rekeninge, sy boeke en sy balans opgemaak.

**HERSIENINGSOEFENINGE**

- Praat drie minute suiwer oor een van die volgende onderwerpe:*  
 Die spoorweg, die motor, die vliegtuig, die skip, die telefoon, die bioskoop, die kafee, die winkel.
- Gebruik die volgende woorde in sinne:*  
 aansit, afsit, opsit, uitdraai, afkom, brille.
- Wat is:*  
 'n oortrokke rekening, 'n bekerwedstryd, die voorhoede, 'n tennistorenrnoi, bofbal, wegkruipertjie, spykerskoene?
- Verduidelik mondeling hoe 'n mens voetbal, netbal, tennis, krieket of gholf speel.*
- Vertel van 'n baie opwindende voetbal-, netbal-, krieket- of tenniswedstryd.*
- Gee ander woorde vir (en gebruik dan mondeling in sinne):*  
 aanpresenteer, (ver)ekskuseer, sukses, sirkulasie, ekstase, refereer, isoleer, respek, okkasie, importeer, objeksie.
- Suiwer die volgende sinne van alle goggas:*
  - Julle forwards kan gerus nou 'n skoot die bol uitpaas.
  - Ek raak fed-up as julle elke keer vir my uitpiek.
  - Kom in tyd en sit aan die lig.
  - Vir die rede lyk ek dit nie.
  - Die hoof het hom gevang toe hy 'n lawaai opskop.

## Eiegoed

In alle lewende tale word voortdurend nuwe woorde gevorm. Sulke woorde wat nie aan ander tale ontleen of van hulle geërf is nie, maar in elke opsig eie aan 'n taal is, word **eiegoed** genoem.

Eiegoed word gevorm deur **samestelling**, deur **afleiding**, en deur 'n kombinasie van die twee wat ons **samestellende afleiding** noem.

## Samestelling

As ons praat van die **deur** van die **kerk**, het ons twee s.nwe.; maar van die twee kan ons één maak, en dan praat ons van die **kerkdeur**.

As twee (of meer) dele so vas raak dat daar aan die een nie meer verander kan word nie, noem ons dit **samestelling**: trekperd, ryperd, hondehok.

## Afleiding

Maar hoe nou gemaak as jy op 'n kort manier wil sê dat die perd volgens jou al oud genoeg is om gery te word en nie (soos **ryperd**) dat hy al klaar onder die saal geleer is nie? Dan kan jy praat van 'n **rybare perd**.

Hier het ons nou 'n ander manier: ons voeg sekere dele agter of voor aan 'n woord, en dié woord kan dan lós van die volgende staan: **rybare perde**, **wilderige beeste**, **verwilderde honde**. Hierdie soort noem ons **afleiding**.

Hier volg nou 'n lysie van afleidinge en samestellinge:

Afleiding	Samestelling
huislike mense	huismense
(uit)huisige mense	
geslagte dier	slagdier
(ou)vrouagtige mense	vroumens
huilerige stem	huilstem
gemaalde koring	maalkoring
vertroetelde diertjie	troeteldiertjie
versierde boom	sierboom
ontsierde boom	
sierlike boom	
kokende water	kookwater
afgelaaide wa	aflaaiwa.

## Opdrag

*Vervang in die onderstaande sinne die woorde tussen hakies eers (a) deur 'n samestelling van die vetgedrukte woorde en dan (b) deur 'n afleiding van een saam met die ander te gebruik; so:*

(„Diamante wat iemand êrens **optel**) behoort aan die staat,” word:

(a) **opteldiamante** behoort aan die staat.

b) **opgetelde diamante** behoort aan die staat.

### Doen nou die volgende:

1. Dis 'n (**donkie** in 'n skut) daardie.
2. 'n (**Koppie** met baie klippe).
3. (**Byeenkomste** van die kerk.)
4. (**Die hart** van 'n vrou) is onbegryplik.
5. (**Weer** wat reën of na reën lyk.)
6. (**Diere** om te slag of wat geslag is.)

'n Lastigheid is dat die samestelling en die afleiding plus s.nw. nie dieselfde betekenis uitdruk nie: „huismense” is (of sê) nie dieselfde as „huislike mense” nie. Gewoonlik is die betekenis van 'n samestelling **algemener** as dié van 'n afleiding plus (bv.) s.nw.; die betekenis van die afleiding plus (bv.) s.nw. is **beperker**:

**Huismense** kan ook huislik wees, maar is allereers mense van een huis of familie; **huislike mense** daarenteen is net mense met hierdie een eienskap: **huislikheid**. **Kraalbeeste** is beeste wat in 'n kraal staan of wat gewoonlik kraal toe kom (al is hulle nou in die veld); **ingekraalde beeste** is nou in 'n kraal bymekaaraja.

Hierdie kant van die saak lewer min moeilikheid. Wat lastiger is, is dié gevalle waar die los twee-woord-groep tog dieselfde waarde kan hê as die samestelling:

telefoniese gesprek en telefoongesprek.

Die presiese moeilikheid kom hierby dat dit so dikwels *anglisisties* is om die twee-woord-groep i.p.v. die samestelling te gebruik. Hier volg 'n lys van gevalle wat dikwels verkeerd voorkom. Ons gee die korrekte:

elektrositeitsafdeling	skeikunde klas
elektrositeitsgebou	administrasiegebou
elektrositeitsrekening	kranksinnige gestig
munisipaliteitskantoor	

Bostaande moet egter nie as 'n voorskrif vir alle gevalle beskou word nie; **botaniek** klas is in orde, maar **botaniese tuine** moet so bly omdat dit geen *botanietuine* is nie; so ook **sportvelde**, maar **sportiewe mense**; **musiekleerlinge** en **musikale leerlinge**; **geskiedenis kamer** en 'n **geskiedkundige kamer**. **Godsdiensoorloë** ken ons, maar *godsdienstige oorloë* darem nie, hoewel Engelse wel „religious wars” sê.

### Verskil in Betekenis

Waar by dieselfde woord 'n samestelling sowel as 'n afleiding gevorm kan word, is daar gewoonlik 'n duidelike betekenisverskil:

musiekstudente (studeer musiek)	musikale studente (het aanleg vir musiek)
wetenskapstudente (studeer in die wetenskappe)	wetenskaplike studente (werk (studeer) wetenskaplik – 'n ideaal)
fantasie kostuums (vir 'n bal)	fantastiese kostuums (is buitensporig)
dramafees (toneelfees)	'n dramatiese fees (waar iets opwindends gebeur het).

## A. AFLEIDING

Ons kan baie woorde **bespaar** deur afleidinge te gebruik. Kyk maar:

Iemand wat in die guns is, is 'n **gunsteling**.

Iemand wat dobbel, is 'n **dobbelaar**.

Iemand wat onderwys gee, is 'n **onderwyser**.

Wat jy sê wanneer jy bid, is 'n **gebed**.

As jy dinge ontleed, is jy besig met 'n **ontleding**.

Of kyk na die volgende:

„'n Man wat ons uit Johannesburg besoek het, het ons vertel dat die mense so toestaan om kos" kan sonder onduidelikheid verkort word tot: 'n **Johannesburgse besoeker** het ons van die **toustanery** om kos vertel (11 i.p.v. 18 woorde, en 'n enkelvoudige i.p.v. 'n samegestelde sin).

„Die man wat gepraat het, kon alles wat hy gesê het, darem veel korter gesê het" kan ook verkort word tot: Die **spreker (prater)** kon sy hele **toespraak** darem baie **verkort** het (10 i.p.v. 16 woorde, en 'n enkelvoudige i.p.v. 'n samegestelde sin).

### Opdrag

*Verkort die volgende sinne deur afleidinge en/of samestellinge te gebruik i.p.v. die woorde tussen hakies. Vorm dit met die vetgedrukte woorde:*

(Om belese te wees) is 'n kenmerk van 'n opgevoede mens.

Die Bybel verg (dat 'n mense jou sonde **bely**).

Die (manier waarop die grond **bewerk** word) is onwetenskaplik.

(Om **bedrewe** te wees) verkry 'n mens alleen ná baie (met dinge te **oefen**).

Dit word darem nou 'n (ding wat 'n mens **ergerlik** maak) met dié ou hond, hoor.

(Om **geheg** te wees) aan jou moeder, spruit uit die liefde.

'n Mens moet maar probeer om die (dinge wat jou **beproef**) (met **geduld**) te verdra.

Voor jy 'n huis bou, moet jy eers goed kyk na die (manier waarop die grond **lê**).

Te veel geleerdheid lei tot ('n toestand waarin 'n mens **rasend** is).

Dis nie poësie nie, dis die pure (maak van **ryme**).

Die (mense wat **China** bewoon) het 'n ou kultuur.

Hierdie (aanhou met **raas**) is hinderlik.

Die (man wat met die **kanon** skiet) is siek.

Jy kan jou bevindinge (in 'n **formule** saamvat).

Die goed is lelik (deur die wind en weer **verteer**).

Sy are het op sy ou dag (**kalkerig** geword).

Die prys van aartappels is (**laer** gestel).

Jy kan sake vir jouself baie (**makliker** maak).

Dis nie sy strewende om ander mense (**ryker** te laat word) nie.

Hulle het by ons (die **nag** deurgebring).

Dit sal hom baie (meer **moed** gee) as jy af en toe van hom notisie neem.

Ons sal die jakkals moet (**gif** ingee).

Dit lyk my die toestande (word al hoe **slegter**).

Jy moet die „ie" van „harmonie" (die sterkste **klem** gee).

Julle kan dit soort vir soort (in **groepe** bymekaar sit).

(**Protes** aanteken) sal jou niks baat nie.

Volgens die Nederlandse Bybel was Josef se rok (een met baie **kleure**).

**Baie dikwels word klein verskille in betekenis deur afleiding aangegee: daar is 'n belangrike verskil tussen**

*siek* mense

*siekerige* mense

en *sieklike* mense

of tussen

*malheid, malligheid en mallerigheid*  
*'n musikus en 'n musikant*  
*eerlik en eerbaar*  
*minsaam en beminlik.*

*Kyk ook na die volgende sinne:*

Moenie die suiker **mors** nie (nie daarvan laat uitval nie).

Moenie die suiker **bemors** nie (iets daarop laat stort nie).

Piet is **genoem** as opvolger van ou Jan (hy is 'n moontlike opvolger).

Piet is **benoem** tot boekhouer (hy is aangestel).

Jy **roep** iemand om jou te help, maar 'n predikant word na 'n gemeente **beroep**.

'n Dief **steel** goedere en **besteel** mense.

## Verandering van die stamklinker

Afleiding geskied vandag hoofsaaklik deur:

(a) Voorvoegsels soos **be-** of **ver-** (*bewonder, verbrand*).

(b) Agtervoegsels soos **-lik** of **-(e)ry** (*wonderlik, stemmery*) aan woorde te voeg.

In 'n vroeër taalperiode was daar nog 'n metode, nl. **verandering van die stamklinker**. Hiervan het ons nog 'n klompie oorblyfsels in Afrikaans:

**Bied** jy iemand iets aan, is dit 'n **aanbod** (of ook **aanbieding**).

**Bie(d)** jy op 'n vendusie, is dit 'n **bod**.

**Bedrieg** jy, dan pleeg jy **bedrog**.

**Dwing** iemand jou tot optrede, doen jy dit onder **dwang** en voel jy jou daartoe **gedwonge**.

Wat jy **geniet**, is jou tot **genot**.

Probeer jy **help**, is jou poging 'n **hulp** (tensy dit **onbeholpe** is).

Jy **skiet** 'n **skoot**, en jy meet met **één maat**.

Hoe jy **skryf**, noem ons jou **skrif**, wat jy **skryf**, 'n **geskrif** (– en 'n **geskrewe kontrak**).

Wat **stink**, gee **stank** af.

Wat jy **vind**, is 'n **vonds**.

Wil jy jou **wreek**, dan sin jy op **wraak**. (Jy koester 'n **wrok**.)

**Slaan** 'n **slag**, **gaan** jou **gang**, **gee** jou beste **gawes**, en as jy **vlieg**, mag dit 'n **aangename vlug** wees.

Party voor- en agtervoegsels is ook maar soos die gevalle van klankverandering hierbo: oorblyfsels van vroeër, want 'n mens kan hulle nie vryelik of willekeurig maak nie. As jy **baksel** en **saagsel**, **treksel** en **kooksel**, **trapsel** en **skeersel** het, kan jy self **droogsel** vorm om uit te druk: hoeveelheid wat **gedroog** word of is (bv. perskes of appelkose). En dink jy aan **blousel** en **witsel** en **rooisel**, kan jy nog **swartsel** bymaak; al het jy dit nog nie gehoor nie; dis reg.

Maar dink nou aan **kandidaat** en **kandidatuur**, en maak nog 'n woord met -uur waarin -uur nie 60 minute beteken nie! Dit sal moeilik gaan. Dink nou weer aan **praterij** en **spelery**, **rondlopery** en **leerdery**, en jy maak honderde ander van werkwoorde: **vraery**, **roepery**, **sukkelery**, **spelery**, ens., ens. Maar maak nog 'n nuwe soos **speels** (speel + s), of **boers**, of **volks!** Dit gaan nie maklik nie.

Ons sê dus: nie alle voor- en agtervoegsels is **produktief** nie, ook nie ewe produktief nie; sommige is heeltemal **onproduktief**, ander is in sekere mate onproduktief. Maar hulle waarde is tog nog duidelik.

Ons handel hier verder hoofsaaklik oor produktiewes.

## AFGELEIDE SELFSTANDIGE NAAMWOORDE

### 1. Persoonsname

aankom	- aankomeling	hemel	- hemeling
ellende	- ellendeling	swerf	- swerweling (of swerfling)
eerste	- eersteling	doop	- dopeling
guns	- gunsteling.		

Ons kan blykbaar nie maklik nuwes met **-ling (-eling)** vorm nie, maar na die voorbeeld van **tweling** en **drieling**, hoor ons deesdae dikwels van **vier-, vyf- en seslinge**.

beoordeel	- beoordelaar	dien	- dienaar (vgl. diender en bediende)
woeker	- woekeraar	leer	- leraar (vgl. leerder en leerling)

**-aar** is grotendeels deur **-er** verdring: met **-er** kan ons nog honderde nuwe woorde aflei, met **-aar** net woorde van meer as een lettergreep wat op **-el** eindig: **vroetelaar, waggelaar, duikelaar** (gimnastiek), maar **kuller, neuler** (hy's tog 'n ou neuler), ens., ens.

dik	- dikkerd	slim	- slimmerd
lomp	- lomperd	lelik	- lelikerd
pap	- papperd		

Let op die ongunstige gevoelswaarde van die meeste woorde waaraan **-erd** geheg word. Geen nuwes kan met **-erd** gevorm word nie. (Vgl. ook **-erik**.)

bestuur	- bestuurder	verloor	- verloorder
wen of win	- wener of winner		

Met **-er (-der)** kan tallose nuwes gevorm word of oues hervorm word: **prater, spuiter, tikker**, ens.

herberg	- herbergier	kanon	- kanonnier
koets	- koetsier	rente	- rentenier

**-ier (-nier)** is nie meer produktief nie.

wreed	- wreedaard	vals	- valsaard
gierig	- gierigaard	woes	- woestaard

**-aard** is onproduktief.

produseer	- produsent	dirigeer	- dirigent
doseer	- dosent		

Dié woorde op **-ent** is erfgoed uit Latyn, sodat **-ent** geen Afrikaanse agtervoegsel is nie.

Wat van **-ent** gesê is, geld ook vir **-ator, -us(-kus)**:

agiteer	- agitator	ideaal	- idealis
modereer	- moderator	psalm	- psalmis

eksamineer	- eksaminator	materie(-riaal)	- materialis
grammatika	- grammatikus	nasionaal	- nasionalis
romantiek	- romantikus	sosiaal	- sosialis
klassiek(e)	- klassikus	telegraaf	- telegrafis
kritiek	- kritikus	blom	- bloemis (Nederlandse vorm)
monargie	- monargis (koningsgesinde).		

Wat van **spesialis**? Dis tog goeie Nederlands, die aksent is nie Engels nie (specialist) en dit sluit aan by die ander persoonsname op **-is**. Buitendien, as ons „spesialiteit” vir persoon én saak wil gebruik, verwerp ons ’n middel om te onderskei. Ons kan dus **spesialis** gerus gebruik.

## 2. Abstrakte Name en Saakname

bespoedig	- bespoediging	handhaaf	- handhawing
inwy	- inwyding	voltooi	- voltooiing

Naamwoorde op **-ing** het dikwels die waarde van ’n infinitief: om te + werkwoord, bv., **help om die werk te bespoedig** = **help met die bespoediging van die werk**; om iets te beperk = om ’n beperking op te lê; **besig om iets uit te stal** = **besig met ’n uitstalling**.

Dit het dikwels hierdie waarde dat soms ook net die infinitief, sonder agtervoegsel, as naamwoord gebruik word, bv.:

- Die firma X se groot **uitverkoop**.
- Hulle is besig met die **sloop** van die ou gebou.
- Die verskuif** van die bank het ons laat sweet.
- Die opdam** van die rivier kos baie geld.
- Die ingenieurs werk nog aan die **vasstel van die koste**.

In die meeste dergelike gevalle is dit die verstandigste om, waar daar wel ’n **-ing**-vorm bestaan, dit te gebruik. (Ons moet net waak teen anglistiese **-inge** soos: **uitwerking** van koste, **nasiening** van vraestelle, **stelling** van vrae (vraestellery) e.d.m.)

Soms gee die **-ing** plek of geleentheid aan:

staan	- staning	woon	- woning
wei	- weiding	uitspan	- uitspanning
suip	- suiping		

In hierdie gebruik kom dit egter maar min voor.

## Opdrag

1. Gee *sover moontlik afleidinge en samestellinge in plaas van die volgende* (die betekenis hoef nie steeds dieselfde te wees nie):

iemand wat propaganda maak	die plek waar jy woon
iemand wat sy lewe aan die politiek bestee	’n kennis van die biologie
iemand wat diere tem of mak maak	iemand wat oral snuffel
die instrument wat ’n motor se ruit voor skoonvee	iemand wat tagtig jaar oud is
mense wat die klassieke tale ken	mense wat blomme kweek
mense wat die musiek ken of beoefen	’n lawwe mens
iemand wat woes van aard is	iemand wat verban is
iemand wat hom (bv. op ’n boot) versteek	mense wat alger bedrieg

2. *Voltooi die volgende met afleidinge:*

Wat jy bedoel, is jou .....	Wat jy begeer, is jou .....
Wat jy kies, is jou .....	Wat jy erf, is jou .....
Wat jy erken, is jou .....	Wat jy beken, is jou .....
Wat jy verwerp, is ..... eienskappe.	Bedrieg jy, dan pleeg jy .....
Wie geskape is, is 'n .....	Wat jy wen, is 'n .....
Oorwin jy, is dit 'n .....	Wat jou vergun word, is 'n .....
Wat jy vind, is 'n .....	Verlang jy, is dit 'n .....
Wat saamgebind word, is 'n ..... (boeke) of 'n ..... (wasgoed).	Gaan jy voort met mors, is dit 'n .....
Mors jy, is dit 'n .....	Wie gierig is, is 'n .....
Is jy met wraak vervul, dan is jy .....	Wie dinge aankondig, is 'n .....
Wie plunder, is 'n .....	Kinders wat bederf is, is ..... brokkies.
Wie in 'n dorp woon, is 'n .....	Hoe sake staan, is die ..... van sake.
Die bedrag wat jy raam, is jou .....	
Staanplek vir 'n trekboer is 'n .....	

**-heid** word besonder baie gebruik. In die prosa van D. F. Malherbe wemel dit van afleidinge op **-heid** (en ook op **-ing**): **lewendheid, wetendheid, lyflikheid.**

Doof- agterlik-	<b>doofheid</b> <b>agterlikheid</b>	belese- spandabel-	<b>belesenheid</b> <b>spandabelheid.</b>
--------------------	--	-----------------------	---

Naas **-heid** hoor ons baie **-geid**: **lafgeid, malgeid**, maar dit word alleen geskrywe wanneer die taal van plat sprekers weergegee word. Tog skyn dit algemeen te wees in „wysgeid” – van perde, bv., teenoor „die wysheid van Salomo”.

**-heid, -igheid, en -erigheid** verskyn soms by dieselfde woord:

lafheid	lawwigheid	lawwerigheid
doofheid	dowigheid	dowerigheid
verspotheid	verspottigheid	verspotterigheid.

Dan is daar 'n geringe verskil in betekenis wat saamhang met dié tussen **-ig** en **-(e)rig** soos in

stadig	stadigrig.
--------	------------

Die kortste vorm gee die gewone omvang of toestand aan, is **neutraal (-heid)**, die **-igheid** gee 'n mindere graad aan en het dikwels gevoelswaarde, die **-erigheid** gee die geringste graad in die reeks aan en is dikwels **verskonend**:

lafheid	= toestand of gedrag (van) laf (te wees)
lawwigheid	= toestand of gedrag (van) minder laf (te wees)
lawwerigheid	= toestand of gedrag (van) nog minder laf (te wees).

*Skrif dit nou self verder uit vir die volgende:*

groenheid	groenigheid	groenerigheid
vuilheid	vuiligheid	vuilerigheid
stroefheid	stroewigheid	stroewerigheid.

### Opdrag

*Vervang die woorde tussen hakies deur afleidinge daarvan:*

- Dis 'n hele (doen) soos die mense klaarmaak vir Nuwejaar.  
Hulle hou nie van sy (groot doen) nie.

Sou dit nou sommer (windmaak) wees, of wat ?  
 Stoutheid is lelik, maar (stout) kan 'n mens oor die hoof sien.  
 Die veld het nêrens 'n ou (groen) vir die vee nie.  
 O (treurig) op note, ek staan op eie pote.  
 Die hond sal jou nie byt nie, dis sommer (speel).  
 Die (bederf) van die mens, sê hulle, spruit uit sy natuur.  
 Ons moet darem die perd sy (wys) afleer.  
 Die ouderdom bring (wys) mee.  
 Wat se (danig) is dit deesdae met dié twee?  
 Hy sal hom nog vasloop met sy (spot).

### **-heid of -te**

Let op na die verskil tussen die volgende afleidinge:

siekheid (algemene toestand)	siekte ('n bepaalde soort)
droogheid (van grond of van jou lippe)	droogte (weens watergebrek)
hoogheid (algemeen)	hoogte (bv. van 'n huis)
laagheid (van karakter)	laagte (van grondligging)
dwaarsheid (houding)	dwarste (rigting).

### **Verder:**

koelheid	koelte
skaamheid	skaamte
diepheid	diepte, ens.

In baie gevalle het **-heid** die agtervoegsel **-te** verdring:  
**donkerheid** en **donkerte** het vandag dieselfde waarde.

### **Werkwoorde + -cr en -ery**

Saakname en werkinge word op groot skaal deur die **ww.** + **-er** en **-ery** aangedui:

Ww.	Saaknaam	Werking
poleer	poleerder	poleerdery
uitvee	uitveër	uitveëry
stamp	stamper (in 'n vysel)	stampery
meet	meter	metery

### **Waar -ery saakname vorm, val die aksent op die -y:**

Werking	Saaknaam
bákkery ('n kóekbakkery met Nuwejaar)	bakkerý
bróuery ('n gemors)	brouerý (van bier)
stókery (bv. rokerý)	stokerý (van drank)
mélkery (in die koeistal)	melkerý.

### **-asie gee aan: digte of groot versameling:**

bos	- bosgasie	plant	- plantasie
pak	- pakkasie		

By **lekkasie** en **slytasie** is die waarde eerder „plek waar dit lek” of „feit dat dit slyt”.

### **Ander Abstrakte en Konkrete Selfstandige Naamwoorde**

duisternis, hindernis, wildernis, ontsteltenis; (-nis is nie produktief nie.)  
 heidendom, heldedom, mensdom, armlankedom, Afrikanerdom;  
 intiniteit, finaliteit, sekuriteit, identiteit.  
 Anglisisme, nasionalisme, purisme, optimisme, pessimisme.

**-isme** is 'n „geleerde” agtervoegsel. Dit kom so baie voor dat **isme** al as aparte woord gebruik word, kompleet met 'n meervoud: **ismes**, vir rigtinge, skole of opvattinge in die wysbegeerte, staatsleer, e.d.m.

### Ander Naamwoord-afleidinge

Aarts- (**opperste, groot, eerste**), bv. aartsskelm, aartssondaar, aartshuigelaar, aarts-  
vyand, aartsengel, aartsbiskop.

Ge- + -te (**versameling, groep**), bv. **gebergte, geboomte**.

On- (**nie**), bv. onsin, ongelooft, onkunde, ongenade.

On- (**sleg, lelik**), bv. ondiër, onmens, onding.

Oer- (**oorspronklike, historiese**), bv. oermens, oertaal, oervolk, oerwoud.

Wan- (**slegte, skewe, geen**), bv. wandaad, wanvoorstelling, wanbegrip, wanhoop, wanorde, wanbestuur.

Is al die betekenis bekend?

### Opdrag

*Vervang die woord tussen hakies deur die juiste afgeleide vorm daarvan:*

Daar was 'n (duister) van mense en 'n (mag) van motors.

Die toespraak het 'n hele (beroer) veroorsaak.

Toe nou, basta met die (lawaa) daar agter.

Moenie so (trek) sing nie.

Hy is nie van so 'n vrotsige (stof) gemaak nie.

Piet kry skoon die (bewe) as hy aan die eksamens dink.

En dié (bewe) soos 'n ou mens? Is jy siek?

Hulle het weer 'n (agiteer) op tou gesit om (verhoog) van die toelae.

Sulke klavierspel is werklik 'n (laaf) vir 'n mens se gees.

Dit stem die ouers tot (droef) dat die kinders nie wil leer nie.

'n Mens raak so (erg) vir die heeldag se (peuter).

Dis ook weer 'n (tooi) wat die vroumense vandag weer op het; dis pure (uitgee).

Hy was maar altyd so (sukkel); gesond, maar kon nooit iets regkry nie.

Jy kon die (ontstel) oor die voorval op sy gesig lees.

Kom ons gaan sit daar in die boom se (koel).

Soetland! maar dis vir jou 'n (druk) daar by die basaar.

Sy siekte is glo aan 'n (druk) op die brein te wyte.

## AFGELEIDE BYVOEGLIKE NAAMWOORDE

### Kinderagtig of Kinderlik?

**Kinderagtig** is soos die minder goeie eienskappe van 'n kind, **kinderlik** soos sy mooier eienskappe. Is **-agtig** dus, om dit so te hê, „skuldiger” as **-lik**? Nee, nie só erg nie, want vergelyk „vreesagtig”: **vreesagtige diere** of mense is **bang**, hulle **vrees** iets; **vreeslike mense** of diere kan mense of diere wees **wat gevrees moet word**, maar beteken ook „mense of diere wie se gedrag of liggaamsbou baie opvallend is”. Die woord met **-lik** gaan dus al weer na die onskuldige kant toe. Daarom word **vreeslik** vandag al algemeen gebruik in die betekenis van „baie”, bv. **vreeslik warm, vreeslik ver**, ens., selfs al is dit nie werklik erg warm of ver nie. Dieselfde gebeur met **verskriklik**.

*Oor die algemeen is -lik dus „onskuldiger” as -agtig.*

vroulik	en (ou)vrouagtig
manlik	en mannetjiesagtig
meesterlik	en (skool)meesteragtig.

Let ook op die (enigsins) ongunstige betekenis van baie van die woorde waarby -agtig verskyn:

          huigelagtig          hoefagtig          skurkagtig.

**-lik** is 'n agtervoegsel wat **vergelyk** of **groepeer**: **meesterlik**, **broederlik**, **huislik** (stel huislike mense teenoor huismense); **wêreldlik**, **gemeentelik** (van die -). By wwe. gee dit ook aan: „wat verdien om” bespot, bemin, belag (uitgelag), ens., te word: **bespotlik**, **beminlik**, **belaglik**.

### Eerbaar of Eerlik?

Die betekenis van **eerlik** hou weinig verband meer met **-lik**. Dit slaan veral op **betroubaarheid in geldsake en transaksies**: wie nie flous of kul nie, is eerlik.

**Eerbaar** beteken: **wat eer verdien, wie eer** (verering) **toekom, wat geëer** (behoort te) **kan word**. Vergelyk met:

<b>eetbaar</b>	= wat geëet kan word	<b>slagbaar</b>	= wat geslag kan word
<b>plantbaar</b>	= wat beplant kan word	<b>ploegbaar</b>	= wat geploeg kan word
<b>beskryfbaar</b>	= wat beskryf kan word		

By **oorganklike wwe. gee -baar aan „wat kan”**:

<b>rekbaar</b>	= wat kan rek (en wat gerek kan word, want rek is ook oorganklik)		
<b>breekbaar</b>	= wat kan breek	<b>brandbaar</b>	= wat kan brand

Soms het **-lik** 'n soortgelyke waarde:

<b>veranderlik</b>	= wat (maklik kan) verander
<b>aansteeklik</b>	= wat (maklik kan) aansteek
<b>aanstootlik</b>	= wat (maklik kan) aanstoot gee.

### Opdrag

*Vervang die woorde tussen hakies deur passende afgeleide vorme:*

'n Grootmens moet hom nie so (kind) gedra nie.  
Niemand sal jou help as jy (aanstoot) is nie, hoor.  
Is die boontjies darem nog (eet)?  
Hy lyk my 'n erg (twyfel) karakter.  
Dis mooi as 'n mens so in (kind) vertroue tevrede kan wees.  
Waarom sou hy desdae so 'n (vyand) houding inneem?  
Dink jy nie self jy was 'n bietjie (nalaat) nie?  
Ek vind jou verklaring nie (bevredig) nie.  
Dit kom my heeltemal (aanneem) voor, ja.  
Jy kan mos nie hier in die (rots) wêreld ploeg nie.  
Die masjien is maklik (verstel).  
Dis nie vir hom (doen) om ons nou te help nie.  
Die Bybel sê dis beter om alleen te woon en droë brood te eet, as om met 'n (kyf) huisvrou saam te woon.  
'n (Eer) lewe is meer werd as baie geld.  
Is rooihond 'n (aansteek) siekte?  
Kan ons 'n bietjie (vertrou) gesels, asseblief?  
Die oubaas kan (swaar) nog tot by sy bure stap.  
Sou (gees) eienskappe oor(erf) wees?  
Opgevoede mense moct darem nie so (buffel) wees nie.

Daar is (blyk) siekte by hulle.  
Hier is (klaar blyk) iets uit die haak.  
Hy is oud, maar nog baie (beweeg).  
Praat maar, ek is (oortuig) deur goeie argumente.  
Nee, hy is nie meer (vat) vir goeie invloede nie.

**-loos** is 'n agtervoegsel wat baie voorkom, en met 'n taamlik duidelike waarde: „sonder”:

**herderloos** = sonder herder (= predikant; herderlose gemeentes).

### **Benerig, Blouerig en ander**

**-erig** is besonder produktief by s.nwe., wwe. en b.nwe.:

**Benerig, melerig, houterig, buierig, sanderig** = wat bevat, of is soos, of vol is van: bene, meel, hout, buie, sand.

**Gronderig** (ons sê gewoonlik gronterig) = wat soos grond smaak.

**Stowwerig** = wat (baie) stof het, bv., 'n ..... dag.

**Klonterig** = vol klonte (bv. pap).

**Klipperig** = vol klippe (bv. 'n pad. As 'n vat vol klippe is, kan jy nie sê dis klipperig nie, want die klipperigheid is nie 'n eienskap van die vat nie).

**Geselerig, rondloperig, uitvraerig, spelerig, draaierig** = geneig tot, of wat graag gesels, rondloop, uitvra.

Die b.nw. wat met **-erig** van 'n ww. afgelei is, het dikwels 'n **effens ongunstige gevoelswaarde**:

Wat is julle so **werkerig** op 'n Saterdagoggend?

Hy's glad te **helperig** na my sin, hy moet liever sy eie werk doen.

**Rooierig, valerig, lawwerig, blouerig** = effens – rooi, vaal, laf, ens.

### **Opdrag**

*Vorm van die woorde tussen hakies afgeleide paslike b.nwe. of s.nwe.:*

(a) Die poging is darem te (ambisie) vir sulke jong mense.

(b) Dis net 'n onbeskaafde mens wat die (brutaal) kan hê om so iets voor te stel.

(c) Wie net oog en oor het vir wêreldsgoed, is 'n (materie).

(d) Daar is Sondag 'n (sinode) kollekte gehou.

(e) Die plekkie is so stil dat Piet sommer posmeester en (telefoon) tegelyk is.

(f) Tyd vir vakansie het ons genoeg, maar die (ekonomie) sy van die saak is nie in orde nie.

(g) Spel wat nie (ritme) is nie, kan ook moeilik (musiek) wees.

(h) As die (produseer) nie kan bestaan nie, kan hy ook nie produseer nie.

(i) Ons moet ons voorberei vir die (departement) eksamen.

(j) Dis net die kommandant se (energie) optrede wat 'n lelike botsing afgewend het.

### AFGELEIDE WERKWOORDE

Met die werkwoord gaan dit net soos met die ander woordsoorte, selfstandige en byvoeglike naamwoorde: **hulle verander van soort òf hulle bly van dieselfde soort, maar verander van betekenis of gebruik deur middel van afleiding.** Vgl. **baas** en **baserig** (s.nw. en b.nw.), **baas** en **baasskap** (konkrete

en abstrakte s.nwe.); so ook **swak** en **verswak** (b.nw. en ww.), **swak** en **swakkerig** (al twee b.nwe., maar met verskil in betekenis).

### **Ww. verander van funksie of betekenis, maar bly ww.**

'n Dief **steel** goed en **besteel** ander mense. Die een dief kan ook die ander sy goed **ontsteel**.

As 'n soldaat **beveel** word om te **storm**, moet hy dadelik **storm**.

Moenie 'n man so met vrae **bestorm** dat hy nouliks kans kry om te antwoord nie. Toe die hond die kat **bevlie**, **vlie** die kat in 'n boom.

Ons **kry** elke week twee pond suiker, maar dan **verkry** ons nog op ander plekke 'n bietjie deur mooi te praat en meer te betaal. Die sekretaris het dit **verkry** (bewerkstellig) dat die skoolkonsert gratis in die stadsaal gehou mag word.

Sy **mors** die kos (werk nie spaarsaam nie, maar dit bly eetbaar), en sy **bemors** die kos (maak 'n gemors daarvan of maak dit vuil). **Mors** jy op 'n tafeldoek, dan **bemors** jy dit.

Jy moet **antwoord** as 'n mens met jou praat. Jy **beantwoord** vrae en briewe (of jy **antwoord** daarop).

Jy sal jou maar daarmee moet **behelp** (daarmee klaarkom), want ek kan jou nou nie met meer as 'n rand **help** nie.

Dit kan tans nie **verhelp** word nie (daar is nou niks aan te doen nie).

Wie moet die koffers **pak** vir die vakansie? Moenie die arme dier so **bepak** nie, hy sal beswyk. Die firma onderneem om alle meubels sorgvuldig te **verpak** voordat dit versend word.

Aan wie **dank** ons die mooi geskenke? Die predikant het vir die beroep **bedank**. Ons wil julle graag **bedank** vir die mooi blomme.

**Klim** jy ook berg, of is jy van die lui soort? Die kleinspan **beklim** hulle vader só as hy tuis kom dat hy met niemand kan gesels nie.

**Bind** asseblief vir my die verband vas. Gaan gou hospitaal toe, dat die verpleegster die wond **verbind**. As die vereniging nie meer werk nie, moet hy liewer **ontbind** word – só deug dit tog nie.

Ons **merk** ons skape linkeroor swaelstert, regteroor halfmaantjie van voor. Jy **sê** hy is sku vir ons, maar ek het nog niks **bemerk** nie.

### **Opdrag**

*Vervang waar nodig, die woorde tussen hakies deur afgeleide woorde:*

- (a) As jy van genade moet lewe, het jy rede om jou lot te (kla).
- (b) Dis nie mooi om jou maats by die onderwyser te gaan (kla) oor onskuldige en stoutheidjies nie.
- (c) Ons (werk) omdat ons daarvan hou. Dié kêrel (werk) darem ongenadig met sy volk. Moenie sommer met die deur in die huis val by jou pa nie, (werk) hom eers versigtig. Hulle het al die materiaal, maar dis nog nie tot iets (werk) nie.
- (d) Wie soek, sal (vind). Die regters het al die getuienis nagegaan en (vind) dat die klaer veronreg is.
- (e) Kyk hoe (toon) so 'n jong vandag sy nuwe hoed (hy sit dit van windmakerigheid skuins op sy kop). Dankie vir die gasvryheid en vriendelikheid wat julle aan ons kinders (toon) het. Die winkels (toon) al hul nuwe somergoed.
- (f) (Maak) jy self jou visstokke, of koop jy hulle? Die mynmagnaat het baie geld aan sy ou universiteit (maak). Ek het genoeg speelgoed, hy kan my nie met sy een ou waentjie (maak) nie.
- (g) Droë hout (vlam) lekker. Paraffien (vlam) maklik. 'n Mens moenie jou toorn so maklik laat (vlam) nie.
- (h) As jy iemand gaan (soek) en hy is nie tuis nie, kan jy hom by die bure gaan (soek). Jy kan iemand (soek) (beleef vra) om jou te help. Die duiwel probeer 'n mens altyd (soek) (in die versoeking lei, tot sonde bewege).

- (i) Hy (klee) hom baie swierig. God (klee) die dale met blomme. Vir die aandete moet 'n mens jou (klee). As jy gaan slaap, (klee) jy jou.
- (j) My pa (skiet) grootwild. As jy 'n pyn vasvat, (skiet) dit.
- (k) Ons bou huise. Die boere (bou) koring en tabak. Die koloniste het die land (bou).
- (l) Die wysgeer (dink) oor lewensvraagstukke. Ek wou hom slaan, maar ek het my (dink). (Denk) ons in jou voorspoed.
- (m) Ons (stook) brandewyn. Die gepeupel (stook) die polisie met klippe.

Nie een van hierdie voorvoegsels is meer besonder produktief nie; dit lyk asof die meeste wwe. wat **be-**, **her-**, **ont-** of **ver-** bykry, reeds gevorm is. Tog is die waarde van die voorvoegsels nog duidelik genoeg, bv. waar **be-** 'n **onoorganklike ww. oorganklik maak** (arbei en bearbei), of waar **ver-** dit doen (**werk en verwerk**).

### Werkwoorde van ander Woordsoorte afgelei

Ontvang iemand loon vir sy onbaatsugtige dienste, dan word hy **beloon**.

As daar matrose op 'n skip geplaas word, word dit **beman**.

As jou woorde waar (of die waarheid) word, word dit **bewaarheid**.

Verander jy van sin of oordeel, sê ons jy **besin** jou.

Kyk net hoe het jy jou klere **bemodder**.

Studente sê: „Hulle het ons so **beaalwyn** dat bitter koffie naderhand soet gesmaak het” (d.i. aalwyn ingegee).

As 'n plek **besmet** is van die vlooie, kan jy dit weer **ontsmet**.

Jy **ontsensu** iemand se bogpraatjies met onweerlegbare argumente, en jy **ontsening** sekere dele van 'n stuk wildvleis voordat jy biltong daarvan maak.

Deesdae word dit 'n hele industrie om allerlei groentesoorte te **ontwater**.

Vrocër is mense weens geringe oortredinge **onthoof**.

Die kwaai stormwind het honderde bome **ontwortel**.

Die hael het die wingerde heeltemal **ontblaar**.

Kwaadstokers word tog vrocër of later **ontmasker** (d.w.s. dit word bekend dat hulle kwaad gestook het).

Die trein het **ontspoor** toe die kwajongens klippe op die spoor geplaas het.

### Opdrag

*Gebruik die volgende werkwoorde in sinne wat die betekenis duidelik laat uitkom:*

ontgroen, onterf, ontrafel, ontsyfer, ontplooi, ontvou, ontklee, ontsien, ontdoen, ontmoedig, ontmasker, ontworstel, ontvlam, ontsier, ontnugter, ontleen, ontkom, onstel.

**Ver-** kom by baie dosyne s.nwe. voor en maak wwe. van hulle: **ver-** + gal = **vergal**, **ver-** + afgod = **verafgo(o)d**. In plaas van te sê: *Hulle maak 'n mens die lewe tot gal of soos gal, kan ons sê: Hulle vergal 'n mens se lewe;* i.p.v. *tot pes of soos pes wees: verpes*, bv.: *Daardie soort mense verpes net die buurt met hulle skindery.*

Dis nie verstandig van een mens om 'n ander te **verafgo(o)d** nie.

Digters **verwoord** hulle gevoelens op treffende wyse.

Moenie altyd gewaagde dinge sê waaroor mense jou kan **verketter** nie.

Hy het spandabel gelewe, nou moet hy sy goedjies een vir een **verpand** om aan die lewe te bly.

In: versand, versuiker, versteen, verslaaf, verkneg, verbaster e.a. het dieselfde waarde.

Soms kan 'n woord met ver- gebruik word om te sê „verander van”, bv. i.p.v. „Die slange begin al hul ou vel afskud en ander kry”, kan ons net sê: Die slange begin al vervel. So sê ons ook: hoenders verveer, donkies (en honde) verhaar, skoene word versool, ons vertaal uit een taal in 'n ander.

Sit ons ver- voor 'n b.nw. (ook telwoord), kry ons eintlik maar dieselfde soort betekenis:

vervuil:	vuil maak of vuil word	versleg:	sleg word
verliedelik:	liederlik(er) word	vererger:	erger maak (of word)
vervaal:	vaal (valer) word	verslap:	slap (slapper) word

So ook: verskraal, verstyf, verflou, verdun, verdik, vervyf (rugby).

## Opdrag

*Vervang die woorde tussen hakies deur afgeleide woorde wat in die volgende sinne sal pas:*

- (a) Hy is 'n baie bekende (vlieg).  
(b) Dit sal net die saak vir hom meer (moeilik).  
(c) Hierdie hoenderhokke (sier) net die hele buurt.  
(d) Die gras is so (dou) dat 'n mens dit nie kan sny nie.  
(e) Die lewe (vlak) en (sand) in so 'n myngemeenskap tot belangstelling in geld en mooi klere.  
(f) Sy gesig is eintlik (wring) van die pyn.  
(g) Ek vrees die gedurige praterij sal hom eerder (moedig) as aanhelp.  
(h) Kan ons nie probeer om sake vir hom 'n bietjie te (maklik) nie?  
(i) Die oubaas dreig om die seun te (erf) as hy met daardie vroumens trou.
- (a) Dis slegte smaak om altyd (klein) van ander mense te praat.  
(b) Ja, Hannie, en as jy nou vanoggend so (borsspeld) en (oorring) hier aankom?  
(c) As hulle hardnekkig weerstand bied, sal ons deur die pas oor hulle (lewe) liggame gaan.  
(d) Deur stelselmatig te werk, (min) 'n mens jou werk met die helfte.  
(e) Nee a, dis mos nie mooi om 'n man so te (wens) nie.  
(f) Jy kan (gryp) teen die wet en teen eerlikheid nie (dek) hou nie; (vroeg) of (laat) word die (oortree) ontmasker.  
(g) Hulle kan darem nie 'n (een taal) Skot (noem) tot opvolger van 'n landdros in so 'n (meng) gemeenskap nie.  
(h) Leer die hond om die hoenders van die werf af te (wild).  
(i) Sy (vors) gestalte dwing by almal agting af.  
(j) Jy hoef jou nie aan sy (dreig) te steur nie; hy slaan nooit nie.

## AFGELEIDE BYWOORDE

In vergelyking met wwe., s.nwe. en b.nwe. het ons maar min byvoegsels om bywoorde te vorm:

-halwe:	pligshalwe iets doen
	argumentshalwe toegee dat dit moontlik so is
	billikheidshalwe iets erken
	gerieflikheidshalwe maar tuis bly (en nie in 'n vol motor saamry nie)
	gesondheidshalwe vroeg gaan slaap
	veiligheidshalwe op 'n afstand bly

menslikheidshalwe nie jou skuldenaars opkeil as hulle dit moeilik kry nie  
 kortheidshalwe nie die notule bespreek nie  
 ordentlikheidshalwe nie op Sondag met 'n oopnekhemp rondloop nie  
 duidelikheidshalwe meer voorbeelde gee  
 volledigheidshalwe 'n saak tot in die allerfynste besonderhede behandel.

**Moenie „om” of „vir” saam met bwe. op -halwe gebruik nie (om of vir pligshalwe). Dis oorbodig en verkeerd.**

**-gewys(e):** trapsgewys(e) tot by 'n moeilike einde vorder  
 stuksgewys(e) die grond omhein  
 broksgewys(e) 'n boek – klaar skrywe  
 speelsgewys(e) (ook spelenderwys)  
 deelsgewys(e) die gewenste inligting bekom  
 deelsgewys(e) die gewenste inligting bekom  
 steelsgewys(e) op 'n Sondag met die fietse gaan baljaar

**Let op die -s- wat ook hier steeds bykom.**

gewys(e) het ongeveer dieselfde waarde as -wys(e).

Dit word nie baie gebruik nie, allermins om nuwe afleidinge te vorm:

**-toe:** agtertoe, vorentoe, boontoe, ondertoe, buitentoe, binnentoe, sohentoe (soontoe), hiernatoe, daarnatoe, waarnatoe, hiertoe, daartoe, waartoe.

**Onthou tog dat „toe” net saam met die soort woorde aanmekaar geskryf word.** By s.nwe. skryf ons die toe los: **skool toe, buiteland toe, ens.**

**-waarts gee die rigting van 'n beweging aan:**

huiswaarts = na die huis se kant toe  
 kerkwaarts = na of in die rigting van die kerk  
 klaswaarts = klas toe (gemaak deftig)  
 voorwaarts = na vore, vorentoe (militêre deftigheid).

**-waarts beteken ongeveer dieselfde as toe by s.nwe., maar is deftig.**

Bywoorde op **-lik** is meestal enigsins deftig van kleur.

**-lik:** geredelik, herhaaldelik, erbarmlik, bitterlik huil, naarstig(lik) soek.  
**-liks:** weekliks (elke week)  
 maandeliks (elke maand)  
 jaarliks (elk jaar; ook bv. halfjaarliks)  
 daagliks (elke dag)  
 kortliks (kortweg, kort gestel)  
 grootliks (in groot mate, erg).

## OEFENINGE

- 'n Sondaar is iemand wat sonde doen of sondig. *Verklaar nou:* 'n woekeraar, 'n drenkeling, 'n verstoteling, 'n verstekeling, 'n woestaard, 'n kruidenier, 'n koetsier, 'n rentenier, 'n afskaffer.
- Hoe noem ons die persoon wat handel dryf, spekuleer, inspekteer, masseer, waarsê, gemartel word, beoordeel, in iemand se guns is?*
- Gee een woord vir die groepie tussen hakies:*
  - Sulke (om intiem te wees) moet 'n mens liewers vermy.
  - Tot my (gevoel van verbaas te wees) het hy geslaag.
  - Jou geleerdheid bring jou tot ('n toestand waarin jy raas).

- (d) My (wat ek erf) is vir my mooi.  
 (e) Jou (wat jy bely om te glo) moet jou sterk.  
 (f) Ek kon sy (gevoel van verleë te wees) op sy gesig lees.
4. Ouer – sy **ouerlike woning** het hy verlaat. *Doen nou dieselfde met:*  
 jeug, kwartaal, periode, departement, hand, broer, gemeente, sinode, kerk, dier.
5. *Gebruik die volgende pare in sinne om die verskil in betekenis aan te dui:*  
 meesteragtig en meesterlik, siekerig en sieklik, grootte en grootheid, wysheid en wysgeid, mors en bemors, styg en bestyg.
6. *Soos die vorige:*  
 praat en verpraat, bespreek en verspreek, beken en erken, verstel en ontstel, begaan en ontgaan.
7. *Wat beteken:*  
 ontkool, ontwater, beëindig, herkies, verkleef, verveer?
8. *Gee een woord vir die groep tussen hakies:*  
 (a) Dit is nie goed om 'n mens te (as 'n (af-)god te beskou) nie.  
 (b) Met die ongeluk het die glas (tot splinters verander).  
 (c) Daardie ondie moet julle (tot niet maak).  
 (d) Nou wil julle hom (die skuld gee), hoewel hy homself gedurig (van die skuld wil losmaak).  
 (e) Dit het my vreeslik (baie pyn veroorsaak).  
 (f) Sal jy jou gedagtes (in woorde bring)?
9. *Gebruik in sinne:*  
 billikheidshalwe, pligshalwe, drupsgewys, steelsgewys, klaswaarts (teenoor klas toe), geredelik, erbarmlik.

## B. SAMESTELLING

Aan die begin van die afdeling oor Afdeling is reeds een en ander oor samestelling gesê. Uit vorige jare se werk weet skoliere al **dat 'n samestelling 'n woord is wat uit meer as een (ander selfstandige) woord saamgestel is: leeslus, perskeboomblaar, weggooilam.** Ons kan hier dus maar na 'n paar soorte begin kyk.

### Soorte Samestellings

#### 1. Twee of meer Naamwoorde

**Damwater** is gewoonlik warmer as **putwater**. (Dis gevaarlik om klein kindertjie naby 'n dam water te laat speel).  
**Sakgeld** is nie vir groot uitgawe bedoel nie. ('n Sak geld is 'n sak vol geld.)  
**'n Stukvat** word in 'n wynmakery gebruik. ('n Stuk vat is net 'n stuk van 'n vat.)  
**Kuddediere** is diere wat in kuddes saamwoon en -wei. ('n Kudde diere is in 'n groep bymekaar.)

Wie kan nou al sê wanneer die twee naamwoorde los staan? Kyk na die volgende:

'n sak patats	drie vragte grond	sewe maande verlof
'n bottel asyn	'n paar stelle tennis	'n kis perskes (maar kisplankes)
drie weke vakansie (maar: die drie-weke-vakansie)		

**As die eerste s.n.w. dus maat of hoeveelheid of omvang aangee, staan dit los van die tweede.**

## 2. Die Byvoeglike en die Selfstandige Naamwoord

Hierdie verbinding lewer in die praktyk weinig moeilikheid op. Normaal skryf ons die b.nw. los, behalwe wanneer dit op grond van betekenis, aksentverskuiwing of funksie as één met die s.nw. beskou moet word. Daar is heel dikwels pare: los en vas, met betekenisverskil:

### Los

Blink leer is blink gevryf.  
Blou boontjies het 'n blou kleur.  
Dis 'n baie groot man.  
My pa drywe 'n groot handel.  
Die hoë veld van ons plaas.  
Die jong kêrel is nie oud nie.  
'n Rooi nek is so gebrand.

'n Wit man is 'n baie liggekleurde persoon.

Die lang wa is nie kort nie.  
Die jong by is pas uit die nes.  
So 'n ou maer merrie is baie lelik.  
Groen voer het 'n groen kleur.

Die seuntjie sit met sy kaal kop in die son en met sy kaal voete in die water.

### Vas

Blinkleer is kunsleer.  
Blouboontjies is koeëls.  
Jy hou jou grootman, nè?  
Die pryse is baie laer in die groothandel.  
Die Hoëveld van Transvaal.  
Die jongkêrel is nie getroud nie.  
'n Engelsman word soms 'n Rooinek genoem.

'n Witman is 'n blanke of (in oordragtelike sin) 'n gawe man.

Die langwa van die wa is stukkend.  
Ratels lewe van jongby.  
Hy het my seer op my maermerrie geskop.  
Hoenders moet ook groenvoer kry; mielies is nie genoeg nie.

Wie is dié kaalkop wat so kaalvoet hier rondloop?

## Opdrag

### 1. Wat is die verskil tussen:

'n skoon veld	en	skoonveld
'n lae veld	en	die Laeveld
'n wit voetjie	en	witvoetjie
suur lemoene	en	suurlemoene
kort horings	en	korthorings
stink blare	en	stinkblare
'n bont rokkie	en	'n bontrokkie?

### 2. Probeer om soortgelyke pare te vind met die volgende as eerste woord: dik, blou, mooi, klein, groot.

### 3. Wat is die verskil tussen:

'n pak goed	en	pakgoed
'n trok vee	en	trokvee
'n dam water	en	damwater
'n stuk werk	en	stukwerk?

Maar daar is nie altyd pare nie.

wildeals	skurwejantjie
geïlsiekte	maltrap.

Let op dat, as die b.nw. in sy predikatiewe vorm by 'n s.nw. kom, dit dan altyd aaneen met die s.nw. geskryf word:

laagwater en hoogwater  
(laagwatermerk en hoogwatermerk)

jonkman en jonkvrou

ligvoet hardloop

'n hoogoord is 'n plek waar yster gesmelt word

'n sleghalter van 'n mens is 'n slegte mens

fransdruive was oorspronklik Franse druive  
 spaansriet was oorspronklik Spaanse riet  
 turksvye was oorspronklik Turkse vye  
 halfaam was oorspronklik 'n halwe aam  
 'n halvesent is die helfte van 'n sent (halwe)  
 oud-studente, oud-ouderling.

### 3. B.nw. plus Twee S.nwe.

Soortgelyk aan die gevalle **blinkleer**, ens., hiervóór, is dié soos:

suur lemoensap (suur sap van lemoene)    suurlemoensap (sap van suurlemoene)  
 wit penswol    en 'n witpensbok.

Ander gevalle soos **witpensbok** waar daar ook nie pare is nie, net die vaste groep, is, bv.:

langasemprinkaan	rooilipnooientjie	kortsnoetvarke
ou-ooi-maniere	dikkopskape	langtand-eterj.

Hier is dit dus: (b.nw. + s.nw.) + (s.nw.).

Die betekenisverhouding en spelling bly dieselfde as hiervóór indien die eerste woord 'n telwoord in plaas van 'n b.nw. is:

drietandvurke (vurke met drie tande elk)  
 viergellingblik (blik wat vier gellings hou)  
 tweeverdiepinghuis (huis met twee verdiepings)  
 'n drieduimstuk (stuk van drie duim)  
 'n tweedisselboomkar (kar met twee disselbome)  
 sewemylslaarse  
 cenloopgewere.

### 4. S.nw. en B.nw.

Hierdie verbinding omvat veral twee soorte: **vergelyking-samestellinge en intensiewe**. Die vergelykende is egter ook maar 'n manier om uitdrukking te gee aan 'n hoë graad, sodat dit nie nodig is om nader te onderskei nie. **Dié gevalle word steeds aanmekaar geskryf**. Die gewones soos **galbitter, bloedrooi en pikswart** moet al bekend wees, sodat hier alleen 'n klompie minder gewones gegee hoef te word:

peperduur	penorent	aalwynbitter
pocdelnaak	neutvars	rietskraal
plankdun	hondmak	pekelsout

pickfyn is baie netjies of goed  
 ragfyn is baie fyn, soos 'n spinnerak  
 haarfyn is in fyne besonderhede  
 silwerskoon is baie skoon, nie vuil nie  
 beeldskoon is baie mooi, soos 'n mooi beeld  
 wonderskoon is wonderlik mooi, soos die natuur.

**(Onthou tog dat samegestelde woorde altyd as een woord geskryf word!)**

Hierdie soort samestelling word so baie gebruik dat veral die gewones nie altyd meer as intensief genoeg aanvoel word nie. Dan word die eerste lid dikwels herhaal:

brand-brandarm	pik-pikswart	pot-potblou
as-asvaal	spek-spekvet	piek-piekfyn;

of daar kom nog 'n woord by:

ys-sneekoud  
pap-sopnat

stok-horingoud  
stoksiel-saligalleen.

Daar word nog steeds nuwe samestellinge so gevorm, maar meestal moet ons ons maar van 'n vergelyking met „soos” bedien om 'n nuwe vergelyking uit te druk. 'n Mens kan wel sê: „Hy sit daar **meerkat-regop**”, maar dis tog 'n bietjie gedwonge: „. . . **so regop soos 'n meerkat**” is normaler. Buitendien kan so 'n samestelling moeilik juis meer as twee, drie elemente verenig, sodat 'n vergelyking met meer dele maar weer na die bysin of woordgroep moet gryp:

Hy lyk soos 'n weesapie by 'n rivier in die winter.

Hy lyk soos 'n hond wat in die nanag op 'n uitspanning agtergebly het.

## 5. Bywoord en Werkwoord Los of Vas

Soos daar by b.nw. + s.nw. soms verskil in betekenis tussen 'n los en 'n vaste paar is, is dit soms by die bywoord (en die voorsetsel) en die werkwoord:

Af gaan en nie op nie.

Nie so **hard loop** nie,  
die mense slaap.

Afgaan na onder.

**Hardloop** maar.

**Mooi praat** soos 'n opgevoede mens. **Mooipraat** om slae te voorkom.

In die tuin in **loop**, nie buite nie. Iemand **inloop** (flous, bedrieg).

Moet die goed **agter kom of voor**? Iets **agterkom** (gewaar, uitvind).

Jy moet daar **voor keer**, nie hier agter nie. Ons sal hom **voorkeer** as hy hierlangs kom.

Kan die seuns maar **agter staan**, of moet hulle **voor sit**?

Niemand wil tog **by sy bure agterstaan** nie. Voorsit by 'n vergadering (as voorsitter optree).

Jy is te swak, jy kan hom **nie ondersit** nie. Kan ons maar hier **onder sit** tot die son ondergaan?

Hy laat hom nie **voorskrywe** wat hy moet doen of laat nie. Jy moet **net voor skrywe**, kêrel, nie agter ook nie.

Teen die lyn **af loop**. Drade of grense op plase **afloop**.

Haal jou hoed af as jy by 'n huis **binnekom**. As jy **binne kom** (= binne is), sal jy sien daar is een deur regs en twee links.

Jy moet mos die moer **so om draai**, kêrel. As dit reën, sal ons moet **omdraai**.

As algemene reël kan gesê word dat, wanneer in sulke verbindings die eerste lid 'n voorsetsel of 'n bywoord is, dit aaneen met die ww. geskrywe word tensy, soos hierbo, daar betekenisverskil kan wees tussen vas en los.

## Opdrag

*Maak volsinne (mondeling) met die volgende, sodat die betekenisverskil tussen elke paar duidelik uitkom:*

daar opsit

en daarop sit

hoër opsit

en hoër op sit

laer afsit

en laer af sit

daar (hier) opkom

en daarop (hierop) kom

hier (daar) inloop

en hierin (daarin) loop

daar (hier) oplet

en daarop (hierop) let

daar (hier) opstaan  
stadig aanstap  
stil wegvat  
hier (daar) voorgee  
onder aansit  
onder deurloop  
daar (hier) oploop  
reg afsny

en daarop (hierop) staan  
en stadigaan stap  
en stilweg vat  
en hiervoor (daarvoor) gee  
en onderaan sit  
en onderdeur loop  
en daarop (hierop) loop  
en regaf sny.

## Waarde en Funksie van Samestellinge

In die afgelope twintig, dertig jaar is daar duisende nuwe samestellinge gemaak of in gebruik geneem om in nuwe behoeftes te voorsien. Op sportgebied het ons bv. **heelagter**, **vervyfskop**, **setperk**, **tweebalwedstryd**; op die gebied van die masjinerie bv. **vonkprop**, **uitlaatklep**, **ratkas**, **stootskraper**, ens. Hier is 'n paar voorbeelde, hoofsaaklik dié wat samestellinge is: **boorlap** (boracic lint), **karbolsalf** (carbolic ointment), **skoonheidsmiddels** (cosmetics), **hoestablet** (cough lozenge), **haarwasmiddel** (shampoo), **smeergoed** (embrocation), **stofbril** (goggles).

## Opdrag

### 1. *Wat is die Afrikaans vir die volgende?*

aerial (by radio), bargain (s.nw. en ww.), blind (s.nw. en ww.), cartoon, drawing-pin, exchange (by poskantoor), globe, hallstand, homer (duifsoort), icing-sugar, idle (van 'n motor), indelible pencil, initials (s.nw.), switch, magazine, mantel(piece), overall, pedigree, pull-over, scone, scribbler, speedometer.

*Hoeveel van die volgende woorde wat in Deel I van die groot Afrikaanse Woordeboek voorkom, ken julle? Slaan hulle daar na:*

armmansbaadjie, aspersiebotter, bestelmonster, bladkleurstof, blitspatroliemotor, boerelawaaiwater, bontkopkorhaan, buitelanders, buitelugskool.

Samestelling is een van die belangrikste metodes en middels om nuwe dinge mee te benoem, en om woorde te bespaar. Die ander middel is afleiding. Doen nou die volgende oefeninge.

## Opdrag

### 1. *Skryf die volgende sinne oor, maar vervang die woorde tussen hakies deur minder woorde wat so na as moontlik dieselfde betekenis sal hê, bv. so:*

Die arme mense moes (gedurende verskeie jare) (elke maand) R18 betaal (vir die huur van 'n huis).

Die arme mense moes **jare lank maandeliks R18 huishuur** betaal (10 i.p.v. 17 woorde). (Ter wille van die veiligheid) (volg ons die gewoonte om) wanneer ons weggaan (om vakansie te hou) die krag af te slaan.

**Veiligheidshalwe** slaan ons gewoonlik wanneer ons **met vakansie** gaan, die krag af (12 i.p.v. 21 woorde).

Ons kan dus verkort deur samestellinge of afleidinge of woorde met voorsetsels daarby te gebruik.

### 2. *Verkort nou die volgende sinne op die wyse soos bo geïllustreer.*

(a) Ons sal nie voor (die son onder is) (by die huis) wees nie.

(b) Hulle woon (aan die oorkant van) die straat.

- (c) Ons kan iemand (vir 'n tydjie) by ons (in die huis laat woon), maar sodra die kinders weer tuis is, het ons al die vertrekke nodig.
  - (d) (Ter wille van die vrede) moet 'n mens maar soms 'n bietjie toeskietlik wees.
  - (e) Spykers wat (van die roes aangeslaan) is, is (sonder enige waarde) vir nuwe bouwerk.
  - (f) Om (met die oop mond) te eet, is (nie mooi maniere nie).
  - (g) Ek glo nie jy kan dit (as jy billik wil wees) van hom verwag nie.
  - (h) Ons kan hom gaan spreek, maar hy is (nie 'n man wat kop gee nie) en ek (is bevrees) ons sal (sonder dat iets uitgerig is) terugkom.
  - (i) By ons op die dorp woon drie (mense wat honderd jaar oud is).
  - (j) Dit gaan maar so (dan sit ons, dan sukkel ons).
3. *Soos die vorige oefening:*
- (a) Dit het (op sommige plekke) nogal goed gereën.
  - (b) 'n Mens moet darem ook nie te (vas aan die reëls) wees nie.
  - (c) Tensy 'n mens daaraan gewoon is, smaak die brakwater vir jou (sommers vreeslik sout).
  - (d) Ek sou nie sê dié hond is (soos 'n riet so skraal) nie.
  - (e) Julle sal sonsteek kry as julle so (met julle kaal koppe) rondloop.
  - (f) Alles wat in die huis was, is (tot as en kool verbrand).
  - (g) Op 'n mens se ou dag kom jy maar (met moeite) oor die weg.
  - (h) Ons het maar so (al vallende) in die donker (teen die berg af) probeer kom.
  - (i) Hulle sit lekker (met hulle bene lank voor hulle uitgestrek) op die gras in die son.
  - (j) Die rente moet (al om drie maande) betaal word.

### Aaneenskryf van Samestellinge

In stelwerk verloor leerlinge baie punte deur samestellinge verkeerd te skryf. „Verkeerd” beteken hier „los”. In Afrikaans skryf ons alle samestellinge altyd aanmekaar, d.w.s. vas, aaneen of met 'n koppelteken, maar nooit los nie.

Hier volg enkele van die soorte waarmee dikwels (en onnodig) gesondig word:

**Twee s.nw.:** boekrak, sakhorlosie, glaskas, vensterhoogte, Godsvertroue, syhemp.

**Drie (of meer) s.nw.:** wawielspore, smidswinkel deur, vensterbankhoogte, klerekaslaai, bossieveldvee.

**B.nw. en twee s.nw.;** witvlerkspreeu, soetdoringpeule, rooikatkleintjies, rooibostee.

**Ww. en s.nw.:** stapwedstryd, uitspanplek, hardloopskoene, ophoutyd, koffiemaaktyd, oefenwedloop.

Dit sal die moeite loon om goed op te let na die spelling van sulke gevalle, **want los skryf gooi punte weg in eksamens**. Daarom word hier nou ook 'n middel aan die hand gegee wat 'n mens in baie gevalle kan gebruik om vas te stel of 'n bepaalde meerledige woord nou 'n samestelling is en of dit meer as een woord is. Ons werk maar eers met die volgende vier soorte: **blouboontjies (b.nw. + s.nw.), slagvee (ww. + s.nw.), perskepit (s.nw. + s.nw.) en spierwit (s.nw. + b.nw.)**.

**Die reël is:** *As twee (of meer) woorde op so 'n manier met mekaar saamgaan dat die eerste woord in die verbinding nie meer die buigingsvorme kan kry wat dit as losstaande woord het nie, beskou ons die hele groepie as een woord en skryf ons dit ook aaneen (d.w.s. met of sonder koppelteken, maar nie los nie). Indien die b.nw. as eerste lid van die woordgroep nou nie trappe*

van vergelyking kan kry nie, of die s.nw. nie 'n meervoud of 'n verkleinvorm nie, of die ww. nie ge- of „het” vir die verlede tyd nie, skryf ons die b.nw. of die s.nw. of die ww. aaneen met die volgende woord.

### Voorbeelde

In die sin: „Sy slagvee is op”, het „slag” in die verbinding sy werkwoordelike funksie verloor en word dit aanmekaar geskryf met die volgende woord „vee”. Vergelyk ook:

fluisterstem	spreekbeurt	woonbuurt
hakkelgewoonte	weggooilammers	opstaantyd

In die sin: „Hy het op die perskepit getrap”, is die meervoud van perskepit nie *perskespit* nie, maar **perskepitte**. In die samestelling het perske sy vermoë om 'n meervoud te vorm, verloor. Vergelyk ook „klipgeboue” (nie *klippegeboue* nie), **tuinhekke** (nie *tuinehekke* nie), **hoofonderwysers** (nie *hoofdeonderwysers* nie) en dergelike meer.

In die sin: „Die kinders is weer **perdfris**” kan ons nie sê „*perdefris*” of „*perdjiesfris*” nie, d.w.s. in dié verbinding het perd sy buiging verloor. Daarom word dit beskou as één met fris en dan ook so geskryf. Ander van dieselfde soort is bv. **glashelder** (nie *glasehelder* nie), **kerkvas** (nie *kerkevas* nie).

Dié toetse help nie oral nie, maar leerlinge sal al ver kom hiermee.

### Die Koppelteken

Hiervóór is gesê dat samestellinge òf vas òf met 'n koppelteken geskryf word, maar dit beteken nie dat daar nou maar willekeurig oral „gekoppel” kan word nie. Die volgende omvat die vernaamste soort gebruike, ook in ander gevalle as samestellinge:

1. Gewoonlik tussen twee klinkers wat tot aparte dele van 'n samestelling behoort: **see-eend, wa-as, leeu-aas, na-aap, uie-oes**. (Die Afrikaanse Woordelys skryf tog „veearts”.)
2. In gevalle wat anders dubbelsinnig sou wees: **pronk-ertjie, bye-sel, lok-asie**.
3. Sinne of dele van sinne wat as dele van woorde gebruik word: 'n **wat-weet-sy-daarvan-houding, wag-'n-bietjie-boom, ons-sal-julle-krydreigemente**.
4. 'n Eienaam plus 'n soortnaam: **die Jan Kriel-tehuis, die Hertzskenking**. Aardrykskundige name word gewoonlik *sonder* koppelteken geskrywe: **Malanstraat, Tugelarivier**.
5. Samegestelde titels: **luitenant-kolonel, speurder-sersant, posmeester-generaal**.
6. Herhalingsamestellinge en verbindinge met „-hulle”: **lag-lag, twee-twee, pa-hulle, Piet-hulle**.
7. Ons skrywe altyd **oud-ouderling, oud-skolier, vise-president; maar: ondervoorsitter, erevoorsitter**.

## OEFENING

*Vorm samestelling met die volgende woorde en let veral op die spelling:*

druive + oes; nag + aap; loog + as; eende + eiers; na + trossies; slot + e;  
stel + arm; wa + wiel + ore; (om) + tien + uur; Suid + Afrika; koring + arc;  
spek + skieters; uie + oes; vis + aas; suur + veld + gewasse; spat + arc;  
Heks + rivier + berge; Sir + Lowry + pas; St. + George + straat.

### Verbindingsklanke

Nog 'n moeilikheid wat by samestelling voorkom, is die onsekerheid oor -s- of -e- (ens.) of niks tussen die dele van die samestelling:

verjaardag of verjaarsdag                      beddelaken of bedlaken

Reëls is sowat onmoontlik, en te moeilik. Hier volg nou 'n groepie voorbeelde met s:

mou + gat	= mousgat
knoop + gat	= knoopsgat
broek + knoop	= broeksknoop
dood + beendere	= doodsbeendere
siel + angs	= sielsangs
kind + been	= (van) kindsben (af)
vrede + taak	= vredestaak
distrik + raad	= distrikraad
volk + groep	= volksgroep
afdeling + bestuurder	= afdelingsbestuurder
bruid + kock	= bruidskock (-skleed)
toevlug + oord	= toevlugoord
wil + krag	= wilskrag
maan + verduistering	= maansverduistering.

**Onthou:** *Samestelling word as een woord geskrywe!*

By die gevalle met s moet ons daarop let dat daar woorde is wat blykbaar altyd met 'n s saamstel (kan jy bv. een enkele samestelling met *volk* opnoem sonder s?); ander wat met of sonder s saamstel (bv. badkamer of badskamer); en ander wat sonder enige verbindingsklank saamstel (bv. kamerjas, streektaal). Let maar op die gebruik by goeie skrywers en in goed geredigeerde blaaië – en waak teen die alte kwistige gebruik van die s as verbindingsklank.

*Gevalle met -(e)n(s)- tussen die dele*

eet + tyd	= etenstyd
gewete + wroeging	= gewetenswroeging
kop + ent	= koppenent
voet + ent	= voete(n)ent
lewe + taak	= lewenstaak
sterwe + uur	= sterwensuur
jonge + skool	= jongenskool (een s)
groot + deels	= grotendeels
meer + deels	= merendeels
slaap + tyd	= slapenstyd (of slaapytd)
noem + waardig	= noemenswaardig.

### *Gevalle met -e- tussen die dele*

siel + leed	= sieleleed
kat + kwaad	= katekwaad
hel + vaart	= hellevaart
saak + brief	= sakebrief
speld + kussing	= speldekussing
lip + taal	= lippetaal
pen + stryd	= pennestryd
brief + bus	= briewebus
kreef + gang	= kreeftegang

**Onthou:** Samestelling word altyd as een woord geskrywe!

## C. SAMESTELLEDE AFLEIDING

By party woorde kry ons sowel samestelling as afleiding. In die voorafgaande bladsye verskyn talle voorbeelde, maar duidelikheidshalwe noem ons ons 'n paar:

kleinsierig (klein + seer + -ig)
lighoofdig (lig + hoof + -dig)
vlugvoetig (vlug + voet + -ig)

## D. NUWE SKEPPINGE

Woorde wat deur samestelling, afleiding of samestellende afleiding gevorm word, is natuurlik almal nuwe woorde. Die ontwikkeling op wetenskaplike en tegnologiese gebied het gedurende die afgelope jare *die vorming van nuwe woorde verhaas*. Navorsing oor die lugvaart, ruimte-reise, atoomkrag, ens. het 'n menigte nuwe begrippe na vore gebring. Vir nuwe uitvindings moes nuwe woorde gevind word.

Sommige nuwe woorde het spontaan in die volksmond ontstaan; ander is deur joernaliste, koerantredakteurs en taalkundiges „gemaak”.

Hierdie nuwe skeppinge is besonder interessant en die raakheid en pittigheid van sommige laat jou dikwels verbaas staan. Wie ken die volgende?

'n foonsnol (call girl)	kreukelvry	'n toeterbuffel
'n prikkelpop	blitspatrollie	'n stoofpypbroek
straaljagters	'n ritteldans	'n kleefbroek
'n klopjag	'n kunsmaan	'n duimryer

Die volgende lysie nuwe skeppinge behoort julle te ken:

wentelbaan	gleufmasjien
verslaafmiddels („drugs”)	lokfilm („trailer”)
fortuinhou („hole-in-one”)	nuusfilm
botel ('n hotel op water)	selfbedieningswinkel
spookasem („candy floss”)	braaihoekie („barbecue”)
koffiefliek („cafe bioscope”)	'n osbraai
kramdrukker („stapler”)	kultoertjie („trick”)
klimtol („yo-yo”)	gruwelmuseum („chamber of horrors”)
bêrekoop („lay-by”)	roereier
snoepwinkel („tuck shop”)	vonkelwyn

Die volgende nuwe skeppinge staan in verband met:

(a) Sport

geldrugby, vertoonrugby	pypkan
skephou, lepelhou (tennis)	steelkant
vlugbal (tennis)	goëlbal (krieket)
boerpot („jack-pot”)	sweetpak

(b) Motors

wrakwerf, skrootwerf („scrap-yard”)	luier („to idle”)
muggiemotor („midget car”)	rybewys
paneelkissie	padwaardig
masjienkap	ruitveër
domp („dim”)	snelweë

(c) Benaminge

padbuffel	verhoogpop („show girl”)
fratsryer	ontkleedanser
prikkelpop	grypdief
babawagter	tamboernooi

In Hoofstuk 11 verskyn onder LEENGOED 'n lys Afrikaanse woorde vir Engelse begrippe. Baie van hierdie woorde is nuwe skeppinge wat leerlinge gerus weer kan nagaan.

## E. VOLKSETIMOLOGIE

Daar bestaan by baie mense 'n neiging om vreemde en onverstaanbare woorde só te vervorm dat hulle 'n verstaanbare klank kry. Die vreemde word dan minder vreemd.

koperkapel (cobra di cappello = die kopere met die hoed op)

blaasbalk (oorspr. blaasbalg; balk = sak, dus: blaassak)

liddoring (oorspr. likdoorn; lik = lyf)

sonvloed (oorspr. sinfluot = groot vloed)

olie-kolonie (eau-d'cologne)

Martjie Louw (martial law)

wonderliksens (wonder essence)

bromkatjies (bronchitis)

kos-my-niks (cosmetics)

perlemoen (oorspr. perlemoer = moeder v.d. pèrel)

baiesukkel (bicycle)

Dit is onwaarskynlik dat ons in die toekoms baie van hierdie soort woorde sal bykry. Namate ons opvoedingspeil styg, verdwyn die neiging om vreemde woorde te verdraai. Ook moet ons onthou dat woorde soos **spietkop** (speed cop), **bromkatjies**, **baiesukkel**, **wonderliksens**, **kos-my-niks** en **Martjie Louw** nie as algemene Afrikaans erken word nie.

## F. KLANKNABOOTING

Daar is 'n aantal Afrikaanse woorde wat min of meer daarin slaag om bepaalde **klanke** voor te stel of na te boots. Ons noem hierdie verskynsel

**klanknabootsing.** Woorde wat op hierdie manier ontstaan het, is die volgende:

toktokkie	'n piet-my-vrou (voël)
'n tinktinkie	woer-woer
'n kwêvoël (slegs die eerste gedeelte)	'n dirkdirkie (soort voël)

Nog 'n paar voorbeelde:

Haar skêr **girts** deur die linne.  
Karlplaks! val die boeksak op die grond.  
Die vliegtuig se straalmotore **ronk**.

## OEFENINGE

1. *Vorm samestellinge met die volgende groepe woorde:*  
perd en stal; gees en wroeging; mens en leeftyd; lid en tal; groot en deel; verstand en kies; weerstand en vermoë; siek en kamer; blind en tehuis; sluiting en dag; offisier en vergadering; lewe en taak; roeping en plig; stigting en vergadering; mol en hoop; tand en pasta; wolk en massa; verstand en toets; begrip en vermoë; vrede en tyd; kind en afdeling; meisie en skool; siekte en verlof; kalf en liefde; ou en man en tehuis; dame en klere; sterf en moeg; navolg en waardig.

(Let op die spelling.)

2. (a) *Vorm sower moontlik twee samestellinge elk met die volgende groepe woorde, en (b) verduidelik die verskil in betekenis waar twee gevorm word, bv., ses + duim + spykers:*  
= (a) ses duimspykers is duim- of drukspykers, ses daarvan, òf:  
= (b) sesduimspykers; spykers wat ses duim lank is.

*Doen nou die volgende:*

- groot + haël + patroon; klein + vee + boertjie; drie + voet + lengtes; plat + dak + huis; karring + melk + poeding; pad + motor + diens; hare + was + middel. (By 'n hele paar was net een vorm moontlik, nè?)
3. *Sê met duidelike volsinne wat die verskil in betekenis tussen die volgende pare is:*  
stalperde en perdestal; 'n bak brood en 'n broodbak; 'n emmer water, emmerwater en 'n wateremmer; 'n druppel water en 'n waterdruppel; vyf randnote, vyfrandnote, en vyf pond neut; 'n boeksak, 'n sakboek en 'n sak boeke; skoenpunte en puntskoene; kraalbeeste, beeskrake en 'n kraal beeste.
4. *Verkort die volgende sinne deur die woorde tussen hakies te vervang deur minder woorde wat so na as moontlik dieselfde betekenis het:*  
(a) Ek probeer al lank om (per telefoon) met hom in verbinding te kom.  
(b) As jy (van die regte gesindheid) is teenoor hom, sal jy hom nie so oor alles kwalik neem nie.  
(c) Hy kan miskien die saak vir jou (makliker maak) deur (so een of twee) verduidelikings.  
(d) Wil julle (wat daar buite is) dan nie binnekom nie?  
(e) Julle sal nie anders as (die een agter die ander) deur die ou smal (voetpaadjie deur die bos) kan loop nie.  
(f) Die vliegtuig het net so (dat dit wou-wou raak) oor die bome heen gekom.
5. *Vervang die woord tussen hakies deur afleidinge of samestellinge van die vetgedrukte woorde:*  
(a) Die testament bepaal dat die (lank lewe) alles kry.  
(b) Wie sou die (man wat voorsit) wees?  
(c) (Rokke met valletjies) is nie meer (in die mode) nie.  
(d) Jy moet darem leer om jou woede te (teuel), hoor.  
(e) Jy moet nou (op hierdie oomblik) maak dat jy wegkom.  
(f) Hy was werklik 'n (held) mannetjie.

- (g) Die ouers het die (**hart verskeur**) nuus van hulle seun se dood (per **telegram**) ontvang.
- (h) (Mense wat siekes **verpleeg**) word volgens (**vasstel**) loonskale betaal.
- (i) Baie mense het (**besware** van die **gewete**) teen oorlog.
- (j) Ek wil die (**finansies**) verslag hoor om die (**staan**) van sake te kan weet.
6. *Soos die vorige oefening:*
- (a) Die spreekwoord lui: „(**Gedoen**) sake het geen keer nie.”
- (b) Nee, hy was nie (**skink**) nie, maar darem (**waggel**).
- (c) Op (**aandring**) van die skoolhoof het die onderwyser besluit om sy (**aftree**) 'n bietjie uit te stel.
- (d) Die (**os met wit pote**) daar voor trek mos lekker.
- (e) Die (**moord doen**) bende pleeg geweld en berooft ryk (**manne wat sake doen**) net waar hulle kan.
- (f) Daardie oop gat is (**gevaarlik** vir die **lewe**); dit behoort toegegooi te word.
- (g) Is dit (volgens die (**menslike**) **natuur**) om so lank 'n (**wreek**) teen iemand te koester?
- (h) Dis ('n **skandaal**) so baie as wat 'n mens (in die **teenswoordige** tyd) vir (**bog**) ou artikeltjies moet betaal.
- (i) Die Bybel maan ons om dag en nag (**arbeid**) te wees.
- (j) Mag, maar jy is (**klein seer**).

## HERSIENINGSOEFENINGE

### i.v.m. Woordvorming

1. *Gebruik mondeling in sinne:*  
 musiekleerlinge en musikale leerlinge, geskiedenis-kamer en geskiedkundige kamer, sportmense en sportiewe mense, 'n Engels-onderwyser en 'n Engelse onderwyser.
2. *Vorm selfstandige naamwoorde van die volgende werkwoorde deur die stam te verander:*  
 ry, vlieg, sny, vind, skiet, slaan, wreek.
3. *Vorm persoonsname van:*  
 aankom, beoordeel, soeker, slim, kanon, rente, wreed, woens, produseer, agiteer, propaganda, ideaal, materie, blom, psalm. (Weet jy wat die gevormde woorde beteken?)
4. *Vorm abstrakte selfstandige naamwoorde van die volgende:*  
 raas, slaaf, gehag, geneig, geneë, verlate, beskeie, intiem, musikaal, verwoes, belese, bekrompe, vervreem.
5. *Gebruik mondeling of skriftelik in sinne:*  
 mors, bemors, en vermors; plant, beplant en verplant; beken, herken, erken, ontken en verken; belê en verlê; begaan, vergaan en ontgaan; bestel, herstel, ontstaan en verstel; saai en besaai; speel, bespeel en verspeel; klim en beklim.
6. *Ouer – die ouerlike woning.*  
*Vorm nou byvoeglike naamwoorde van die volgende woorde en plaas passende selfstandige naamwoorde agter hulle (en gebruik dan mondeling in sinne):*  
 jeug, ouer, kind (2), man (2), vrou (2), departement, parlement, minister, eer (2), eet, buig (2), verander, aanstoot, week, kwartaal, huis, mens, dier, skool, slaaf, meester (2).
7. *Soos die vorige:*  
 stad, land, geld, hartstog, temperament, hart, grond, moed, vrees, ornament, indiwidu, professor, kritiek, musiek, verstand (2), gee (2), gees (2), klas.
8. *Soos die vorige:*  
 Indië, Asië, Pole, Brasilië, Japan, Kanada, Skotland, Denemarke, Swede, Portugal, Moses, Napoleon.
9. *Soos die vorige:*  
 vergaan, eet, rus, beweeg, afsien, besmet, oorgaan, arbeid, praat, swyg, herberg, verander, straf, opkom.

10. *Toon deur middel van sinne die verskil tussen:*  
groot man en grootman, lang wa en langwa, maer merrie en maermerrie, kaal kop en kaalkop, mooi praat en mooipraat, al te en alte, soet lemoene en soetlemoene.
11. *Vorm samestellinge van:*  
hout en kool, kop en ent, meisie en skole, dame en skoene, kreef en gang, lip en taal, lip en stiffie, kat en derm, kat en kwaad, siel en stryd, siel en tal, lam en vleis, lam en vanger, kind en been, kind en skoen, sterf en uur.
12. *Baie, baie wit is spierwit.*  
*Doen nou dieselfde met:*  
vars, sout, regop, reguit, oop, toe, wakker, sterk, swak, mak, skraal, lelik, skoon (2), fyn (3), nat, droog.

I.v.m. woordvorming kan 'n mens baie addisionele werk soos die volgende doen:

13. *Soek voorbeelde van afleidinge en samestellinge in jou leesstof of in 'n woordeboek.*
14. *Daar word baie taalfoute met die skryf van samestellinge begaan. Soek sulke taalfoute en verbeter hulle 'n paar keer.*
15. *Kyk wie die meeste samestellinge met woorde soos man, vrou, kind, vader, moeder ens. kan vorm en die meeste afleidinge met voor- en agtervoegsels soos be-, ont-, ver-, aarts-, wan-, en -baar, -aard, -lik, -ig, en -erig.*